# DIE VERKENNING VAN BUFFER- EN RISIKOFAKTORE WAT 'N ROL SPEEL IN DIE ONTWIKKELING VAN GEHOORGESTREMDE KLEUTERS

deur

**MARIKE ROUX**

Studentenommer: 4187 7861

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER DIACONIOLOGIAE**

**RIGTING: SPELTERAPIE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER: MEV. BEATRIX JANSEN VAN RENSBURG**

FEBRUARIE 2011

# VERKLARING

STUDENTENOMMER: 41877861

Hiermee verklaar ek dat, *Die verkenning van buffer- en risikofaktore wat 'n rol speel in die ontwikkeling van gehoorgestremde kleuters,* my eie werk is, en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

................................................................ ......17-01-11..........

HANDTEKENING DATUM

(Marike Roux)

# VERKLARING DEUR TAALVERSORGER

Hiermee verklaar ek dat ek die taalversorging vir die studie, *Die verkenning van buffer- en risikofaktore wat 'n rol speel in die ontwikkeling van gehoorgestremde kleuters,* deur Marike Roux (41877861), behartig het.

HANDTEKENING



DATUM

08/02/2011

(Henk Hagen)

BA (Regte) (Universiteit van Stellenbosch)

Nagraadse Diploma in Vertaling en Tolking (Universiteit van Stellenbosch)

Kontakbesonderhede:

Tel.: 073 1666314

E-pos: henkhagen@gmail.com

# OPSOMMING

## DIE VERKENNING VAN BUFFER- EN RISIKOFAKTORE WAT ’N ROL SPEEL IN DIE ONTWIKKELING VAN GEHOORGESTREMDE KLEUTERS

Die doel van die studie is om buffer- en risikofaktore te verken wat ’n rol in die ontwikkeling van gehoorgestremde kleuters kan speel.

Gehoorgestremde kleuters presenteer met ’n gehoorverlies, wat hul van normaalhorende kleuters onderskei. Tog beskik alle kleuters oor primêre behoeftes. Lewenskwaliteit word verbeter deur behoeftevervulling, wat die ontwikkelingsproses beïnvloed. Hierdie behoeftes word vervul deur die kleuter, asook faktore vanuit die omgewing.

’n Literatuurstudie is onderneem as teoretiese raamwerk, wat teorieë omtrent die omgewing en behoeftes, buffer- en risikofaktore en kleuterontwikkeling insluit. Data is vanuit ’n kwalitatiewe benadering ingesamel deur semi-gestruktureerde onderhoude en ekokaarte saamgestel deur ouers van gehoorgestremde kleuters. Kontrolering en integrering van data het deur triangulering geskied. Buffer- en risikofaktore binne kleuters self, die gesin en die breër gemeenskap is verken. Die studie is verkennend en beskrywend, en toegepaste navorsing is gebruik. So is gevolgtrekkinge en aanbevelings gemaak om toepaslike ondersteuning aan ouers van gehoorgestremde kleuters te bewerkstellig.



**Sleutelterme: Gehoorgestremdheid; Ekosistemiese Teorie; Gestalt-veldteorie; Behoeftes; Kleuterontwikkeling; Buffer- en Risikofaktore; Ekokaart; Kwalitatiewe Navorsing**

# SUMMARY

## EXPLORING THE RISK AND PROTECTIVE FACTORS THAT CONTRIBUTE TO THE DEVELOPMENT OF HEARING-IMPAIRED TODDLERS

The aim of the study is to explore the protective and risk factors that may contribute to the development of hearing-impaired toddlers.

Hearing impaired toddlers present with a hearing loss, which distinguish them from toddlers with normal hearing. However, all toddlers have primary needs. Quality of life is improved by the fulfilment of needs, which influences the developmental process. These needs are fulfilled by the toddler, as well as by factors from the environment.

A literature study was conducted as theoretical framework. This included theories regarding the environment and needs, protective and risk factors, and toddler development. In this qualitative study, data collection was conducted by semi-structured interviews and the compilation of ecomaps by parents of hearing impaired toddlers. Triangulation was used to verify and integrate data. Protective and risk factors were explored within the toddler, the family and the wider community. This study is exploratory and descriptive and applied research was used. In this way conclusions and recommendations were made to provide appropriate support to parents of hearing impaired toddlers.



**Key terms: Hearing impairment; Ecosystemic Theory; Gestalt Fieldtheory; Needs; Toddler development; Risk and Protective Factors; Ecomap; Qualitative Research**

# BEDANKINGS

Dankie aan my ouers vir hul volgehoue ondersteuning en liefde.

Dankie aan Beatrix, my studieleier, vir haar geduld en leiding.

Dankie aan Jaco en Riana, wat gehelp het met afrondingswerk.

Dankie aan Paul en Stan vir jul ondersteuning en bydraes tot die werk.

Laastens, dankie aan my Hemelse Pa vir die krag en deursettingsvermoë.

# VERKLARING OOR GEBRUIKSTAAL

In die konteks van die studie:

(i) word die manlike terme “hy” en “hom” gebruik om lomp stelwyses te vermy en nie om diskriminerend onderskeid tussen geslagte te tref nie.

# INHOUDSOPGAWE


**HOOFSTUK 1: INLEIDING EN OORSIG VAN STUDIE ........ 14**

**1.1 Inleiding ........ 14**

**1.2 Voorafstudie en Rasionaal ........ 14**

**1.3 Probleemformulering en fokus van die studie ........ 17**

**1.4 Paradigma en teoretiese raamwerk, doelstelling, doelwitte, navorsingsvraag en aannames ........ 17**

**1.4.1 Paradigma en teoretiese raamwerk ........ 17**

**1.4.2 Doelstelling en doelwitte van die studie ........ 18**

**1.4.3 Navorsingsvraag en aannames ........ 19**

**1.5 Navorsingsontwerp en metode ........ 19**

**1.5.1 Navorsingsbenadering, soort navorsing en strategie ........ 19**

**1.5.2 Navorsingsmetodologie, prosedure en werkswyse ........ 20**

1.5.2.1 Data-analise ........ 21

**1.6 Hoofstukindeling ........ 22**

**1.7 Impak van studie ........ 23**

**HOOFSTUK 2: TEORETIESE RAAMWERK, GEHOORGESTREMDE KLEUTERS EN DIE WAARDE EN BENUTTING VAN EKOKAARTE ........ 24**

**2.1 Inleiding ........ 24**

**2.2 Teoretiese uitgangspunte as paradigma van die studie ........ 24**

**2.2.1 Teorieë omtrent die omgewing ........ 24**

2.2.1.1 Die Ekosistemiese teorie ........ 24

2.2.1.2 Gestalt-veldteorie ........ 29

2.2.1.3 Integrasie van die Ekosistemiese teorie en die Gestalt-veldteorie ........ 30

**2.2.2 Teorieë omtrent behoeftes ........ 32**

2.2.2.1 Die hiërargie van behoeftes ........ 32

2.2.2.2 Integrasie van teorieë oor behoeftes, Ekosistemiese teorie en Gestalt-veldteorie ........ 33

**2.2.3 Buffer- en risikofaktore ........ 34**

2.2.3.1 Integrasie van buffer- en risikofaktore met teorieë omtrent behoeftes, Ekosistemiese teorie en Gestalt-veldteorie ........ 36

**2.3 Die gehoorgestremde kleuter ........ 37**

**2.3.1 Die algehele ontwikkeling van die kleuter met spesifieke verwysing na die gehoorgestremde kleuter ........ 37**

2.3.1.1 Taalontwikkeling ........ 38

2.3.1.2 Kognitiewe Ontwikkeling ............................................ 40
2.3.1.3 Sosiale en Emosionele Ontwikkeling .......................... 42
2.3.1.4 Fisieke Ontwikkeling .................................................. 44

**2.3.2 Onderrig by die Carel du Toit-sentrum vir gehoorgestremde kleuters............................................................ 46**

**2.4 Ekokaarte ................................................................................ 47**

**2.4.1 Definisie en doel van ekokaarte.......................................... 47**

**2.4.2 Die waarde en benutting van Ekokaarte in die studie .......... 49**

**2.4.3 Ekokaarte en die Ekosistemiese teorie................................ 50**

**2.4.4 Ekokaarte en die Gestalt-veldteorie ..................................... 52**

**2.5 Samevatting ............................................................................ 53**

**HOOFSTUK 3: NAVORSINGSMETODOLOGIE, DATA-ANALISE EN NAVORSINGSBEVINDINGE.............................................................. 54**

**3.1 Inleiding.................................................................................. 54**

**3.2 Navorsingsontwerp .................................................................. 54**

**3.2.1 Navorsingsbenadering ........................................................ 54**

**3.2.2 Soort Navorsing .................................................................. 54**

**3.2.3 Navorsingstrategie .............................................................. 55**

**3.3 Navorsingsprosedure en Metodologie ...................................... 55**

**3.3.1 Literatuurstudie.................................................................... 55**

**3.3.2 Steekproefneming................................................................ 55**

**3.4 Data-insameling en -analise ..................................................... 57**

**3.4.1 Data-insameling .................................................................. 57**

**3.4.2 Data-analise........................................................................ 57**
3.4.2.1 Beplanning vir opneem van data................................. 58
3.4.2.2 Data-insameling en voorafgaande analise ................... 58
3.4.2.3 Organisering van data.................................................. 58
3.4.2.4 Lees en skryf van aantekening..................................... 58
3.4.2.5 Voortbring van kategorieë, temas en patrone .............. 59
3.4.2.6 Kodering van data ....................................................... 59
3.4.2.7 Toets van ontstaande begrip........................................ 59
3.4.2.8 Soeke na alternatiewe verduidelikings ......................... 60
3.4.2.9 Aanteken van inligting ................................................. 60

**3.5 Bevindinge vanuit die data ....................................................... 60**

**3.5.1 Buffer- en risikofaktore binne die ontwikkeling van die gehoorgestremde kleuter................................................................. 61**
3.5.1.1 Bufferfaktore ten opsigte van die gehoorgestremde kleuter ........................................................ 62
3.5.1.1.1 Persoonlikheid ................................................... 62
3.5.1.1.2 Gehoorversterking ............................................. 63

3.5.1.1.3 Persepsies wat kleuters van gehoorversterking het ... 64
3.5.1.1.4 Sosiale vaardighede en gedrag van kleuter ... 65
3.5.1.1.5 Intellektuele vermoëns van kleuters ... 66
3.5.1.1.6 Ontwikkelingsagterstande ... 66
3.5.1.1.7 Die ouers se persepsie van gehoorgestremde kleuters ... 66
3.5.1.1.8 Die kleuter se houding teenoor onderrig ... 67
3.5.1.2 Risikofaktore ten opsigte van die gehoorgestremde kleuter ... 68
3.5.1.2.1 Persoonlikheid ... 68
3.5.1.2.2 Praktiese implikasies van gehoorversterking vir gehoorgestremde kleuters ... 69
3.5.1.2.3 Onverstaanbaarheid en tekort aan taal ... 70
3.5.1.2.4 Traumatiese ervaringe ... 71
3.5.1.2.5 Intellektuele vermoëns van kleuter ... 71
3.5.1.2.6 Ander ontwikkelingsagterstande ... 72

**3.5.2 Buffer- en risikofaktore ten opsigte van die gesin van die gehoorgestremde kleuter ... 72**
3.5.2.1 Bufferfaktore ten opsigte van die gesin van gehoorgestremde kleuters ... 73
3.5.2.1.1 Sterk gesinsverhoudinge ... 73
3.5.2.1.2 Verantwoordelikheid en dissipline van gehoorgestremde kleuters ... 75
3.5.2.1.3 Vaste Roetine ... 76
3.5.2.1.4 Familiebetrokkenheid ... 76
3.5.2.1.5 Finansiële ondersteuning ... 77
3.5.2.1.6 Ondersteuning binne werksomgewing vir gehoorgestremde kleuters se ouers ... 78
3.5.2.1.7 Ondersteuning deur die Sentrum vir die ouers van gehoorgestremde kleuters ... 78
3.5.2.1.8 Ander aktiwiteite waarby ouers van gehoorgestremde kleuters betrokke is ... 80
3.5.2.1.9 Ouers se bewustheid van hul omstandighede ... 80
3.5.2.2 Risikofaktore ten opsigte van die gesin van gehoorgestremde kleuters ... 81
3.5.2.2.1 Gesinsopset ... 81
3.5.2.2.2 Opofferinge en veranderinge ... 83
3.5.2.2.3 Hantering van kleuter by die huis ... 83
3.5.2.2.4 Ouers se persepsies rondom gehoorverlies en hul gehoorgestremde kleuters ... 84
3.5.2.2.5 Finansiële implikasies van gehoorgestremdheid vir die gesin ... 85
3.5.2.2.6 Tekort aan ondersteuning binne ouers se werksomgewing ... 86
3.5.2.2.7 Tekort aan genoegsame tyd ... 87
3.5.2.2.8 Praktiese implikasies van betrokkenheid by die Carel du Toit-sentrum ... 88
3.5.2.2.9 Ouers se selfpersepsie ... 89

**3.5.3 Buffer- en risikofaktore vanuit die breër gemeenskap vir die gesin ........ 89**
3.5.3.1 Bufferfaktore vanuit die breër gemeenskap ........ 90
3.5.3.1.1 Ondersteuning van lede van die gemeenskap ........ 90
3.5.3.1.2 Finansiële hulp vanuit die gemeenskap ........ 91
3.5.3.1.3 Positiewe reaksie van gemeenskap teenoor gehoorgestremde kleuters ........ 92
3.5.3.1.4 Veilige huislike omgewing ........ 93
3.5.3.1.5 Hulp van die staat, mediese fonds en mediese dienste ........ 94
3.5.3.2 Risikofaktore vanuit die breër gemeenskap ........ 95
3.5.3.2.1 Onvoldoende ondersteuning van gemeenskapslede ........ 95
3.5.3.2.2 Negatiewe reaksies van die gemeenskap teenoor die gehoorgestremde kleuter ........ 95
3.5.3.2.3 Gemeenskapslede se persepsies van die gehoorgestremde kleuter se gesin ........ 97
3.5.3.2.4 Onveilige huislike omgewing ........ 98
3.5.3.2.5 Onvoldoende hulp van die staat, mediese fonds en mediese dienste ........ 98
**3.6 Opsomming van bevindinge ........ 99**
**HOOFSTUK 4: ’N INTEGRASIE VAN GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS VIR DIE STUDIE ........ 102**
**4.1 Inleiding ........ 102**
**4.2 Evaluasie van die realisering van doelstelling en doelwitte ........ 102**
**4.2.1 Realisering van doelstelling ........ 102**
**4.2.2 Realisering van doelwitte ........ 102**
**4.3 Evaluasie van beantwoording van die navorsingsvraag ........ 103**
**4.4 Geloofwaardigheid van die studie ........ 105**
**4.5 Opsomming van hoofstukke in die verslag ........ 109**
**4.6 Aanbevelings ........ 110**
**4.7 Tekortkominge van die studie ........ 111**
**4.8 Voorstelle vir verdere navorsing ........ 112**
**4.9 Samevattende stelling ........ 113**

BIBLIOGRAFIE ........ 115
BYLAAG A ........ 127
BYLAAG B ........ 134
BYLAAG C ........ 138
BYLAAG D ........ 140
BYLAAG E ........ 141
BYLAAG F ........ 142
BYLAAG G ........ 144
BYLAAG H ........ 147
BYLAAG I ........ 160

# LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1 - Bronfenbrenner se Ekosistemiese Model .................................. 26

# LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1 - Davies se buffer- en risikofaktore ................................................ 35

Tabel 3.1 – Populasie vir studie ..................................................................... 56

Tabel 3.2 – Opsomming van bevindinge ....................................................... 60

# HOOFSTUK 1:
# INLEIDING EN OORSIG VAN STUDIE

## 1.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk het ten doel om deur ’n voorafstudie en rasionaal ’n inleiding tot die studie te verskaf. Die probleem van die studie word daarna geformuleer en die teoretiese raamwerk, sowel as doelstelling, doelwitte, navorsingsvraag en aannames word bespreek. Die navorsingsontwerp en metode word uiteengesit en die hoofstukindeling word beskryf. Laastens sal die impak van die studie bespreek word.

## 1.2 Voorafstudie en Rasionaal

Gehoorgestremde kleuters se algehele ontwikkeling is beduidend anders as die van normaalhorende kleuters, deurdat hul presenteer met ’n tydelike of permanente verlies van gedeeltelike of alle gehoor in een of beide ore (Children’s Health Encyclopedia, 2003). Die gevolge van hierdie gehoorverlies, soos die toenemende agterstand in die aanleer van taal (The deaf child – Introduction, 2005) onderskei die kleuters verder van normaalhorende kleuters. Klank is deel van die grondslag wat opinies en houdings vorm, en dus ook die wyse waarop persone reageer teenoor ander individue en gebeure in die omgewing (Scheetz, 2001:1). Dus kan gehoorgestremde kleuters in teenstelling met normaalhorende kleuters anders reageer teenoor hul leefwêreld en individue binne die omgewing.

Alhoewel gehoorgestremde kleuters moontlik anders reageer teenoor hul leefwêreld, identifiseer Maslow (1954, 1999) en Max-Neef (1991) primêre universele behoeftes vir alle individue. Maslow se hiërargie van behoeftes (fisiologies, veiligheid, sosiaal, agting en self-verwesenliking) asook Max-Neef se beskrywing van fundamentele menslike behoeftes (behoefte aan bestaan, beskerming, liefderykheid, verstaan, deelname, ledigheid, skepping, identiteit en vryheid) is relevant vir die studie en word in Hoofstuk twee in diepte bespreek.

Bogenoemde behoeftes word nie net van binne die persoon vervul nie, maar ook van buite deur die omgewing, en sal hiërargies prioriteit geniet (Maslow, 1999: 28,168). Hierdie behoeftes sluit aan by kleuters se algehele ontwikkeling. Die

sinvolste algehele ontwikkelingsproses gaan gepaard met die optimale verbetering in lewenskwaliteit, en lewenskwaliteit word bepaal deur die moontlikheid vir persone het om hul fundamentele behoeftes na wense te bevredig (Max-Neef, 1991:16). Daar behoort dus vanuit die omgewing in die fundamentele behoeftes van kleuters voorsien te word om optimale ontwikkeling te verseker.

Net soos vir normaalhorende kleuters, is dit grootliks die gesin wat ’n invloed op die ontwikkeling van gehoorgestremde kleuters het. Die kleuters is in alle opsigte afhanklik van hul ouers (Miriam Webster Dictionary, 2009; Louw, van Ede & Louw, 2001:283,300) en die taak van ouers is om kinders te beskerm, hul selfbeeld te bevorder, hul beweging na selfregulering te ondersteun en uit te beeld, aanmoediging en geleenthede te bied tot groei, en kulturele waardes oor te dra (Davies, 1999:54).

Gehoorgestremde kleuters stel egter bykomende eise aan ouers en sal ’n beduidende invloed op die gesinsdinamika en huislike omgewing hê (Meadow-Orlans, Mertens & Sas-Lehrer, 2003; Meadow, 1980). Die ouers moet nuwe verantwoordelikhede ten opsigte van die versorging van hul gesin aanvaar; ’n verandering wat hul nie noodwendig verwag of op voorbereid is nie (Hintermair, 2006; Bodner-Johnson, 2001) en mag moontlik onbewus wees van spesifieke ontwikkelingsbehoeftes wat op gehoorgestremde kleuters van toepassing is.

Die ouers moet steeds in gehoorgestremde kleuters se behoeftes voorsien binne die veranderende gesinsopset, alhoewel omgewingkontekste van die gesin vanuit ’n ekosistemiese perspektief (Bronfenbrenner, 2004:27-28) en Gestalt-veldteorie (Yontef, 1993:3) ook ’n rol speel. Die omgewing “skep” egter nie die persoon nie, maar moedig die persoon aan om sy volle potensiaal te bereik (Maslow, 1999:178). Omgewingsfaktore soos die ekonomiese status van die land (Suid-Afrika) en ouer-ondersteuning, sal ook ’n rol speel in die ouers se poging om in hul kleuters se primêre behoeftes te voorsien.

Daar mag egter, binne behoeftevoorsiening, faktore wees wat die ouers verhoed om effektief in gehoorgestremde kleuters se primêre behoeftes te voorsien en wat die kleuters se kwesbaarheid vir negatiewe en ongewenste ontwikkelingsuitkomste verhoog (Murray & Brody, 1999:462). Dit word risikofaktore genoem (Goodman,

2007; Buchanan, Flouri & Ten Brinke, 2002; Davies, 1999). Davies (1999:8) onderskei tussen: kind-; ouer/familie- en sosiale/omgewings-risikofaktore. Die risikofaktor-benadering kan waardevol wees vir die verstaan van menslike ontwikkeling, aangesien negatiewe individuele, familie- en omgewings-omstandighede direkte gevolge vir die kind se toekomstige ontwikkeling kan inhou (Bogenschneider, 1996:127).

Ander faktore kan tot die gesonde funksionering van die gesin bydra en kan die bevrediging van kleuters se behoeftes positief beïnvloed (Luckner & Velaski, 2004:87). Dit word bufferfaktore genoem (Goodman, 2007; Davies, 1999), naamlik omstandighede en gedrag wat die moontlikheid van negatiewe of ongewensde ontwikkelingsuitkomste verminder en hulpbronne soos familievaardighede insluit (Murray & Brody, 1999:462).

Ouers kan onbewus wees van positiewe (buffer) of negatiewe (risiko) faktore binne die gesinsverband of die omgewing wat ’n invloed op die vervulling van kleuters se behoeftes kan hê. Dus kan die ouers sonder die identifisering van risikofaktore hul kleuters se ontwikkeling benadeel of faktore wat hul kleuters se algehele ontwikkeling kan bevoordeel, oneffektief aanwend.

Aangesien die navorser self as opvoeder met gehoorgestremde kleuters en hul ouers werk, is die verstaan van ouers binne hul omgewingskonteks en verhoudings met hul kleuters belangrik. Buffer- en risikofaktore wat beduidend in die ontwikkeling van gehoorgestremde kleuters is, is volgens die navorser se kennis nog nie vroeër in praktyk verken nie. Bestaande literatuur fokus in die algemeen op die dinamika tussen dowe kinders en hul gesinne (Sebalt & Luckner, 2007; Luckner & Velaski, 2004; Bodner-Johnson, 2001; Haddock & Zimmerman, 2001; Hintermair, 2000; Calderon, 2000; Pollard & Rendon, 1999) sonder om na spesifieke risiko- en bufferfaktore te verwys. Dowe kinders se emosionele en taalontwikkeling (Rieffe & Terwogt, 2006; Meadow, 2005; Dyck & Denver, 2003; Buchanan *et al.*, 2002; Terwogt, 2000, 2004) word ook binne die sielkundeveld aangespreek. ’n Studie van hierdie aard is dus nog nie voorheen aangepak nie en kan as leemte in die praktyk beskou word. Ingesamelde inligting kan meehelp om die omgewingskontekste van gehoorgestremde kleuters beter te verstaan en kan aangewend word om toepaslike

ondersteuning vir ouers en kleuters te bewerkstellig, ten einde kleuters se ontwikkeling te bevorder.

Vir doeleindes van hierdie studie, is die fokus geplaas op gehoorgestremde kleuters tussen vier en ses jaar oud en slegs met ’n verlies van gehoor as ontwikkelingsgagterstand presenteer.

## 1.3 Probleemformulering en fokus van die studie

Die probleemformulering dien as fondasie vir die navorsingsproses wat volg (Kumar, 2005:41). Primêre behoeftes is universeel tot alle mense (Maslow, 1999:27); dus word daar aangeneem dat gehoorgestremde kleuters ingesluit word. Tog kan hierdie kleuters se ontwikkeling en gesinsomstandighede as uniek anders beskou word. Binne hierdie unieke opset kan buffer- en risikofaktore moontlik ’n invloed op die bevrediging van hul behoeftes en ontwikkeling hê. Hierdie faktore is egter nog nie binne die praktyk verken nie en ouer-ondersteuningsprogramme mag as gevolg daarvan moontlik saamgestel word sonder toepaslike kennis aangaande gehoorgestremde kleuters se omgewingskontekste. Dit kan lei tot oneffektiewe ondersteuning en benadeling van dié kleuters se algehele ontwikkeling. Die verkenning van hierdie faktore binne die praktyk kan lei tot beter begrip vir die ouers van hierdie kleuters asook die samestelling van effektiewe ondersteunings-programme vir beide ouers en kleuters.

## 1.4 Paradigma en teoretiese raamwerk, doelstelling, doelwitte, navorsingsvraag en aannames

### 1.4.1 Paradigma en teoretiese raamwerk

’n Paradigma is geskep deur ’n teoretiese raamwerk voor data-insameling saam te stel (Delport & Fouché, 2005:262), wat konsepte soos buffer- en risikofaktore, kleuters en hul algehele ontwikkeling met spesifieke verwysing na die gehoorgestremde kleuter, spesiale onderrig met spesifieke verwysing na die Carel Du Toit-sentrum, die Ekosistemiese teorie (Bronfenbrenner, 2004) en Gestalt-veldteorie (Yontef, 1993), Davies (1999) se kategorieë van buffer- en risikofaktore asook Maslow (1954) en Max-Neef (1991) se teorieë omtrent behoeftes verduidelik

en beskryf het. Ekokaarte (Bylae F, G en I) is as data-insamelingstegniek verken, verduidelik en die benutting daarvan omskryf. Hierdie raamwerk het gedien as die navorser se lens waardeur die populasie vir die studie tydens data-insameling beskou is (Delport & Fouché, 2005:261). Na afloop van die empiriese ondersoek, is 'n literatuurkontrole gedoen om inligting wat ingesamel is aan nuwe literatuur te meet (Baser, 2006:25).

### 1.4.2 Doelstelling en doelwitte van die studie

In navorsingsliteratuur word 'n onderskeid gemaak tussen doelstellings en doelwitte (Fouché & De Vos, 2005:104). Die doelstelling dui breedweg aan wat die navorser met die studie wil bereik, terwyl die doelwitte die stappe is wat geneem word om die doelstelling te bereik. Die volgende **doelstelling** en **doelwitte** het die studie gerig:

**Doelstelling:**

Die verkenning van buffer- en risikofaktore wat 'n rol in die ontwikkeling van gehoorgestremde kleuters kan speel.

**Doelwitte:**

- Die saamstel van 'n teoretiese raamwerk wat konsepte soos die Ekosistemiese teorie en Gestalt-veldteorie, Davies se kategorieë van buffer- en risikofaktore asook Maslow en Max-Neef se teorieë omtrent behoeftes verduidelik en beskryf. Die ontwikkeling van die kleuter word ook beskryf, met spesifieke verwysing na die gehoorgestremde kleuter. Daar word ook fokus geplaas op die opvoedkundige program wat by die Carel du Toit-sentrum gevolg word. Inligting omtrent ekokaarte as data-insamelingsmetode is beskryf ter voorbereiding van die empiriese ondersoek.
- Die insameling van data (identifisering van buffer- en risikofaktore) verkry vanuit semi-gestruktureerde onderhoude waartydens ekokaarte deur ouers van gehoorgestremde kleuters saamgestel is, asook analise van data aan die hand van Creswell se nege stappe.
- Die kontrolering en integrering van data (literatuurkontrole) deur middel van triangulering. Inligting, soos versamel is tydens die saamstel van die

teoretiese raamwerk en addisionele literatuur as literatuurkontrole, is met empiriese data geïntegreer.

- Maak van gevolgtrekkings en aanbevelings ten einde toepaslike ondersteuning vir ouers en kleuters te bewerkstellig, asook die saamstel van ’n navorsingsverslag.

### 1.4.3 Navorsingsvraag en aannames

Die navorsingsvraag is die baken wat regdeur die navorsingproses die navorsing rig (Maree, 2007:3). In hierdie studie was die navorsingsvraag as volg: Wat is die aard van buffer- en risikofaktore wat ’n rol kan speel in die ontwikkeling van gehoorgestremde kleuters?

Spesifieke aannames wat kon bydra tot die beantwoording van die navorsingsvraag, is gemaak (Fouché & De Vos, 2005:101).

**Aanname 1**: Die buffer- en risikofaktore wat ’n rol kan speel in die ontwikkeling van gehoorgestremde kleuters sal uniek wees tot ’n spesifieke omgewingskonteks, in hierdie geval die konteks van die Carel du Toit-sentrum.

**Aanname 2**: Die verkenning van buffer- en risikofaktore sal ’n groter bewustheid by die ouers van gehoorgestremde kleuters ten opsigte van hul kleuters se behoeftes en ontwikkeling kweek.

## 1.5 Navorsingsontwerp en metode

### 1.5.1 Navorsingsbenadering, soort navorsing en strategie

Die **kwalitatiewe benadering** word gevolg omrede die navorser ’n situasie wil verstaan en analiseer sonder kwantifisering (Kumar, 2005:12). Vanuit ’n fenomenologiese perspektief is verken hoe ouers buffer- en risikofaktore binne gehoorgestremde kleuters se omgewingskontekste uitwys.

Basiese en toegepaste navorsing word onderskei (Kumar, 2005:4). **Toegepaste navorsing** is gebruik, aangesien aanbevelings gemaak is nadat buffer- en risikofaktore verken is ten einde toepaslike ondersteuning vir ouers en kleuters te bewerkstellig. Die studie was **verkennend** en **beskrywend** van aard (Arkava & Lane

in Fouché & De Vos, 2005:105). Buffer- en risikofaktore is deur die saamstel van ekokaarte verken. Inligting is verwerk en daarna is faktore verken en beskryf. Toepaslike aanbevelings is daarvolgens gemaak.

’n Gevallestudie is ’n benadering tot die bestudering van ’n sosiale fenomeen, deur die deeglike analise van ’n enkele of vele individuele gevalle (Kumar, 2005:113). Die **instrumentele gevallestudie** as navorsingstrategie is gebruik (om die sosiale kwessie ter sprake beter te verstaan) met die toepassing van DRA (Deelnemende Refleksie en Aksie)-beginsels (Ebersöhn, Eloff & Ferreira, 2007:137). Die ouers van gehoorgestremde kleuters is gevra om ekokaarte saam te stel wat die verskeie omgewingskontekste verteenwoordig waarin die kleuters funksioneer. ’n Beter begrip is daardeur gevorm (Fouché, 2005:272) omtrent die ouers se persepsie van buffer- en risikofaktore binne hul gehoorgestremde kleuters se omgewing.

### 1.5.2 Navorsingsmetodologie, prosedure en werkswyse

Sekere stappe is uniek tot die kwalitatiewe benadering en lê die navorsingsproses en prosedure uit (Taylor, Wilkie & Baser, 2006:96; Strydom & Delport, 2005:331-332).

Inligtingsinsameling het deur **semi-gestruktureerde onderhoudvoering** (Greeff, 2005:296) plaasgevind, met behulp van **die saamstel van ekokaarte**. Die ouers het ’n vorm met biografiese inligting ingevul ter agtergrondkennis (Bylaag C). Die navorser het die saamstel van ekokaarte aan die deelnemers verduidelik: die deelnemers kon simbole of woorde of tekeninge gebruik om faktore uit die omgewing uit te beeld wat volgens hulle ’n invloed op hul kleuters se ontwikkeling uitoefen (Bylaag E). Alhoewel die navorser slegs as fasiliteerder in die proses opgetree het en die deelnemer as kenner gesien het (Greeff, 2005:296), het die navorser ’n aantal woorde tot haar beskikking gehad om die deelnemer soms in sekere fasette binne die omgewing te rig wat nog nie aangespreek is nie (Bylaag G). Hierdie Deelnemende-Refleksie-en-Aksie-tegniek het deelnemers aangemoedig om inligting te verskaf wat nie op geletterdheidsvlak van deelnemers fokus nie, maar wat verteenwoordiging van idees volgens simbole en tekeninge aangemoedig het (Ebersöhn *et al.*, 2007:136). Een deelnemer het per sessie deelgeneem. Sessies met ouers, wat vanuit die populasie geïdentifiseer is, het voortgeduur totdat

versadiging van inligting bereik is (Taylor *et al.,* 2006:30). Die sessies het by die Carel du Toit-sentrum plaasgevind.

Die universum is enige potensiële persone wat die eienskappe besit waarin die navorser belangstel (Arkava & Lane in Strydom, 2005a:193; Wilkie, 2006:44). Die **universum** het alle ouers van kleuters binne die Kaapse Skiereiland ingesluit.

Die term populasie stel sekere grense aan die eenhede van die studie (Strydom, 2005a:193). Die **populasie** het bestaan uit ouers van gehoorgestremde kleuters binne die Carel du Toit-sentrum, Parow, Kaapse Skiereiland, wat geïdentifiseer is deur die Hoof van Ouerleiding by die Sentrum en die navorser self.

**Nie-waarskynlikheid-seleksie** (Kumar, 2005:177) is benut, aangesien deelnemers beperk was en die grootte van die populasie binne die Kaapse Skiereiland onbekend is (Maree, 2007:177). **Doelgerigte steekproefneming** (Strydom & Delport, 2005:328) is gevolg. Kriteria vir insluiting was:

- Ouers (enkelouers ingesluit) van gehoorgestremde kleuters (4-6 jaar) binne die Carel du Toit-sentrum.
- Persone wat Engels of Afrikaans as spreektaal kan verstaan en kan praat.
- Ouers van gehoorgestremde kleuters vanuit alle kultuurgroepe en beide geslagte kleuters.

#### 1.5.2.1 Data-analise

Die nege stappe van Creswell (in De Vos, 2005:336-339) is as riglyne vir data-analise benut. Ekokaarte en vorms van biografiese inligting is as rekord volgens datums geliasseer om die chronologiese volgorde van gebeure te behou. Daar is oorsigtelik na die hele databasis gekyk deur al die ingesamelde inligting herhaaldelik deur te gaan. Belangrike inligting is uitgelig en verwante inligting ondersoek. Kategorieë en temas is uit die verkrygde inligting verken (Wilkie, 2006:44). Daar is gelet op patrone wat voor die hand liggend voorkom. Die finale stap was die aanteken van inligting in die vorm van 'n tesis, wat uit verskeie hoofstukke bestaan en in so 'n formaat aangebied is dat enige persoon onbekend met die gemeenskap en kulturele opset binne die navorsing, die verslag sal verstaan (Strydom, 2005b:283).

Etiese aspekte soos uiteengesit in die Etiek-aansoekvorm (Bylaag A), was op hierdie studie van toepassing. Alle betrokke partye het toestemming tot die studie verleen (Bylaag B). Die hoof van die Carel du Toit-sentrum het toestemming verleen alvorens die ouerpopulasie van die Sentrum vir navorsingsdoeleindes genader is (Bylaag D).

’n Teoretiese raamwerk en paradigma is saamgestel as konseptuele raamwerk voor die empiriese ondersoek. **Literatuurkontrole** is na afloop van die empiriese ondersoek gedoen (Delport & Fouché, 2005:265). Triangulering het deur middel van literatuurkontrole plaasgevind (Taylor *et al*., 2006:96):

- Die kontrolering van ingesamelde data deur literatuur vanuit wetenskaplike boeke, joernaalartikels, navorsingsverhandelinge en webwerfbronne (Fouché & Delport, 2005:127-129).
- Die benutting van ’n eksterne kodeerder om objektiwiteit omtrent data te verseker.

Die **geloofwaardigheid van die studie** (Lincoln & Guba, in De Vos, 2005:346) is deur die volgende aspekte verseker:

- Die insamel van data totdat versadiging bereik is, om betroubaarheid van data te verseker (Taylor *et al.*, 2006:30).
- Die benutting van ’n eksterne kodeerder (Bylaag E) vir data-analise om die objektiwiteit binne die studie te behou (De Vos, 2005:347).
- Die gebruik van triangulering as kontrole om vas te stel of die data veralgemeen voorgehou kan word (Taylor *et al*., 2006:96).
- Die daarstel van aanbevelings wat vir die moontlikheid van veranderende kontekste en dus veranderende databevindinge sal akkommodeer (Ebersöhn *et al*., 2007:136).

## 1.6 Hoofstukindeling

**Hoofstuk 1** – Inleiding tot studie en motivering vir keuse van studie.

**Hoofstuk 2** – Die saamstel van teoretiese raamwerk wat konsepte soos gehoorgestremde kleuters en hul algehele ontwikkeling, die opvoedkundige program wat by Carel du Toit-sentrum gevolg word, die Ekosistemiese teorie

(Bronfenbrenner, 2004) en Gestalt-veldteorie (Yontef, 1993), Davies (1999) se kategorieë van buffer- en risikofaktore, asook Maslow (1954,1999) en Max-Neef (1991) se teorieë omtrent behoeftes sal verduidelik en beskryf. Inligting omtrent ekokaarte as data-insamelingsmetode word ook ter voorbereiding van die empiriese ondersoek beskryf.

**Hoofstuk 3** – Empiriese ondersoek – beskrywing van die proses en bevindinge vanuit die empiriese navorsing, asook Literatuurkontrole – die vergelyking en kontrastering van bevindinge uit literatuur en kennis met ingesamelde data deur middel van triangulering.

**Hoofstuk 4** – Aanbevelings en gevolgtrekkings van die navorser na afloop van die voltooiing van die navorsingsproses.

## 1.7 Impak van studie

Hierdie studie kan ouers van gehoorgestremde kleuters bewus maak van buffer- en risikofaktore wat 'n invloed op die ontwikkeling van hul kleuters kan hê. Die inligting kan benut word om sinvolle ondersteuning aan ouers van hierdie kleuters te bied. Dit kan van waarde wees vir opvoeders as ondersteuners binne skole vir gehoorgestremde kleuters, asook hoofstroomskole, ten einde beter begrip oor die ouers en gehoorgestremde kleuters te kweek.

# HOOFSTUK 2:
# TEORETIESE RAAMWERK, GEHOORGESTREMDE KLEUTERS EN DIE WAARDE EN BENUTTING VAN EKOKAARTE

## 2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk het ten doel om ’n teoretiese raamwerk as agtergrondkennis vir die empiriese ondersoek saam te stel, ’n beskrywing te bied van die gehoorgestremde kleuter deur binne die perspektief van die gewone ontwikkeling van die kleuter te kyk. Laastens word die waarde en benutting van Ekokaarte verken en beskryf. Binne die eerste gedeelte van die hoofstuk sal ’n paradigma geskep word wat as lens sal dien waardeur die populasie van die studie tydens data-insameling beskou sal word (Delport & Fouché, 2005:261). Die paradigma bestaan uit die Ekosistemiese teorie (Bronfenbrenner, 2004) en die Gestalt-veldteorie (Yontef, 1993), asook Davies (1999) se kategorieë van buffer- en risikofaktore, en Maslow (1954) en Max-Neef (1991) se teorieë omtrent behoeftes. Die teorieë sal verduidelik en beskryf word, en dan met mekaar geïntegreer word.

Die beskrywing van die ontwikkeling van die kleuter, met spesifieke verwysing na die gehoorgestremde kleuter, sal daarna volg. Daar word ook fokus geplaas op die opvoedkundige program wat by die Carel du Toit-sentrum gevolg word. Die laaste gedeelte van die hoofstuk sal fokus op die verkenning en beskrywing van die waarde en benutting van Ekokaarte, aangesien Ekokaarte tydens die data-insamelingsproses benut gaan word.

## 2.2 Teoretiese uitgangspunte as paradigma van die studie

### 2.2.1 Teorieë omtrent die omgewing

#### 2.2.1.1 Die Ekosistemiese teorie


Die Ekosistemiese teorie is gegrond op die stelling dat geen entiteit verstaan kan word deur die entiteit in kleiner gedeeltes te verdeel en dan gedeeltes in isolasie te bestudeer nie (Jordaan & Jordaan, 1998:31). Kleuters moet dus as totale sisteme bestudeer word om ’n geheelbeeld van hul ontwikkeling te kan vorm.

Hierdie totale sisteem sluit dus nie net die ontwikkelende persoon in nie, maar ook die omgewing van ontwikkeling en die interaksie tussen die persoon en die omgewing (Meyer, Moore & Viljoen, 2008; Hook, Watts & Cockcroft, 2002:312). Volgens Bronfenbrenner bestaan die ontwikkelende persoon nooit in sosiale isolasie nie, maar binne ’n unieke sosio-politiese, historiese en ideologiese samestelling (Hook *et al.*, 2002:313). Gehoorgestremde kleuters, met hul eie ontwikkelingsprosesse, sal dus bestaan binne hul eie unieke omgewings, waarbinne die interaksie tussen die kleuters en hul omgewings ’n beduidende rol in hul ontwikkeling sal speel.

Bronfenbrenner (2004:15) identifiseer vier komponente waarbinne die persoon as ’n geïntegreerde ontwikkelende sisteem bestudeer kan word:

- Die **ontwikkelingsproses**, wat afhanklik van die dinamiese verhouding tussen die individu en die konteks is.
- Die **persoon self**, met sy individuele samestelling van biologiese, kognitiewe, emosionele, en gedrags-karaktereienskappe.
- Die **konteks van menslike ontwikkeling**, soos binne die spesifieke sisteme uiteengesit wat ’n invloed op die persoon se ontwikkeling het.
- **Tyd**, wat die verskillende dimensies van tydperke in die persoon se lewe voorstel, soos byvoorbeeld die teenwoordige tyd of ’n historiese tydperk.

Die individuele samestellings van die kleuters moet dus bestudeer word, tesame met die kleuters se unieke kontekste, en die dinamiese verhoudings tussen die kleuters en hul kontekste binne spesifieke tydperke. Hierdie dinamiese verhouding tussen die persoon en die konteks verwys daarna dat die persoon nie bloot deur sy omgewing beïnvloed word nie, maar dat dit ’n wedersydse, groeiende entiteit is wat geleidelik die persoon se sosiale milieu verander (Bronfenbrenner, 1979). Die persoon vorm betekenis uit elke ervaring en skep so sy eie realiteit (Meyer *et al.,* 2008:475). Dus speel gehoorgestremde kleuters se eie karaktereienskappe en persoonlikhede ook ’n rol in die dinamiese verhoudings met hul omgewings, wat bestaan uit hul verhouding met gesinslede, persone by die skool, ensovoorts. Die konteks waarbinne die persoon funksioneer, word in vyf verskillende sisteme verdeel.




**Figuur 2.1 - Bronfenbrenner se Ekosistemiese Model**

- Die **Mikrosisteem** – die onmiddellike omgewing waarin ’n persoon binne ’n gegewe oomblik in sy lewe optree (Oswald, 2008:1; Bronfenbrenner, 2004:11). Die funksionele faktore binne hierdie alledaagse omgewing het ’n direkte invloed op gehoorgestremde kleuters, en kan ’n rol in hul ontwikkeling speel. Hierdie sisteme sal kleuters se gesinne, die funksionering van die gesinne, en die dinamiese verhoudings tussen die kleuters en lede van hul gesinne insluit. Dus is die optrede van gehoorgestremde kleuters teenoor gesinslede nie die enigste bepalende faktor nie, maar ook die optrede en persepsies van gesinslede teenoor gehoorgestremde kleuters. Indien kleuters

op ’n bepaalde tydstip by ’n skool betrokke is, sal die verhoudings met persone verbonde aan die skool en hul maats ook ’n rol in hul ontwikkeling speel. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die kinders se omgewing konstant verander, aangesien die omgewing tydgebonde is en ontwikkelingsveranderinge van dag tot dag plaasvind (Johnson, 2008:3). Dus kan faktore wat binne ’n sekere oomblik in tyd ’n rol in kleuters se lewens speel, vinnig verander.

- Die **Mesosisteem** – ’n stel mikrosisteme wat bydra tot die persoon se ontwikkeling binne ’n sekere ontwikkelingsperiode (Bronfenbrenner, 2004:11). Hier word verwys na die interaksie van mikrosisteme met mekaar. Die ontwikkelende persoon word egter die primêre skakel tussen die verskillende sisteme (McIntosh, Lyon, Carlson, Everette & Loera, 2008:3). Dus sal die aard van die interaksie tussen ouers en onderwysers, wat as mikrosisteem in gehoorgestremde kleuters se lewens funksioneer, moontlik ’n invloed op die ontwikkeling van die kleuters hê. Die spesifieke tydperk in die kleuters se lewens sal bepalend wees vir die mikrosisteme wat in interaksie met mekaar tree. Die mate van invloed wat die mesosisteem op die kleuters se ontwikkeling het, mag binne verskillende tydperke in die kleuters se lewens verskil. Kinders se ontwikkelingsbehoeftes verander egter soos hul groei en ouer word (Louw *et al.*, 2001:3) en dus sal hul verhoudings op mikrosistemiese vlak ook verander.

- Die **Eksosisteem** – Die sosiale milieu buite die persoon se onmiddellike ervaringswêreld, wat nie direk die mikrosisteem beïnvloed nie, maar tog ’n invloed op die persoon se ontwikkeling het (Singal, 2006:242). Dus mag gesinne indirek ondersteuning of druk van sosiale netwerke ervaar wat in interaksie met die gesinsisteem is (Yorgason, McWey & Felts, 2005:302). Aangesien hierdie faktore ’n indirekte invloed op die gesin het, mag die impak van die faktore moontlik nie so duidelik sigbaar vir gesinslede wees nie. Dit is daarom waardevol om binne die studie hierdie faktore te verken en so bewustheid van omgewingsfaktore te verhoog. Faktore soos die werksomgewing van die moeder kan byvoorbeeld ’n positiewe of negatiewe

invloed hê op die manier waarop sy teenoor haar gesinslede optree. Frustrasie wat sy in haar werksomgewing ervaar kan oorgedra word na haar gesin, deurdat sy byvoorbeeld minder geduld teenoor haar gehoorgestremde kleuter toon wat meer aandag van haar verg. So ook kan ’n verhoging in haar salaris finansiële ondersteuning vir die gesin bied, soos byvoorbeeld om die onkoste van ’n skoolfonds vir die kleuter te kan dra.

- Die **Makrosisteem** – die oorkoepelende institusionele patrone van die kulturele aspekte in die samelewing, soos sosiale, opvoedkundige en politiese sisteme, waarvan die mikro-, meso- en eksosisteme konkrete bewyse is (Hook *et al.*, 2002:318). Alhoewel die makrosisteem nie ’n direkte invloed op die gesin het nie, het die makrosisteem ’n invloed regdeur die interaksie van al die ander sisteme met mekaar (Singal, 2006:242). Dus het die makrosisteem steeds ’n beduidende invloed op die kind (Oswald, 2008:1). Sosiale en kulturele druk kan nuwe uitdagings vir die gesin inhou, soos ’n tekort aan openbare vervoer, of vooroordeling vanuit die gemeenskap se oogpunt teenoor gesinne met ’n verskeidenheid probleme (Yorgason *et al.*, 2005:302). Binne die Suid-Afrikaanse konteks kan daar ’n verskeidenheid faktore wees wat die gesinne van gehoorgestremde kleuters positief of negatief vanuit die makrosisteem beïnvloed: die land wat tans in resessie verkeer en die finansiële implikasies wat dit vir die gesinne inhou, die tekort aan toepaslike opvoedkundige instansies vir gehoorgestremde kleuters, of die spoedige ontwikkeling van tegnologie wat dit vir die kleuters moontlik kan maak om te hoor.

- Bronfenbrenner se teorie sluit ook die **Chronosisteem** in. Die chronosisteem is nie noodwendig deel van die vier sisteme nie, maar verteenwoordig ’n tyd-dimensie wat die werking van al die sisteme in die ekologiese sisteem beïnvloed (Johnson, 2008:3). Die chronosisteem verwys na die kort- en langtermyn tyd-dimensies van ’n individu se lewe, asook die sosio-historiese tyd-dimensie van die individu se makrosisteem (Johnson, 2008:3). Dus sal faktore wat ’n sterk invloed op gehoorgestremde kleuters se lewens gehad het, soos ’n egskeiding, die dood van ’n geliefde of die ontvang van

gehoorversterking, steeds beduidend in die kleuters se ontwikkeling wees. Die impak van die verlede word dus op die kleuter se huidige ontwikkeling benadruk (Stein, 2007:3). Die sosio-historiese tyd-dimensie dui op groter sosiale gebeurtenisse wat ’n invloed op gehoorgestremde kleuters se ontwikkeling kan of kon hê, soos die ontwikkeling van nuwe tegnologie, of byvoorbeeld die huidige ekonomiese stand van die land wat tydgebonde is.

Die navorser sal poog om binne hierdie teorie, as verwysingsraamwerk, die ekokaarte wat as data-insamelingstegniek benut gaan word, so saam te stel dat die verskillende kontekstuele sisteme, sowel as die kleuter se eie karaktereienskappe en spesifieke tydperke deur die ekokaarte reflekteer sal word.

**2.2.1.2 Gestalt-veldteorie**

Die Gestalt-veldteorie perspektief beskryf die veld (die persoon in sy lewensspasie) as ’n geheel waarin die gedeeltes in onmiddellike verhouding met mekaar is en op mekaar reageer. Geen gedeelte is ongeraak deur ander gebeurtenisse in die veld nie (Yontef, 1993:3). Dus het die gedeeltes ’n wedersydse invloed op mekaar. Geen organisme kan beskou word deur die verskeie komponente van die organisme individueel te beskou nie. Die organisme kan slegs verstaan word as ’n georganiseerde, interaktiewe, verbinde en interafhanklike totaliteit (Kirchner, 2000:5). Gehoorgestremde kleuters en hul gesinne kan dus nie as entiteite op sigself beskou word nie, maar sal slegs verstaan word deur die gesinne binne hul spesifieke omgewings te aanskou (hul veld).

Hierdie veld bestaan dus uit die interne wêreld van die persoon, die eksterne omgewing, en die dinamiese verhouding tussen hulle (Joyce & Sills, 2006:24). Gehoorgestremde kleuters en hul gesinne binne hul interne wêreld sal dus in ’n dinamiese verhouding staan ten opsigte van die direkte omgewing waarin hul hulself bevind. Hierdie omgewingsfaktore kan faktore wees wat ’n direkte invloed op die gesinne het, soos gehoorgestremde kleuters se opvoedkundige instansies, of die direkte familie. Die omgewingsfaktore kan egter ook faktore wees wat ’n indirekte invloed op die gesinne het, soos die ekonomiese stand van die land.

Die verhoudings binne die veld is altyd dinamies van aard (Harris, 1998:2). Dus is die veld konstant besig om te verander. Hierdie veranderinge kan tot voordeel of tot nadeel van gehoorgestremde kleuters en hul gesinne wees.

Dit is moontlik dat onverwagse verbintenisse en interaksies binne die dinamiese verhouding met die omgewing prominent kan word, en as figuur teen die agtergrond uitstaan (Rubenfeld, 2009:296). Hierdie prominente faktore kan dan as uitdagings vir gesinne van gehoorgestremde kleuters gesien word, of as moontlike nuwe ondersteuning wat gebied word.

Die realiteit van ’n persoon binne die veld sal gevorm word deur die subjektiewe ervaring van gebeurtenisse binne die veld (Mackewn, 2003:54). Gehoorgestremde kleuters en hul gesinne sal dus sin maak van hul omgewings deur ervarings te internaliseer om hul realiteit te vorm. Gesinslede kan ook verskillende realiteite rondom dieselfde gebeurtenisse vorm. Dus is dit noodsaaklik om gehoorgestremde kleuters en hul gesinne binne hul veld te aanskou, sowel as hul interaksie binne die gesinne, om sodoende hul persepsies van realiteit en die rol wat hierdie realiteit in die ontwikkeling van gehoorgestremde kleuters speel te kan verstaan.

Ander persone binne die veld se persepsies sal gevolglik ook ’n invloed op die realiteitsbelewing van die persoon in die veld hê (Mackewn, 2003:54). Aangesien lede van die gesinne se realiteitsbelewings van mekaar mag verskil, kan die realiteitsbelewing van een persoon ’n invloed op die realiteitsbelewing van die ander persoon hê. Dus sal die persepsies van die ouers en onderwysers ten opsigte van gehoorgestremde kleuters die realiteitsbelewing van die kleuters beïnvloed en so ook ’n kenmerkende rol in hul ontwikkeling speel.

#### 2.2.1.3 Integrasie van die Ekosistemiese teorie en die Gestalt-veldteorie

Binne die Ekosistemiese teorie word die gesin gesien as ’n entiteit wat nie in isolasie kan bestaan nie (Meyer *et al.*, 2008; Bronfenbrenner, 2004:15; Hook *et al.*, 2002:312; Jordaan & Jordaan, 1998:31). Binne die Gestalt-veldteorie bestaan die gesin ook as ’n geheel binne ’n lewensspasie wat die interne persoon en die omgewing insluit (Joyce & Sills, 2006:24; Kirschner, 2000:5; Yontef, 1993:3). Dus erken beide teorieë dat die ontwikkeling van gehoorgestremde kleuters en hul gesinne nie net beskou kan word deur na interne prosesse te kyk nie, maar ook na

die omgewing waarbinne die gesin funksioneer. Omgewingsfaktore of invloed van die omgewing speel dus ’n prominente rol in beide teorieë. Hierdie navorsing fokus spesifiek daarop om nie net binne gesinsverband buffer- en risikofaktore te identifiseer nie, maar ook vanuit die omgewing.

Beide die Ekosistemiese teorie en die Gestalt-veldteorie erken die interaksie en dinamiese aard van die persoon se verhouding tot die omgewing (Joyce & Sills, 2006:24; Hook *et al.*, 2002:312). Daar is dus wedersydse interaksie wat veranderend is tussen die gesinne van gehoorgestremde kleuters en die omgewing. Dus behoort daar op gehoorgestremde kleuters en hul gesinne se interaksie met omgewingsfaktore gelet te word, soos byvoorbeeld kleuters se opvoedkundige instansies en sosiale faktore uit die breër gemeenskap. Hiermee kan vasgestel word watter faktore vanuit die omgewing ’n invloed op die gesinne en sodoende die gehoorgestremde kleuters se ontwikkeling het, hetsy positief of negatief.

Binne die Ekosistemiese teorie word daar verwys na die kind wat sy eie realiteit vorm deur ervarings binne sy omgewing (Meyer *et al.*, 2008:475). So ook word realiteit volgens die Gestalt-veldteorie geskep deur subjektiewe belewenisse van ervarings binne die veld (Mackewn, 2003:54). Dus kan die gesinne en die gehoorgestremde kleuters se realiteitsbelewings slegs vasgestel word deur ook na die omgewing te kyk. Die realiteitsbelewenis van een gesinslid kan dan ook ’n invloed hê op die manier wat die gesinslid teenoor ander in die gesin optree. So kan die realiteit van gehoorgestremde kleuters wat nie meer as “normaal” beskou kan word nie, die ouer anders laat optree teenoor kleuters. Die vasstelling van werklike buffer- en risikofaktore sal slegs in die studie bepaal kan word indien die omgewing uit die oogpunt van die ouers verstaan word vanuit ’n fenomenologiese perspektief.

Binne die veldteorie is dit moontlik dat onverwagse verbintenisse en interaksies binne die dinamiese verhouding met die omgewing prominent kan word en as figuur teen die agtergrond uitstaan (Rubenfeld, 2009:296). Hierdie spesifieke gebeurtenisse wat tydgebonde is, kan in ooreenstemming gebring word met die chronosisteem binne die Ekosistemiese teorie, wat ’n tyd-dimensie is en die werking van al die sisteme in die ekologiese sisteem beïnvloed (Johnson, 2008:3). ’n Spesifieke tydgebonde gebeurtenis, soos byvoorbeeld die huidige resessie in die land, kan as figuur teen die agtergrond uitstaan en so ’n prominente invloed op die

verhoudings binne die gesinsisteem hê. So kan die ontwikkeling van gehoorgestremde kleuters indirek beïnvloed word.

### 2.2.2 Teorieë omtrent behoeftes

#### 2.2.2.1 Die hiërargie van behoeftes

Maslow in sy hiërargie van behoeftes (in 1954 ontwikkel) en Max-Neef (1991) as ondersteunende resente teorie identifiseer die volgende primêre, universele behoeftes wat geïntegreerd voorgehou word:

1. **Fisiologies en volhoubaarheid** – basiese noodsaaklikhede, soos voeding, skuiling en klere (Prince & Howard, 2002:28). So ook die behoefte aan oorlewing (Max-Neef, 1991:27).
2. **Veiligheid** – beskerming teen elemente, sekuriteit, orde, wet, grense en stabiliteit (Chapman, 2001:1), asook sorg en aanpasbaarheid wat die gevoel van sekuriteit skep (Max-Neef, 1991:32).
3. **Sosiaal en Deelname** – die behoefte aan behoort en liefde (Van Wagner, 2009) en om 'n deelnemende bydrae te maak (Max-Neef, 1991:27).
4. **Selfbeeld en Identiteit** – wat die kind bereik, verantwoordelikheid en hoe die kind homself sien (Prince & Howard, 2002:28), asook die behoefte aan aanvaarding as unieke persoon wat 'n gevoel skep van selfvertroue (Max-Neef, 1991:27).
5. **Kognitief en Skeppend** – behoefte om te ken en te verstaan (Jordaan & Jordaan, 2004: 581; Max-Neef, 1991:27), en om verbeeldingryk te skep (Max-Neef, 1991:27).
6. **Esteties en Ydelheid –** behoefte aan die waardering van skoonheid, soos die natuur (Jordaan & Jordaan, 2004: 581), en om ontspanning en genot te ervaar (Max-Neef, 1991:32).
7. **Self-verwesenliking en Vryheid** – die volgehoue verwesenliking van potensiaal, as vervulling van 'n doel, wat lei tot die aanvaarding van 'n persoon se intrinsieke natuur (Maslow, 1999:31) en toegang tot gelyke regte (Max-Neef, 1991:33).

Hierdie behoeftes word van buite die persoon deur die omgewing vervul en sal hiërargies prioriteit geniet (Maslow, 1999:28,168). Hierdie behoeftes geld ook vir gehoorgestremde kleuters en sluit by hul algehele ontwikkeling aan. Die sinvolste algehele ontwikkelingsproses gaan gepaard met die optimale verbetering in lewenskwaliteit, en lewenskwaliteit word bepaal deur die moontlikheid wat persone het om hul fundamentele behoeftes na wense te bevredig (Max-Neef, 1991:16). Dus behoort daar vanuit die omgewing in die fundamentele behoeftes van gehoorgestremde kleuters voorsien te word om optimale ontwikkeling te verseker.

#### 2.2.2.2 Integrasie van teorieë oor behoeftes, Ekosistemiese teorie en Gestalt-veldteorie

Volgens die Ekosistemiese teorie is ouers deel van die kleuter se mikrosisteem, die onmiddellike omgewing waarin ’n persoon optree binne ’n gegewe oomblik in sy lewe (Oswald, 2008:1; Bronfenbrenner, 2004:11). Kleuters is in alle opsigte afhanklik van hul ouers (Miriam Webster Dictionary, 2009; Louw *et al.*, 2001:283,300) en dus is die ouers verantwoordelik daarvoor om in hul basiese behoeftes te voorsien. Hierdie basiese behoeftes word binne die teorieë van Maslow (1954) en Max-Neef (1991) omskryf, soos reeds vermeld. Die ouers moet steeds in gehoorgestremde kleuters se behoeftes voorsien binne ’n veranderende gesinsopset as gevolg van gehoorgestremdheid, alhoewel omgewingskontekste van die gesin vanuit ’n ekosistemiese perspektief ook ’n rol speel (Bronfenbrenner, 2004:27). Die gesin word egter ook beskou vanuit die Gestalt-veldteorie as ’n geheel binne ’n lewensspasie wat die interne persoon en die omgewing insluit (Joyce & Sills, 2006:24; Kirschner, 2000:5; Yontef, 1993:3). Daar mag dus faktore binne die veld van die gesin wees wat verhoed dat hul in die kleuter se basiese behoeftes kan voorsien, soos byvoorbeeld werkloosheid, wat ’n algemene verskynsel binne die ekonomiese stand van Suid-Afrika is. Dus mag daar faktore uit die makrosisteem (die oorkoepelende institusionele patrone van die kulturele aspekte in die samelewing) wees wat kan bydra tot die gesin se vermoë om aan die gehoorgestremde kleuter se behoeftes te voorsien (Hook *et al.*, 2002:318). Hierdie faktore kan tot hulp van die gesin wees, of dit kan ontwikkeling van die kleuter inhibeer. Vervolgens sal hierdie faktore bespreek word.

### 2.2.3 Buffer- en risikofaktore

Davies (1999:44) noem dat die verstaan van ’n spesifieke kind se ontwikkeling slegs kan plaasvind deur na die transaksies tussen die individuele kind en die lae van ekologiese konteks wat hom omring, te kyk. Ontwikkeling vind dus volgens Davies (1999:44) plaas binne individuele, familie- en gemeenskapskontekste wat die rigting van ontwikkeling beïnvloed.

Davies (1999:46) beskryf **bufferfaktore** as faktore binne die kind of omgewing, wat risiko verlig deur stres te verminder, geleenthede te bied vir groei, of hanteringskapasiteit te vermeerder. Luckner en Velaski (2004:87) beskryf dat hierdie faktore tot die gesonde funksionering van die gesin kan bydra en die bevrediging van die kleuters se behoeftes positief kan beïnvloed. Aangesien kleuters in alle opsigte afhanklik van hul ouers is (Miriam Webster Dictionary, 2009; Louw *et al*., 2001:283,300), is ouers daarvoor verantwoordelik om in hul kleuters se behoeftes te voorsien. Die welstand van die gesin is dus uiters belangrik om te verseker dat die kleuters se ontwikkeling bevorder word.

Daar kan egter, binne behoeftevoorsiening, faktore wees wat die ouers verhoed om effektief in gehoorgestremde kleuters se primêre behoeftes te voorsien en wat die kleuters se kwesbaarheid vir negatiewe en ongewenste ontwikkelingsuitkomste verhoog (Murry & Brody, 1999:462). Hierdie faktore word **risikofaktore** genoem. Davies (1999:49) sien hierdie faktore as verskeie spesifieke bepalings wat ontwikkelingsrisiko veroorsaak. Hierdie risikofaktore is nie slegs faktore binne die kleuter self nie, maar ook faktore vanuit die gesin en omgewing wat ’n invloed op die kleuter se ontwikkeling kan hê.

Davies (1999:81-83) som dus buffer- en risikofaktore onder die volgende kategorieë op: kind-, ouers/gesins- en sosiale/omgewings-faktore. Hierdie inligting is deur die navorser gebruik om onderhoude binne die empiriese ondersoek te rig:

**Tabel 2.1 - Davies se buffer- en risikofaktore**

| Bufferfaktore | | |
|---|---|---|
| **Kind** | **Ouer/Familie** | **Sosiaal/Omgewing** |
| * Goeie gesondheid<br>* Persoonlikheidfaktore – maklike temperament, goeie sosiale vaardighede, positiewe selfbeeld, ensovoorts.<br>* Bo-gemiddelde intelligensie<br>* Geskiedenis van voldoende ontwikkeling<br>* Stokperdjies en belangstellings<br>* Goeie verhoudinge met Sibbe | * Geborge verbintenisse – positiewe en warm ouer-kind verhoudings<br>* Ouer – geborge volwasse verbintenispatroon<br>* Ouers ondersteun kind in tyd van stres<br>* Huishoudingreëls en struktuur; ouers se monitering van kind<br>* Ondersteuning van uitgebreide familie, wat hulp met versorging insluit<br>* Stabiele verhouding tussen ouers<br>* Ouers modelleer selfversekerdheid en goeie hanteringsvaardighede<br>* Familie-verwagtinge en prososiale gedrag<br>* Hoë oueropvoeding | ***** Middelklas of bo-gemiddelde sosio-ekonomiese status<br>* Toegang tot gesondheidssorg en maatskaplike dienste<br>* Konsekwente ouer-indiensneming<br>* Geskikte behuising<br>* Familiegeloof en deelname<br>* Goeie skole<br>* Ondersteunende volwassenes buite familie |
| **Risikofaktore** | | |
| **Kind** | **Ouer/Familie** | **Sosiaal/Omgewing** |
| * Premature baba, geboorteprobleme<br>* Blootstelling aan gifstowwe<br>* Chroniese of ernstige siekte<br>* Temperament: moeilik<br>* Lae intelligensie of verstandelike gestremdheid<br>* Trauma in kinderjare<br>* Antisosiale sibbe-groep | * Onstandvastige verbintenisse<br>* Ouer: onstandvastige volwasse verbintenispatroon<br>* Enkel-ouerskap, met tekort aan ondersteuning<br>* Streng ouerskap, mishandeling<br>* Familie-ongeorganiseerdheid en lae ouermonitering<br>* Sosiale isolasie, tekort aan ondersteuning | ***** Armoede<br>* Tekort aan toegang tot mediese versorging, mediese fonds en maatskaplike dienste<br>* Werkloosheid van ouer<br>* Ouers sonder woning<br>* Onvoldoende kindersorg<br>* Blootstelling aan rassisme en diskriminasie<br>* Swak skole<br>* Gereëlde verandering van |

| | | |
|---|---|---|
| | * Huislike geweld<br>* Hoë ouerkonflik<br>* Egskeiding, veral hoë-konflik egskeiding<br>* Psigopatiese ouers<br>* Ouers wat middels misbruik<br>* Siektestoestande van ouers<br>* Dood van ouer of sib<br>* Pleegsorg-plasing | tuiste en skole<br>* Blootstelling aan omgewings-gifstowwe<br>* Gevaarlike woonbuurt<br>* Gemeenskapsgeweld |

Alhoewel hierdie inligting waardevolle toevoegings tot die empiriese navorsing kon maak, het die navorser slegs faktore uitgesonder wat van mening relevant tot die studie sou wees (soos aangedui in Bylaag G).

#### 2.2.3.1 Integrasie van buffer- en risikofaktore met teorieë omtrent behoeftes, Ekosistemiese teorie en Gestalt-veldteorie

Volgens Davies (1999:44) vind ontwikkeling plaas binne individuele-, sowel as familie- en gemeenskapskonteks wat die rigting van ontwikkeling beïnvloed. Hy noem ook dat 'n spesifieke kind se ontwikkeling slegs verstaan kan word deur te kyk na die transaksies tussen die individu en die lae van ekologiese konteks wat hom omring. Vanuit die Ekosistemiese teorie staaf Hook *et al.* (2002:312) dat die totale sisteem, wat in hierdie geval die gehoorgestremde kleuter is, nie net die ontwikkelende persoon insluit nie, maar ook die omgewing van ontwikkeling en die interaksie tussen die persoon en die omgewing. Hierdie standpunt word ook deur die Gestalt-veldteorie gestaaf, wat die mens aanskou binne 'n veld wat uit die interne wêreld van die persoon bestaan, sowel as die eksterne omgewing en die dinamiese verhouding tussen hulle (Joyce & Sills, 2006:24).

Davies (1999:81-83) kategoriseer dus buffer- en risikofaktore onder faktore verbonde aan die kind, aan die ouers of familie, en aan die sosiale- of omgewingskonteks. Bronfenbrenner (1979) se Ekosistemiese model verdeel die konteks waarin die individue voorkom in vyf verskillende sisteme, soos reeds bespreek. Die kind, sowel as die ouers of familie (Davies, 1999), kan onder die mikrosisteem van Bronfenbenner (1979) beskou word. Davies (1999:44) en Bronfenbrenner (1979) lê klem op die interaksie tussen die individu en die omgewing. Die mesosisteem stel 'n

hoeveelheid mikrosisteme voor wat tot die persoon se ontwikkeling binne ’n sekere ontwikkelingsperiode bydra (Bronfenbrenner, 2004:11). Buffer- en risikofaktore wat binne Davies (1999:81-83) se kategorieë beskou word as faktore wat die ouers of gesin beïnvloed, kan ook as die mesosisteem beskou word, wat klem lê op die interaksie van faktore vanuit mikrosisteme met mekaar. Davies (1999:83) se faktore wat gerig is op die sosiale- of omgewingskonteks, kan aan die lig van Bronfenbrenner (1979) se ekso- en makrosisteme beskou word.

Maslow (1954, 1999) en Max-Neef (1991) identifiseer primêre universele behoeftes vir alle individue, wat reeds geïntegreerd voorgehou is. Die sinvolste algehele ontwikkelingsproses gaan gepaard met die optimale verbetering in lewenskwaliteit, en lewenskwaliteit word bepaal deur die moontlikheid wat persone het om hul fundamentele behoeftes na wense te bevredig (Max-Neef, 1991:16). Soos reeds vermeld in die ander teorieë, speel omgewingsfaktore ’n rol in die behoeftevoorsiening van gehoorgestremde kleuters. Buffer- en risikofaktore, soos deur Davies (1999:81-83) bepaal, kan bydra tot die behoeftevoorsiening van kleuters, of kan die moontlikheid van behoeftevoorsiening inhibeer. Hierdie aspekte sal egter in detail bespreek word met die voorlegging van die empiriese bevindinge in Hoofstuk drie.

## 2.3 Die gehoorgestremde kleuter

Gehoorgestremde kleuters presenteer met ’n tydelike of permanente verlies van gedeeltelike of alle gehoor in een of beide ore (Children’s Health Encyclopedia, 2003). Hulle het ’n gehoorverlies, wat ’n vermindering in gehoorsensitiwiteit behels (Stach, 2003:126).

### 2.3.1 Die algehele ontwikkeling van die kleuter met spesifieke verwysing na die gehoorgestremde kleuter

Kinderontwikkeling verwys na die biologiese en psigologiese veranderinge wat vanaf geboorte tot volwassenheid binne ’n persoon plaasvind, soos die individu vorder van afhanklikheid tot toenemende outonomie (Child Development – 2010:1; Louw *et al*., 2001:3). Taal en ander vaardighede ontwikkel op ’n redelik geïntegreerde wyse by kleuters wat normaal ontwikkel, wat dit moeilik maak om individuele komponente en

bydraende prosesse apart van mekaar te beskou (Reilly & Wulfeck, 2004:163). Volgens Bronfenbrenner (2004:15) se Ekosistemiese teorie is die ontwikkelingsproses van ’n persoon afhanklik van die dinamiese verhouding tussen die individu en die konteks. Die aspekte binne die omgewing waarin kleuters bestaan, sal dus ook ’n bydraende rol tot die ontwikkeling van kleuters speel.

Gehoorgestremde kleuters se totale ontwikkeling verskil van normaalhorende kleuters, deurdat hul presenteer met ’n tydelike of permanente verlies van gedeeltelike of alle gehoor in een of beide ore (Children’s Health Encyclopedia, 2003). Die gevolge van hierdie gehoorverlies, soos die toenemende agterstand in die aanleer van taal (The deaf child – Introduction, 2005:1), is die grootste beduidende verskil tussen die ontwikkeling van die normaalhorende en die gehoorgestremde kleuter. Meeste gehoorgestremde kinders toon egter ook ’n agterstand in kognisie, sowel as in die ontwikkeling van sosiale en emosionele vaardighede (Terwogt & Rieffe, 2004:27).

Vir doeleindes van hierdie studie sal verskillende ontwikkelingskomponente apart van mekaar beskou word, aangesien gehoorgestremde kleuters nie in alle ontwikkelingsareas agterstande toon nie. Kinders ontwikkel teen hul eie tempo’s en op verskillende maniere. Inligting rondom kinderontwikkeling moet dus slegs as riglyne beskou word (Child and Youth Health, 2008:1). Die navorser sal vervolgens die kleuter (4 tot 6 jaar) se taal-, kognitiewe, sosiale, emosionele en fisiese ontwikkeling bespreek.

#### 2.3.1.1 Taalontwikkeling

Taalontwikkeling vorm deel van kinders se kognitiewe ontwikkeling, maar aangesien die ontwikkeling van taal ’n prominente rol in die lewe van gehoorgestremde kleuters speel, sal dit afsonderlik bespreek word. Die grootste groeiperiode van taal- en spraakontwikkeling vind tussen die ouderdom van twee en vyf jaar plaas (Banks, 2010:1). Verbeterde kommunikasievaardighede binne die kleuterjare bied aan kinders nuwe maniere om te ontdek wie hulle is (Dixon & Stein, 2006:437). Dus dra die ontwikkeling van taal by tot die ontwikkeling van kleuters se selfkonsep en selfvertroue. Maslow (1954) identifiseer kleuters se behoefte aan selfbeeld en identiteit. Hierdie behoefte handel oor wat die kind bereik, verantwoordelikheid en

hoe die kind homself sien (Prince & Howard, 2002:28), asook die behoefte aan aanvaarding as unieke persoon wat ’n gevoel van selfvertroue skep (Max-Neef, 1991:27). Taalontwikkeling kan kleuters dus help om hierdie behoefte te vervul.

Taalontwikkeling het ook ’n verdere invloed op kinders se kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling (Louw *et al*., 2001:257). Kinders gebruik egter taal om te kommunikeer en hul behoeftes bekend te maak, asook vir sosiale interaksie en om verhoudings te vestig en in stand te hou (Louw *et al*., 2001:258). Binne die Ekosistemiese teorie word daar klem op die persoon se interaksie met die omgewing gelê (Meyer *et al.*, 2008; Hook *et al.*, 2002:312). Dus dra die aanleer van taal by tot verbeterde kommunikasie tussen kleuters en persone uit die omgewing, wat ’n beduidende invloed op kleuters se funksionering binne die gemeenskap kan hê. Volgens Max-Neef (1991:27) het persone die behoefte daaraan om ’n deelnemende bydrae te maak, wat ’n sosiale behoefte is. Met taalontwikkeling kan hierdie behoefte by kleuters aangespreek word.

Gedurende die kleuterjare vind daar ’n merkwaardige verbetering plaas in kleuters se *reseptiewe taal* (kleuters se begrip van gesproke taal) en *produktiewe taal* (kleuters se gesproke taal) (Louw *et al.*, 2001:258). Verdere ontwikkeling en uitbreiding van woordeskat, woordkombinasies en die betekenis van woorde kom in die kleuterjare voor. Met skoolgereedheid (5-jarige ouderdom) brei kinders se woordeskat uit om abstrakte woorde en hul betekenis in te sluit (Haynes & Shulman, 1998:69).

Soos reeds vermeld, is die grootste beduidende verskil tussen die ontwikkeling van gehoorgestremde kleuters en die van normaalhorende kleuters die agterstand in die aanleer van taal (The deaf child – Introduction, 2005:1). Die mate van agterstand in taal sal bepaal word deur die graad van gehoorverlies, die tydperk waarop gehoorverlies geïdentifiseer is, die moontlike ingrypingsprogram wat gevolg is vir die aanleer van taal en die ouderdom waarop die kind ’n gehoorapparaat of kogliêre inplanting ontvang het om ’n sekere mate van gehoor te herwin.

Kinders wat doof gebore is of wat tydens die vroeë kinderjare hul gehoor verloor het, ervaar grootliks probleme om te leer praat (Louw *et al.*, 2001:264). Een van die primêre gevolge van doofheid by jong kinders is dus dat die ontwikkeling van

gesproke taal geblokkeer word – dit geld vir beide die aspekte van praat en begrip (Mayberry, 2002:71). Gehoorgestremde kleuters sal daarom ’n agterstand in die ontwikkeling van reseptiewe en produktiewe taal toon (Louw *et al.*, 2001:258). Dus sukkel gehoorgestremde kleuters om hul behoeftes, idees en gevoelens deur kommunikasie bekend te maak en kan hulle sukkel om effektief te kommunikeer vanweë hul tekort aan taalbegrip en ouderdomstoepaslike woordeskat.

Taalontwikkeling beïnvloed ook kinders se kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling (Louw *et al*., 2001:257). Dus veroorsaak die taalagterstand dat gehoorgestremde kleuters ook in ander areas van ontwikkeling agterstande toon (hierdie aspek sal later bespreek word).

Botting en Conti-Ramsden (2000:105) het in ’n studie vasgestel dat kinders met ’n agterstand in taal (veral ekspressiewe en reseptiewe taal) meer gedragsprobleme as kinders sonder ’n taalagterstand toon. Die gebrek aan taal kan dus tot ander probleme lei wat kinders se ontwikkeling in ander areas kan beïnvloed, soos die vermoë om te leer of om sosiaal effektief te funksioneer. Binne die Gestalt-veldteorie noem Mackewn (2003:54) dat die realiteit van ’n persoon binne die veld gevorm sal word deur die subjektiewe ervaring van gebeurtenisse binne die veld. Dit is egter moontlik dat die ervaring van gebeurtenisse anders vir gehoorgestremde kleuters kan wees, wat nie oor die woordeskat beskik om die situasie te verstaan of korrek te interpreteer nie. Die realiteitsvorming wat met misverstande gepaard gaan en die frustrasie wat daarmee saamgaan, kan moontlik ’n oorsaak van gehoorgestremde kleuters se gedragsprobleme wees.

#### 2.3.1.2 Kognitiewe Ontwikkeling

Kognitiewe ontwikkeling verwys na die denkprosesse en verstandelike aktiwiteite van mense (Bukatko & Daehler, 1998:254). Jong kinders se groeiende vaardigheid met taal en idees help hul om ’n individuele uitkykpunt rondom hul wêreld te skep. Veral die jonger kleuter is egter nog egosentries in hul denke en glo dat die wêreld rondom hulle georganiseer word (Dixon & Stein, 2006:25). Vanuit die Gestalt-veldteorie bestaan die veld nie net uit die eksterne omgewing en die dinamiese verhouding tussen die omgewing en die individu nie, maar ook uit die interne wêreld

van die persoon (Joyce & Sills, 2006:24). Hierdie interne wêreld is egter nog die fokus van die kleuter, vanweë die egosentriese aard van hul denke.

Kleuters word vaardiger in areas van kognisie, intelligensie, taal en leer, ontwikkeling van die vermoë om simbole in gedagtes en aksies te gebruik, en die vermoë om moeiliker konsepte soos ouderdom en tyd te verstaan (Gething, Papalia & Olds, 1999:196). Hulle begin dus met die ontwikkeling van abstrakte denke en beweeg so weg van konkrete voorwerpe om konsepte te verstaan. Fantasie en verbeelding beïnvloed egter steeds hul manier van dink binne die kleuterjare (Dixon & Stein, 2006:25). Max-Neef (1991:27) verwys na die individu se behoefte om verbeeldingryk te skep. Aangesien verbeelding steeds prominent in die kleuter se denkwyse is, kan hierdie behoefte deur kognitiewe ontwikkeling bevredig word.

Jordaan en Jordaan (2004:581) verwys na die individu se kognitiewe behoefte om te ken en te verstaan, soos vanuit Maslow (1954) se hiërargie. Kognitiewe ontwikkeling behels dus meer as die ontwikkeling van kinders se brein. Dit is die produk van kinders se pogings om die familie, gemeenskap, skool en die wêreld te verstaan tydens ’n periode van vinnige breinontwikkeling en leer. Die effek van doofheid op kognitiewe ontwikkeling is dus baie divers en kompleks as gevolg van die verskeidenheid maniere waarop families, gemeenskappe en kulture reageer en kommunikeer met gehoorgestremde kleuters (Mayberry, 2002:71). Aangesien die kind vanuit ’n Ekosistemiese teorie-perspektief as entiteit beskou word wat uit kleiner gedeeltes bestaan (Jordaan & Jordaan, 1998:31), is dit belangrik om die impak van families sowel as die breër gemeenskap op gehoorgestremde kleuters se kognitiewe ontwikkeling in ag te neem.

Volgens Passig en Eden (2003:173) vind gehoorgestremde kleuters dit moeilik om op ’n buigbare of meer abstrakte wyse te dink en is hul geneig om meer konkreet en rigied in hul denkprosesse te wees. Vanweë die konkrete aard van hul denke, sal sommige gehoorgestremde kleuters dus sukkel met die ontwikkeling van verbeelding en fantasiespel.

#### 2.3.1.3 Sosiale en Emosionele Ontwikkeling

Binne die kleuterjare word **sosiale ontwikkeling** deur die veranderinge in die kinders se omgang en verhoudings met ander mense gekenmerk (Louw *et al*., 2001:300). Volgens die Ekosistemiese teorie staan die persoon in dinamiese verhouding met die konteks en word die persoon nie net deur die omgewing beïnvloed nie, maar is dit ’n wedersydse, groeiende entiteit wat geleidelik die persoon se sosiale milieu verander (Bronfenbrenner, 1979). Sosiale ontwikkeling gaan dus ook afhang van die invloed wat persone binne kleuters se konteks op die kleuters het, byvoorbeeld die manier waarop die kleuter by die huis hanteer word. Maslow (1954) en Max-Neef (1991) noem die individu se behoefte aan sosialisering en deelname: die behoefte aan behoort en liefde (Van Wagner, 2009) en om ’n deelnemende bydrae te maak (Max-Neef, 1991:27). Hierdie behoefte sal ’n rol speel in hoe die kleuters binne ’n sosiale konteks teenoor ander optree.

Internalisering van waardes en verwagtinge van sosiaal aanvaarbare gedrag vorm deel van die ontwikkeling van die selfkonsep, en selfregulering is ’n vaardigheid wat kinders binne die kleuterjare moet aanleer (Dixon & Stein, 2006:439). Maslow (1999:31) identifiseer die persoon se behoefte aan self-verwesenliking: die volgehoue verwesenliking van potensiaal, as vervulling van ’n doel, wat lei tot die aanvaarding van die persoon se intrinsieke natuur. Hierdie behoefte kan vervul word deur die ontwikkeling van die kleuter se selfkonsep en die aanleer van selfregulering. Hul gevoel vir hulself (selfkonsep) beïnvloed dan ook die manier waarop hulle met ander identifiseer (Gething *et al.*, 1999:222). Hulle leer omtrent aanvaarbare en korrekte gedrag deur volwassenes waar te neem en na te boots (Gething *et al.,* 1999:224). Dus sal volwassenes binne die veld (Yontef, 1993) ’n invloed hê op die manier waarop kleuters binne sosiale kontekste optree. Namate kleuters ouer word binne die kleuterjare, verkies hulle om saam met ander te speel, in plaas daarvan om op hul eie te speel (Child and Youth Health, 2010:1).

**Emosies** word beskou as ’n komplekse verskeidenheid optredes veroorsaak deur ’n reaksie op ’n eksterne of interne gebeurtenis (Bukatko & Daehler, 1998:354). Alhoewel kinders binne die kleuterjare verhoudings met ander mense begin bou, is die gesin steeds die kern van hul emosionele lewens (Child and Youth Health, 2010:1). Volgens die Ekosistemiese teorie is die gesin binne die mikrosisteem in

kleuters se omgewing: die onmiddellike omgewing waarin die persoon binne ’n gegewe oomblik in sy lewe optree (Oswald, 2008:1; Bronfenbrenner, 2004:11). Dus speel die invloed van die gesin ’n beduidende rol in die sosiale en emosionele ontwikkeling van kleuters, en tree die ouers ook as rolmodelle ten opsigte van emosionele hantering van situasies op.

Kinders se ontwikkelende kognitiewe en sosiale vaardighede dra tot verandering in hul emosionele belewenisse by (Louw *et al*., 2001:271). Hul leer om hul emosies te begin beheer (Oguejiofo, 2010:2) en word meer bewus van hul eie, asook ander se emosies (Louw *et al*., 2001:271). Hul leer later dat verskillende mense verskillende behoeftes kan hê en dat hierdie behoeftes van hul eie verskil (Rieffe & Terwogt, 2000:601).

Soos reeds vermeld, sal sosiale en emosionele ontwikkeling dus grootliks verband hou met die interaksie wat daar tussen kleuters self, met ander en veral met hul direkte gesin bestaan (Bronfenbrenner, 2004). Dus begin die ontwikkeling van sosiale en emosionele vaardighede by die verhoudings wat gehoorgestremde kleuters met hul gesinslede het (Hindley, 2004:1). Gehoorgestremde kinders het beperkte kommunikasievaardighede vanweë hul agterstand in taal (ekspressief en taalbegrip) (Rieffe & Terwogt, 2006:1261). Sosiale interaksie word dus bemoeilik (Louw *et al*., 2001:25). Vaccari en Marschark (1997:793) redeneer ook dat normaalhorende ouers, weens ’n tekort aan kommunikasie, nie ten volle op hul gehoorgestremde kinders se behoeftes reageer nie. Gehoorgestremde kinders verstaan daarom emosies as ’n middel om slegs behoeftes uit te druk en sien dus ook ander persone se emosionele ervarings in daardie lig (Rieffe & Terwogt, 2000:607). Gehoorgestremde kinders vind dit moeilik om hul emosies uit te druk en ook om hul eie en ander se emosies te verstaan (Rieffe & Terwogt, 2000:601).

Deel van kommunikasie behels nie net die verstaan van ander se emosies nie, maar ook die verstaan van ander se denkprosesse gebaseer op ’n verstaan van eie interne oortuigings. Hierdie oortuiging van waardes en korrekte gedrag neem binne die kleuterjare vorm aan (Dixon & Stein, 2006:439). Edmondson (2006:159) asook Peterson en Siegal (1999:126) beweer dat verskeie gehoorgestremde kinders ’n agterstand in hierdie belangrike area van sosiale funksionering toon. Volgens die Gestalt-veldteorie kan ander persone binne die veld se persepsies ook ’n invloed op

die realiteitsbelewing van die persoon in die veld hê (Mackewn, 2003:54). Dus speel nie slegs die gesin ’n rol in die belewenisse waaruit gehoorgestremde kleuters interne oortuigings vorm nie, maar ook die optrede van ander teenoor gehoorgestremde kleuters. Die kleuters kan gevolglik nie die persepsies van ander verstaan nie en skep sodoende ’n vals interne realiteit vir hulself.

Volgens Terwogt en Rieffe (2004:27) sukkel gehoorgestremde kinders om die sosiale reëls van vriendskap te verstaan. Hulle kan daarom sosiale isolasie van ander ervaar, wat tot die agterstand in sosiale ontwikkeling bydra. Daar is ook vasgestel dat kinders met veral ekspressiewe en reseptiewe taalagterstand meer sosiale probleme ervaar as kinders sonder hierdie taalagterstande (Botting & Conti-Ramsden, 2000:105). Dit kan wees vanweë die gebrek aan verstaan by beide gehoorgestremde kleuters en persone uit hul omgewing binne interaktiewe prosesse (soos in die Ekosistemiese teorie).

#### 2.3.1.4 Fisieke Ontwikkeling

Fisieke ontwikkeling kan in **liggaamlike groei** en **motoriese vaardighede** verdeel word (Bukatko & Daehler, 1998:143). Liggaamlike groei neem tydens die kleuterjare af, maar liggaamsdele ontwikkel in verhouding sodat kinders aan die einde van die kleuterfase byna dieselfde liggaamsverhoudings as die van jong volwassenes toon (Louw *et al*. 2001:238).

Kinders ontwikkel tydens die kleuterfase selfvertroue in hul fisiese vermoëns (Child and Youth Health, 2008:3). Die gevoel van selfvertroue kan tot die vervulling van die behoefte aan selfbeeld bydra, soos vermeld deur Maslow (1954). Fisiese aktiwiteite kan egter gevaarlik wees vir kleuters, aangesien die liggaam die vermoë ontwikkel om fisiese beweging te beheer, maar die brein (kognisie) nog nie op veiligheid ingestel is nie (Canaday, 2010:1; Child and Youth Health, 2008:3). Namate kleuters ouer word en hul selfvertroue toeneem (van 4 na 6 jaar), ontwikkel hulle ’n gevoel van bevoegdheid in hul fisiese vermoëns (Child and Youth Health, 2008:2). Hul motoriese vaardighede kan in twee areas verdeel word:

- **Groot-motoriese vaardighede**, wat die algemene vermoë van kleuters is om te beweeg en verskillende dele van hul liggame te gebruik (Wolfson, 2010:1). Hierdie groot-motoriese vaardighede, wat in die babajare slegs as refleksie

ten toon gestel is, ontwikkel binne die kleuterjare na meer gevorderde vaardighede. Kleuters benodig egter hierdie gevorderde vaardighede vir verdere beoefening van sport, soos dans en balspel (Gething *et al.*, 1999:190).

- **Fyn-motoriese vaardighede**, wat verwys na beheer van aksies wat kleiner bewegings en meer intensiewe vaardighede vereis, soos teken en skryf (Wolfson, 2010:1; Smits-Engelsman, Niemeijer & van Galen, 2001:161). Ontwikkeling van fyn-motoriese vaardighede vind binne die kleuterjare plaas. Werk wat dus met potlode, skêre en ander gereedskap geskep word, vertoon beter vaardigheid en akkuraatheid (Dixon & Stein, 2006:437).

Normale gehoorgestremde kleuters behoort geen agterstand in liggaamlike groei te toon nie. Dit is egter nie die geval met die ontwikkeling van motoriese vaardighede nie. Volgens Gheysen, Loots en Van Waelvelde (2007: 215) toon verskeie studies oor motoriese ontwikkeling in gehoorgestremde kinders dat hierdie kinders agterstande toon in balans, algemene dinamiese koördinasie, visueel-motoriese vaardighede en die vermoë om ’n bal te vang, asook die waarneming van beduidende verskille in reaksietyd en spoed van bewegings. Horn, Pisoni en Miyamoto (2006:1500) is egter van mening dat sulke bevindinge nie veralgemeen kan word nie. Hulle noem dat ander faktore moontlik tot die agterstande in motoriese vaardighede kon bydra, soos verskille in tipes opvoedkundige programme, die teenwoordigheid van neurologiese probleme, die verskille in ouderdom tydens identifisering van gehoorgestremdheid en die tyd waarop ingryping begin het.

Lieberman, Volding en Winnick (2004:281) bevind ook dat omgewingsfaktore soos die tipe opvoedkundige program en die betrokkenheid van ouers by fisiese aktiwiteite, motoriese ontwikkeling in gehoorgestremde kinders beïnvloed. Soos binne die Ekosistemiese benadering (Bronfenbrenner, 1979), asook die Gestalt-veldteorie (Yontef, 1993) sal omgewingsfaktore dus ook ’n beduidende rol in die motoriese ontwikkeling van gehoorgestremde kleuters speel en sal ’n moontlike agterstand in motoriese ontwikkeling van elke individuele kind binne sy dinamiese omgewing afhang.

### 2.3.2 Onderrig by die Carel du Toit-sentrum vir gehoorgestremde kleuters

Die Carel du Toit-sentrum, geleë op Tygerberg-hospitaal se gronde, fokus daarop om gehoorgestremde kleuters te leer praat. Gehoorgestremde kleuters by die Sentrum beskik oor gehoorversterkings. Die kleuters saam met hul ouers begin met ouerleiding voordat hul tot die Sentrum toegelaat word (Bourne, 2010). Die ouers woon ook op 'n weeklikse basis ouerleidingsessies by, 'n diens wat deur die Sentrum verskaf word. Eleweke, Gilbert, Bays en Austin (2008:193) noem die belang van ouers wat inligting deurentyd en op 'n nie-misleidende wyse benodig, wat hul in staat sal stel om die mediese en tegniese aspekte van gehoorgestremdheid te verstaan. Terapeute wat ouerleiding aanbied bied hierdie inligting, sowel as ondersteuning aan die ouers. Binne interaktiewe sessies met die ouerleidingterapeut, kleuter en ouer(s), word die ouers ook geleer hoe om hul gehoorgestremde kleuter te hanteer. Ouerleidingsterapeute poog dus om verhoudings tussen die ouers en die Sentrum te bevorder ter ondersteuning van die kleuter. Vanuit 'n Ekosistemiese perspektief (Bronfenbrenner, 1979) kan hierdie verhoudings binne die mesosisteem beskou word, met die ontwikkelende persoon as die primêre skakel tussen die verskillende sisteme (McIntosh *et al.*, 2008:3).

Die kleuters word daagliks in 'n klein klasopset onderrig. Aangesien die kleuters daagliks die Sentrum bywoon, word die Sentrum vanuit 'n Ekosistemiese perspektief as mikrosisteem beskou: die onmiddellike omgewing waarin 'n persoon binne 'n gegewe oomblik in sy lewe optree (Oswald, 2008:1; Bronfenbrenner, 2004:11). Die onderwyseresse by die Sentrum is opgelei om beginsels van die Ouditief-Verbale metode toe te pas. Die Ouditief-Verbale metode is gebaseer op die feit dat luister die primêre modaliteit vir die aanleer van gesproke taal is (Lim & Simser, 2005:309). Met behulp van die Ouditief-Verbale beginsels leer gehoorgestremde kleuters die volgende (Auditory-Verbal Method: Learning to Use the Hearing that is Left: 2004):

- **Luister** – In plaas van liplees, leer kinders om te luister;
- **Praat** – Deur na ander te luister, kan kinders leer om beter te praat.

Die implikasies van die toepassing van hierdie metode vir die kind se lewe is dat gehoortoestelle op 'n daaglikse basis gedra moet word, asook die oefen van luister en praat by die huis (Auditory-Verbal Method: Learning to Use the Hearing that is

Left: 2004). Die Sentrum vereis dus van die ouers om op ’n daaglikse basis huiswerk met die kleuters te doen om taalontwikkeling te bevorder. Ouerleidingsessies bied hier aan die ouers leiding sodat optimale taalontwikkeling by die huis bewerkstellig kan word.

Die Sentum bevorder ook vroeë identifikasie van gehoorverlies en vroeë ingryping. Sharma, Dorman en Spahr (2002:532) noem dat met die afwesigheid van normale stimulasie daar ’n sensitiewe periode van drie en ’n half jaar is waarin die menslike sentrale ouditiewe sisteem plasties bly; na sewejarige ouderdom neem plastisiteit drasties af. Met vroeë identifikasie en ingryping kan kleuters geleer word om in die sensitiewe periode te praat waartydens hul ouditiewe sisteem steeds met optimale ontwikkeling besig is. Suksesvolle vroeë ingrypingsprogramme fokus nie slegs op die kind se behoeftes nie, maar ook op die behoeftes van die familiesisteem waarin die gehoorgestremde kind versorg word (Eleweke *et al.*, 2008:194). Dus fokus die ouerleidingsprogram by die Sentrum op die ondersteuning van die ouers, wat daarvoor verantwoordelik is om aan hul gehoorgestremde kleuters se behoeftes te voorsien.

## 2.4 Ekokaarte

Die ekokaart is in 1975 deur dr. Ann Hartman as ’n assesserings-hulpmiddel ontwikkel om maatskaplike werkers binne kindersorg toe te rus om die behoeftes van gesinne te kan ondersoek (Hartman, 1995). Alhoewel ekokaarte dus oorspronklik binne kindersorg, familieterapie en kliniese familie-verpleegkunde aangewend is, redeneer Ray en Street (2005:545) dat ekokaarte as waardevolle navorsingstrategie gebruik kan word om ’n visuele uitbeelding te skep wat gesprekke rondom die struktuur en sterkte van netwerke binne families kan fasiliteer.

### 2.4.1 Definisie en doel van ekokaarte

Ekokaarte word beskryf as diagramme wat ’n individu of gesin binne ’n spesifieke sosiale konteks voorstel, en sodoende die energie, ondersteuning en hulpbronne uitwys wat nodig is om spesifieke verhoudings binne die konteks te onderhou (Burton, 2009:33; Carpenter-Aeby, Aeby & Boyd, 2007:45; Rempel, Neufeld & Kushner, 2007:403; Calix, 2004:26).

Hierdie verhoudings verwys egter nie net na die verhoudings tussen gesinslede wat as sisteem funksioneer nie, maar ook na verhoudings tussen gesinslede en faktore wat ’n rol in individue se ontwikkeling vanuit die breër sosiale sisteme speel, soos spesifieke instansies of bestaande sosiale netwerke (Calix, 2004:26).

Die verhouding tussen persone en/of ander omgewingsfaktore word uit die volgende oogpunt beskou (Hay, 2002):

- Die krag van die verhouding (swak/onseker/sterk),
- Die impak van die verhouding op die persoon (geen/dreineer energie van persoon/dien as hulpbron wat energie verskaf),
- Die kwaliteit van die verhouding (stresvol/nie stresvol),

Ekokaarte bied dus ’n visuele verteenwoordiging van die gesin binne die huidige sosiale konteks en die aard van die verhoudings met mekaar en faktore vanuit die breër sosiale konteks. Ekokaarte is dus tyd-sensitief, aangesien die realiteit van die deelnemer binne ’n gegewe tydstip in die gesin se lewe verteenwoordig word (Carpenter-Aeby *et al.,* 2007:47; Olsen, Dudley-Brown & Mcmullen, 2004:299). Verskillende ekokaarte van dieselfde gesin kan verskil namate die tydgebonde sosiale konteks van die gesin verander. Ekokaarte moet dus as ’n dinamiese hulpmiddel beskou word wat ook verandering oor tyd kan uitwys (Burton, 2009:34).

Die doel van ekokaarte is om ’n verskeidenheid invloede uit te wys tussen die persoon en verwante persone, relevante sosiale instansies en omgewingsfaktore (Barker, 2003:136). Lyne word dan getrek met simbole tussen die persoon en verwante persone/faktore binne die breër sosiale konteks, om die aard van die verhoudings aan te dui (Olsen *et al.*, 2004:299). Dit help die navorser dus om soveel moontlik inligting omtrent die perspektief, konteks en verwysingsraamwerk van die gesin te bekom (Burton, 2009:33). Met hierdie inligting kan ondersteuning vir die gesin volgens hul behoeftes bewerkstellig word en besluite oor moontlike ingryping kan vergemaklik word (Hay, 2002).

Verder kan ekokaarte ’n gedeelde bewustheid kweek (tussen die gesin en die navorser) rakende die gesin se betekenisvolle verhoudings, en die positiewe of negatiewe uitwerking wat hierdie verhoudings op die gesinsisteem kan hê (Hay, 2002). Burton (2009:5-6) verwys na ses areas wat aangespreek moet word met die

opstel van ekokaarte (Bylaag G). Deur inligting rakende die volgende areas in te samel, sal die bewustheid tussen die deelnemer en navorser omtrent buffer- en risikofaktore verhoog word.

**2.4.2 Die waarde en benutting van Ekokaarte in die studie**

Die volgende punte word uiteengesit vir die beter verstaan van ekokaarte as data-insamelingstegniek:

- Wright en Leahy (2000:95) redeneer dat die primêre waarde van die ekokaart in die visuele impak van so ’n voorstelling lê. Die diagram is maklik verstaanbaar, eenvoudig om te voltooi en maklik vertolkbaar. Ekokaarte moedig deelnemers aan om inligting te verskaf wat nie op geletterdheidsvlak van deelnemers fokus nie, maar wat verteenwoordiging van idees volgens simbole en tekeninge aanmoedig (Ebersöhn *et al.*, 2007:136). Aangesien die populasie vir hierdie studie uit ’n wye verskeidenheid deelnemers bestaan met verskillende agtergronde ten opsigte van geletterdheid en geleerdheid, kan ekokaarte deelnemers meer op hul gemak laat voel. Daar word glad nie van die deelnemer vereis om te kan skryf of lees nie. Die navorser kan, indien nodig, as fasiliteerder woorde of simbole op die ekokaart aanbring.

- Ekokaarte voorsien ’n gestruktureerde, konsekwente proses om spesifieke, waardevolle en feitlike data oor die huidige toestand van die individu of gesin in te samel (McCormick, Stricklin, Nowak & Rous, 2008:18; Hay, 2002:2). Aangesien die ouer self die ekokaart voltooi, word die spesifieke persepsies van die ouer ten opsigte van die gehoorgestremde kleuter en die omgewingsaspekte binne die diagram voorgestel.

- Ekokaarte identifiseer en illustreer die sterk verhoudings waarop gebou kan word en swak verhoudings wat aangespreek kan word binne die gesinsisteem, sowel as verhoudings met die breër sosiale omgewing (Calix, 2004:28; Hay, 2002:2). Op hierdie wyse kan die navorser gesins- en gemeenskapshulpbronne ondersoek wat ondersteuning bied of energie van die gesin put (Simpson & Lawrence-Webb, 2009:831). Dus sal die navorser buffer- en risikofaktore kan identifiseer wat ’n invloed op die ontwikkeling van

die gehoorgestremde kleuter het. Ekokaarte kan dan waardevolle inligting verskaf indien enige besluite ten opsigte van ingryping geneem moet word (Hay, 2002:2). Die ingesamelde inligting kan rigting bied aan die ouers van gehoorgestremde kleuters ten opsigte van moontlike toekomsbesluite, soos die plasing van kleuters in ’n opvoedkundige instansie of addisionele hulpmiddele wat moontlik aangewend kan word om die kleuters byvoorbeeld met die aanleer van taal te help.

- Die bespreking van die ekokaart kan lei tot toenemende verstaan en aanvaarding van die self in die gesinsisteem en binne die sosiale konteks (Calix, 2004:28). Dus kan die ouers van gehoorgestremde kleuters bewus word van die aard van die verhouding wat hul met hul kleuters het en die invloed wat hierdie verhouding op hul kleuter se ontwikkeling het. Die opstel van ekokaarte kan ook moontlik die ouers se bewustheid rondom die universele behoeftes van hul gehoorgestremde kleuters verhoog (Maslow, 1954 ; Max-Neef, 1991).

- Aangesien die opstel van ekokaarte van deelnemers vereis om persoonlike inligting te deel, kan deelnemers moontlik skugter wees om inligting bekend te maak en kan hulle voel dat die proses op hul persoonlike lewe indring (Burton, 2009:34). Hay (2002:2) beweer dat ekokaarte betrokkenheid van die gesin, binne dialoog wat gevoer word, verhoog en hul aktiewe deelname in die proses van data-insameling verseker. Samewerkende gebruik van ekokaarte kan deelnemers se weerstand aansienlik verminder, aangesien deelnemers meestal voel dat navorsers wat ekokaarte gebruik, ’n werklike poging aanwend om die lewensomstandighede van die deelnemer te verstaan (Child/Family Assessment, 2005:105). Dit kan selfs moeiliker vir die ouers van gehoorgestremde kinders wees om persoonlike inligting te deel, aangesien die ouers moontlik nog in ontkenning kan wees omtrent die kleuters se gehoorverlies en moontlike agterstande ten opsigte van ontwikkeling.

### 2.4.3 Ekokaarte en die Ekosistemiese teorie

McCormick *et al.* (2008:18); Calix (2004:27) en Knoff (1984:84) beweer dat ekokaarte Bronfenbrenner se Ekosistemiese teorie van menslike ontwikkeling in

berekening bring. Aangesien ekokaarte as visuele voorstelling van die ekologiese sisteem aangewend word, lig dit die verbintenisse tussen die gesin en die direkte sosiale omgewing uit (Harold, 1997:2). Dus sal gehoorgestremde kleuters en hul gesinne visueel volgens ’n diagram voorgestel word as sisteem, tesame met al die ander bestaande sisteme wat ’n invloed op die gesinsisteem het, hetsy direk of indirek.

Eerstens word inligting op ’n **mikrosistemiese vlak** verwerf wanneer ekokaarte op ’n een-tot-een interaktiewe basis saamgestel word (Calix, 2004:27). Die onmiddellike omgewing waarin ’n persoon binne ’n gegewe oomblik in sy lewe optree (Bronfenbrenner, 2004:11) word dus waargeneem en binne die opstel van ekokaarte aangedui. Die ouers van die gehoorgestremde kleuter wat die ekokaarte gaan saamstel, staan in direkte verbintenis met die navorser wat as fasiliteerder van die proses sal optree. Hul houding teenoor die proses en die navorser as betrokke persoon sal waargeneem word. Die ouers sal ook op die ekokaarte aandui watter aspekte ’n direkte invloed op die persone in die gesin en die gehoorgestremde kleuter het.

Verder organiseer die ekokaarte op ’n **mesosistemiese vlak** die netwerk van persoonlike raamwerke waarbinne die familie funksioneer (Calix, 2004:27). Dus word die interaksie van mikrosisteme met mekaar, duidelik aangedui en so kan die primêre verbintenisse deur lyne voorgestel word wat inligting omtrent die oorsprong en die geskiedenis van die verbintenis verskaf (McIntosh *et al.*, 2008:6). Dus sal die ouers aandui wat die verbintenis met ander mikrosisteme is, soos byvoorbeeld die persone by die opvoedingsinstansie waar hul gehoorgestremde kleuter tans is.

Die sosiale opset buite die persoon se onmiddellike ervaringswêreld, wat tog ’n invloed op die persoon se ontwikkeling het (Hook *et al.*, 2002:317), staan as die **eksosisteem** bekend. Op die ekokaarte word ook aanduidings gegee van verbintenisse tussen die gesin en aspekte in die breër gemeenskap, soos byvoorbeeld groter instansies binne die gemeenskap (Calix, 2004:27). Hier sal die navorser ’n aanduiding kry van byvoorbeeld die gesondheidsorg wat ter ondersteuning van die gehoorgestremde kleuter en die gesin beskikbaar is. Aangesien die moontlike versterking van gehoor deur middel van gehoorapparate of

kogliêre inplantings beduidende finansiële implikasies vir die gesin inhou, sal hierdie aspekte duidelik op die ekokaarte aangedui word.

Die **makro-vlak** invloed op die bestaande sisteme wat verteenwoordig word deur die groter sub-kulturele en kulturele kontekste sal ook sigbaar gemaak word deur die opstel van ekokaarte (Compton & Galaway, 1999:16). Dus sal oorkoepelende institusionele patrone van aspekte soos ekonomiese, sosiale, opvoedkundige en politiese sisteme wat 'n invloed op die gesin het, sigbaar wees (Hook *et al.*, 2002:318). Hierdie aspekte het gewoonlik 'n indirekte invloed op die familie binne die mikrosisteem. Armoede, wat 'n realiteit binne Suid-Afrika is, kan byvoorbeeld 'n indirekte rol in die onderhoud van die gesin van die gehoorgestremde kleuter speel.

### 2.4.4 Ekokaarte en die Gestalt-veldteorie

Yontef (1993:3) beskryf vanuit 'n veldteorie-perspektief die veld as die persoon binne sy lewensspasie waarvan die gedeeltes in onmiddellike verhouding met mekaar is en op mekaar reageer. Die persoon kan dus nie waargeneem word sonder die invloed van omgewingsfaktore nie.

Ekokaarte word beskryf as diagramme wat 'n individu of gesin binne 'n spesifieke sosiale konteks voorstel (Burton, 2009:33; Carpenter-Aeby, Aeby & Boyd, 2007:45; Rempel *et al*., 2007:403; Calix, 2004:26). Dus kan ekokaarte aangewend word om die veld soos vanuit die Gestalt-veldteorie grafies voor te stel.

Hierdie veld (Yontef, 1993) bestaan uit die interne wêreld van die persoon, die eksterne omgewing, en die dinamiese verhouding tussen hulle (Joyce & Sills, 2006:24). Binne ekokaarte word die energie, ondersteuning en hulpbronne uitgewys wat nodig is om spesifieke verhoudings binne die konteks te onderhou (Calix, 2004:26). Dus word die aard van die verhoudings duidelik uitgewys om sodoende positiewe en negatiewe faktore te kan identifiseer wat moontlik gehoorgestremde kleuters se ontwikkeling kan beïnvloed.

Volgens die veldteorie word die realiteit van 'n persoon binne die veld deur die subjektiewe ervaring van gebeurtenisse binne die veld gevorm (Mackewn, 2003:54). Ekokaarte skep die geleentheid vir die deelnemers om hul subjektiewe opinies

omtrent die verhoudings binne die sisteem te lig en sodoende word die realiteitsbelewing van die persone duidelik binne die proses van ekokaarte voltooi.

## 2.5 Samevatting

Binne hierdie hoofstuk is die paradigma uitgeengesit wat benut gaan word om die populasie binne die studie te ondersoek. Die Ekosistemiese teorie (Bronfenbrenner, 2004), asook die Gestalt-veldteorie (Yontef, 1993) bestaan uit beginsels wat gesamentlik ten doel het om die deelnemer binne sy omgewing te beskou. Die teorieë omtrent behoeftes (Maslow, 1954; Max-Neef, 1991) werp lig op die universele primêre behoeftes van die gehoorgestremde kleuter. Davies (1999) se buffer- en risikofaktore bied agtergrond omtrent faktore wat moontlik ’n invloed op die kleuter se ontwikkeling kan hê. Daar word dus na gehoorgestremde kleuters se algehele ontwikkeling gekyk deur die lens wat deur die paradigma geskep is. Die ontwikkeling van gehoorgestremde kleuters word ook in verband gebring met die ontwikkeling van normaalhorende kleuters. Literatuur toon aan dat gehoorgestremde kleuters tog agterstande toon in verskillende aspekte van ontwikkeling. Die omskrywing van die opvoedkundige instansie vir gehoorgestremde kleuters, bied agtergrond om die empiriese bevindinge duideliker verstaanbaar voor te hou.

Ekokaarte, wat tydens data-insameling benut gaan word, is verken en beskryf. Dit is ’n geskikte metode waarvolgens die deelnemer op eenvoudige en effektiewe wyse inligting vanuit sy omgewing kan verskaf.

# HOOFSTUK 3:
# NAVORSINGSMETODOLOGIE, DATA-ANALISE EN NAVORSINGSBEVINDINGE

## 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die navorsingstrategie uiteengesit, wat die benadering en soort navorsing insluit. Die navorsingsprosedure en metodologie sal uitgelig word, navorsingsbevindinge sal omskryf word en daarna sal temas uitgelig word wat vanuit die kwalitatiewe data ontstaan het. Literatuur van Hoofstuk twee sal met die bevindinge geïntegreer word, sowel as nuwe inligting wat as literatuurkontrole sal dien.

## 3.2 Navorsingsontwerp

### 3.2.1 Navorsingsbenadering

Die **kwalitatiewe benadering** is binne hierdie studie gebruik, wat die navorser die geleentheid bied om ’n fenomeen wat andersins onbeskikbaar was, te verstaan en te analiseer sonder kwantifisering (Kumar, 2005:12; Silverman, 2006:48). Dus word die deelnemer se verklaring van betekenis, ervarings of persepsies van sosiale lewe aan die lig gebring (Fouché & Delport, 2005:74). Hierdie studie het ten doel om vanuit ’n fenomenologiese perspektief te gaan verken hoe ouers buffer- en risikofaktore binne gehoorgestremde kleuters se omgewingskontekste uitwys. Die kwalitatiewe benadering vir hierdie studie het die geleentheid geskep vir die insameling van kultureel-spesifieke en kontekstueel-ryk data vanuit die ouers se perspektief, deur middel van spontane gespreksvoering en die opstel van ekokaarte (Mack, Woodsong, MacQueen, Guest & Namey, 2005:1).

### 3.2.2 Soort Navorsing

Basiese en toegepaste navorsing word onderskei (Kumar, 2005:4). **Toegepaste navorsing** is binne die studie gebruik, aangesien aanbevelings gemaak word nadat buffer- en risikofaktore verken is ten einde toepaslike ondersteuning vir ouers en kleuters te bewerkstellig (Fouché & De Vos, 2005:105). Die studie is **verkennend** en

**beskrywend** van aard (Arkava & Lane in Fouché & De Vos, 2005:105). Buffer- en risikofaktore is verken deur die vra van vrae wat die deelnemers die geleentheid bied om in hul eie woorde te antwoord (Mack *et al.*, 2005:4). nligting is verwerk en daarna is faktore beskryf om toepaslike aanbevelings te kan maak.

### 3.2.3 Navorsingstrategie

Die **instrumentele gevallestudie** as navorsingstrategie is gebruik om die sosiale kwessie ter sprake beter te verstaan (Fouché, 2005:272), met die toepassing van DRA-beginsels (Deelnemende Refleksie en Aksie) (Ebersöhn *et al.*, 2007:137). Die ouers van gehoorgestremde kleuters is gevra om ekokaarte saam te stel wat die verskeie omgewingskontekste verteenwoordig waarin die kleuters funksioneer. 'n Beter verstaan is dus gevorm omtrent die ouers se persepsie van buffer- en risikofaktore binne hul gehoorgestremde kleuters se omgewing.

## 3.3 Navorsingsprosedure en Metodologie

### 3.3.1 Literatuurstudie

'n **Literatuurstudie** het data-insameling voorafgegaan, om 'n logiese raamwerk vir navorsing te skep deur dit in konteks met verwante bestaande inligting te plaas (Delport & Fouché, 2005:263).

### 3.3.2 Steekproefneming

Die universum is enige potensiële persone wat die eienskappe besit waarin die navorser belangstel (Wilkie, 2006:44; Arkava & Lane in Strydom, 2005a:193). Die **universum** is alle ouers van gehoorgestremde kleuters binne die Kaapse Skiereiland. Die term populasie stel sekere grense aan die eenhede van die studie (Strydom, 2005a:193). Die **populasie** bestaan uit ouers van gehoorgestremde kleuters by die Carel du Toit-sentrum, Parow, Kaapse Skiereiland. **Nie-waarskynlikheid seleksie** (Kumar, 2005:177) is benut, aangesien deelnemers beperk en die grootte van die populasie binne die Kaapse Skiereiland onbekend is (Maree, 2007:177). **Doelgerigte steekproefneming** is gevolg en deelnemers het aan die volgende kriteria voldoen, naamlik ouers van gehoorgestremde kleuters

tussen vier en ses jaar by die Carel du Toit-sentrum, en wat Afrikaans of Engels as moedertaal kan verstaan en praat.

Die navorser het semi-gestruktureerde onderhoude gevoer met sestien ouers wat aan dié kriteria voldoen. Die ouers is deur die ouerleidingsterapeute geïdentifiseer, tesame met die navorser. Die ouers moes ’n vorm oor biografiese inligting voltooi, sodat die navoser spesifieke inligting as agtergrond van al die deelnemers kon bekom (Bylaag C). Die populasie vir die studie het as volg vertoon:

**Tabel 3.1 – Populasie vir studie**

| No. | Geslag van kleuter | Ouder-dom | Deelnemer (verhouding tot kleuter) | Ras | Huwelik-status | Aantal sibbe | Aantal lede in huis |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Vroulik | 5 | Moeder | Kleurling | Getroud | 1 | 5 |
| 2 | Manlik | 5 | Vader | Blank | Getroud | 1 | 4 |
| 3 | Manlik | 4 | Moeder | Indiër | Enkel | 1 | 5 |
| 4 | Vroulik | 6 | Moeder | Kleurling | Enkel | 0 | 2 |
| 5 | Manlik | 4 | Moeder | Blank | Getroud | 1 | 4 |
| 6 | Manlik | 5 | Moeder | Indiër | Getroud | 3 | 6 |
| 7 | Vroulik | 4 | Moeder | Blank | Getroud | 1 | 4 |
| 8 | Manlik | 6 | Moeder | Blank | Enkel | 0 | 2 |
| 9 | Vroulik | 4 | Moeder | Blank | Getroud | 0 | 3 |
| 10 | Manlik | 4 | Moeder | Kleurling | Getroud | 1 | 4 |
| 11 | Vroulik | 5 | Ouma | Kleurling | Enkel | 2 | 5 |
| 12 | Manlik | 4 | Vader | Blank | Enkel | 1 | 3 |
| 13 | Manlik | 6 | Moeder | Kleurling | Getroud | 1 | 4 |
| 14 | Vroulik | 6 | Vader | Kleurling | Getroud | 1 | 4 |
| 15 | Manlik | 4 | Moeder | Swart | Enkel | 1 | 4 |
| 16 | Manlik | 5 | Vader | Kleurling | Getroud | 2 | 5 |

Vervolgens sal daar na Deelnemer 1 tot 16 as **D1 tot D16** verwys word, om anonimiteit te verseker.

Semi-gestruktureede onderhoude met ouers het voortgeduur totdat versadiging van inligting bereik is (Taylor *et al.,* 2006:30); die punt binne data-insameling wanneer nuwe data geen verdere insig verleen in die navorsingsvraag nie (Mack *et al.*, 2005:5). Die deelnemers het genoegsame inligting verskaf en in latere onderhoude is dieselfde temas aan die lig gebring.

## 3.4 Data-insameling en -analise

### 3.4.1 Data-insameling

Data-insameling het deur **semi-gestruktureerde onderhoudvoering** (Greeff, 2005:296) met behulp van **die saamstel van ekokaarte** geskied. Die deelnemers moes ook 'n vorm oor biografiese inligting voltooi (Bylaag C). Onderhoudvoering het aan die navorser die geleentheid gebied om in-diepte inligting omtrent deelnemers se ervaringe en oogpunte van 'n spesifieke onderwerp te bekom (Turner, 2010:54), terwyl die Deelnemende-Refleksie-en-Aksie-tegniek van ekokaarte die deelnemers aangemoedig het om inligting sonder enige fokus op geletterdheidsvlak te verskaf (Ebersöhn *et al.*, 2007:136). 'n Vooraf-opgestelde **onderhoudskedule** (Bylaag G) gebaseer op literatuur, is as riglyn deur die navorser benut om duidelikheid omtrent die deelnemer se oogpunt te verbeter. Deelnemers het voor die navorsing inligting omtrent die navorsingsprosedure ontvang en het almal skriftelike toestemming tot die navorsing verleen (Bylaag B). Hul anonimiteit is verseker in die hoop dat deelnemers met gemak in-diepte inligting sal verskaf.

Die saamstel van ekokaarte is voor die onderhoud aan die deelnemers verduidelik en hul is 'n keuse gegee oor hoe hul die ekokaart kon voltooi. Simbole en riglyne (Bylaag E) is agterop die blad aangebring as riglyn tot voltooiing van die ekokaart. Die navorser het egter gevind dat deelnemers meestal verkies het om ook te gesels oor hul kleuter en nie alleen net die ekokaart wou voltooi nie. Onderhoude is met een deelnemer per sessie by die Carel du Toit-sentrum gevoer. Die onderhoude het in 'n afgesonderde vertrek plaasgevind om privaatheid te verseker. Die onderhoude het ongeveer 45 minute elk geduur.

Alle onderhoude is met behulp van 'n **stemopnemer opgeneem**, om te verseker dat geen inligting tydens data-analise verlore gaan nie. Deelnemers het voor onderhoude mondelings ingestem tot die opnames, met die voorwaarde dat dit na die aanteken van data uitgevee sal word.

### 3.4.2 Data-analise

Data-analise word gesien as 'n voortdurende herhalende proses wat begin in die vroeë fases van data-insameling en regdeur die studie voortgaan (Bradley, Curry &

Devers, 2007:1760). Analise en interpretasie van data word verlang om orde en verstaan moontlik te maak (Taylor-Powell & Renner, 2003:1). Die nege stappe van Creswell (in De Vos, 2005:334-339) word benut as riglyne vir data-analisering en sal vervolgens bespreek word.

#### 3.4.2.1 Beplanning vir opneem van data

Die navorser moes voor die onderhoude ’n stemopnemer vind om tydens onderhoude te gebruik. Die navorser moes ook ’n sisteem in plek stel om die data na die rekenaar oor te dra en die leërs in ’n spesifieke volgorde op die rekenaar te stoor om verwarring uit te skakel.

#### 3.4.2.2 Data-insameling en voorafgaande analise

De Vos (2005:335) redeneer dat data-analise binne kwalitatiewe navorsing ’n tweeledige benadering verlang; data-analise tydens data-insameling, sowel as data-analise nadat data-insameling afgehandel is. Hierdie tweeledige benadering het ten doel dat die navorser deurentyd hersiening van die insamelingsprosedures en -strategieë kan doen. Alhoewel die navorser nie enige veldnotas tydens data-insameling gemaak het nie, is vooraf-opgestelde vrae aangepas by latere onderhoude om die rykheid van die data te verdiep en om sekere temas uit te lig.

#### 3.4.2.3 Organisering van data

Die navorser het die vorms oor biografiese inligting, sowel as die ondertekende toestemming tot navorsing en ekokaart volgens datum van onderhoud geliasseer. Die opnames is in dieselfde volgorde binne leërs op die rekenaar gestoor.

#### 3.4.2.4 Lees en skryf van aantekening

Die navorser het met verskeie geleenthede deur die opnames geluister en elektroniese notas gemaak omtrent die inligting wat vir haar uitgestaan het, met klem op spesifieke woorde wat die ouers gebruik het. Deur hierdie proses herhaaldelik deur te gaan, kon die navorser haar notas aanpas.

Die hulp van ’n eksterne kodeerder is gebruik om objektiwiteit rondom data te verseker (De Vos, 2005:347). Die eksterne kodeerder het ’n

vertroulikheidsooreenkoms ten opsigte van inligting onderteken voordat sy na die opnames geluister het (Bylaag E). Die deelnemers is ook vooraf ingelig dat die eksterne kodeerder oor toegang tot die inligting sal beskik (Bylaag B).

#### 3.4.2.5 Voortbring van kategorieë, temas en patrone

Bradley, Curry en Devers (2003:1761) definieer temas as herhalende, eenheidvormende konsepte of stellings omtrent die konsep in aanvraag. Die analitiese proses verlang ’n verhoogde bewustheid van die data, ’n gefokusde aandag op die data en ’n openheid tot die subtiele, taktiese onderstrominge van sosiale lewe (De Vos, 2005:338). Aangesien hierdie studie binne die werksomgewing van die navorser geskied, is sy bevoorreg om reeds oor in-diepte kennis omtrent die spesifieke inligting te beskik. Die navorser het algemene temas binne elke onderhoud verken en die inligting rondom spesifieke temas gegroepeer. Sy het ook van haar kennis rondom literatuur gebruik gemaak om haar inligting te groepeer (Bylaag G). Die eksterne kodeerder het ook temas verken. Die navorser het die temas verken deur die kodeerder se temas met haar eie te vergelyk en aanpassings tot haar werk te maak.

#### 3.4.2.6 Kodering van data

Nadat temas verken is, moes die navorser ’n koderingskema in plek stel om die inligting te groepeer (De Vos, 2005:338). Die navorser het gebruik gemaak van verskillende kleure om inligting uit elke onderhoud te groepeer en dan die inligting van al die onderhoude saam te plaas. De Vos (2005:338) noem dat die navorser binne die koderingsproses ’n beter begrip omtrent die data kan vorm en sodoende veranderinge kan aanbring. Die navorser het aan die temas verander met afloop van die koderingsproses.

#### 3.4.2.7 Toets van ontstaande begrip

Die navorser toets haar eie ontstaande begrip vir die data deur weer daardie data te verwerk. As deel van hierdie proses moet die data ook geëvalueer word vir die nut van die data en die sentraliteit daarvan tot die navorsing (De Vos, 2005:339). Die navorser kyk dus dieper as net die voorhandliggende temas binne die navorsing.

#### 3.4.2.8 Soeke na alternatiewe verduidelikings

In plaas daarvan om slegs te fokus op die voor die hand liggende patrone, moet die navorser krities na daardie patrone kyk en vir ander verduidelikings soek, sowel as ander verbintenisse tussen inligting (De Vos, 2005:339). ’n Literatuurkontrole (Delport & Fouché, 2005:265) volg die analiseproses om vir verdere verduidelikings en verbintenisse binne die literatuur te soek.

#### 3.4.2.9 Aanteken van inligting

Die navorser moet nou die inligting bekendstel binne ’n verwerkte vorm van wat in die data bevind is (De Vos, 2005:339).

## 3.5 Bevindinge vanuit die data

Kategorieë en temas is verken vanuit die verwerkte data soos bevind in die sestien semi-gestruktureerde onderhoude met ouers. Davies (1999:8) kategoriseer buffer- en risikofaktore onder die volgende: kleuter-, gesins- en omgewingsfaktore. Die navorser het die data binne daardie kategorieë verdeel. Die data word binne tabelvorm aangebied ter opsomming van die bevindinge en daarna word elke tema omvattend bespreek.

**Tabel 3.2 – Opsomming van bevindinge**

| Bufferfaktore | Risikofaktore |
|---|---|
| **Die Kleuter**<br>1. Persoonlikheid<br>2. Gehoorversterking<br>3. Persepsie wat kleuter van gehoorapparate het<br>4. Sosiale vaardighede en gedrag<br>5. Intellektuele vermoëns van kleuter<br>6. Ontwikkelingsagterstande<br>7. Ouers se persepsie van kleuter<br>8. Kleuter se houding ten opsigte van onderrig | **Die Kleuter**<br>1. Persoonlikheid<br>2. Praktiese implikasies van gehoorapparate<br>3. Onverstaanbaarheid en tekort aan taal<br>4. Traumatiese ervaringe<br>5. Intellektuele vermoëns van kleuter<br>6. Ander ontwikkelingsagterstande |

| | |
|---|---|
| **Die Gesin**<br>1. Sterk gesinsverhoudinge<br>2.Verantwoordelikheid en dissipline van gehoorgestremde kleuter<br>3. Vaste roetine<br>4. Familiebetrokkenheid<br>5. Finansiële ondersteuning<br>6. Ondersteuning binne werksomgewing vir ouers<br>7. Ondersteuning vanaf Sentrum vir ouers<br>8. Ander aktiwiteite waarby ouers betrokke is<br>9. Ouers se bewustheid van hul omstandighede | **Die Gesin**<br>1. Gesinsopset<br>2. Opofferinge en veranderinge<br>3. Hantering van kleuter by die huis<br>4. Ouers se persepsie rondom gehoorverlies en hul gehoorgestremde kleuter<br>5. Finansiële implikasies van gehoorgestremd-heid vir gesin<br>6. Tekort aan ondersteuning binne ouers se werksomgewing<br>7. Tekort aan genoegsame tyd<br>8. Praktiese implikasies van betrokkenheid by Sentrum<br>9. Ouers se selfpersepsie |
| **Die Gemeenskap**<br>1. Ondersteuning van gemeenskapslede<br>2. Finansiële ondersteuning van gemeenskap<br>3. Positiewe reaksies van gemeenskap teenoor kleuter<br>4. Veilige huislike omgewing<br>5. Hulp van staat, mediese fonds en mediese dienste | **Die Gemeenskap**<br>1. Onvoldoende ondersteuning van gemeenskapslede<br>2. Negatiewe reaksies van gemeenskap teenoor kleuter<br>3. Gemeenskapslede se persepsies van kleuter se gesin<br>4. Onveilige huislike omgewing<br>5. Onvoldoende hulp van staat, mediese fonds en mediese dienste |

Alhoewel hierdie studie fundamenteel rondom die gehoorgestremde kleuter saamgestel is, is die fokus op die ouers en hul ervarings. Daar mag faktore wees wat vir die gehoorgestremde kleuter tot voordeel strek, maar wat 'n nadelige invloed op die gesin het, soos byvoorbeeld ouers wat al hul aandag op hul gehoorgestremde kleuter fokus en hul ander kleuters verwaarloos. Hierdie faktore sal egter onder risikofaktore aangedui word, aangesien die verwaarlosing van sibbe tot nadeel van die gesinstruktuur strek.

### 3.5.1 Buffer- en risikofaktore binne die ontwikkeling van die gehoorgestremde kleuter

Bufferfaktore (Goodman, 2007; Davies, 1999) word omskryf as faktore wat tot die gesonde funksionering van die gesin kan bydra en kan die bevrediging van kleuters

se behoeftes positief beïnvloed (Luckner & Velaski, 2004:87). Hierdie faktore kan omstandighede en gedrag wees wat die moontlike negatiewe of ongewensde ontwikkelingsuitkomste verminder en hulpbronne soos familievaardighede insluit (Murry & Brody, 1999:462).

Daar kan egter, binne behoeftevoorsiening, faktore wees wat die ouers verhoed om effektief in gehoorgestremde kleuters se primêre behoeftes te voorsien en wat die kleuters se kwesbaarheid vir negatiewe en ongewenste ontwikkelingsuitkomste verhoog (Murry & Brody, 1999:462). Dit word risikofaktore genoem (Goodman, 2007; Buchanan *et al.*, 2002; Davies, 1999).

Ontwikkeling verwys na die biologiese en psigologiese veranderinge wat vanaf geboorte tot volwassenheid binne ’n persoon plaasvind, soos die individu vorder van afhanklikheid tot toenemende outonomie (Child Development – 2010:1; Louw *et al*., 2001:3). Davies (1999:46) noem faktore “binne” die kind wat kwesbaarheid en buigbaarheid beïnvloed, soos biologiese toestande, genetiese oorerflikheid en persoonlike karaktereienskappe. Gehoorgestremde kleuters verskil juis van normaalhorende kleuters deurdat hul met ’n gehoorverlies presenteer. Die navorser gaan eerstens fokus op die gehoorgestremde kleuter se persoonlike bydra tot eie ontwikkeling, deur te kyk na die kleuter se interne prosesse en die interne wêreld wat binne die veld voorkom, soos deur die Gestalt-veldteorie omskryf (Joyce & Sills, 2006:24).

#### 3.5.1.1 Bufferfaktore ten opsigte van die gehoorgestremde kleuter

##### 3.5.1.1.1 Persoonlikheid

Verskeie deelnemende ouers het fokus op hul kleuters se persoonlike karaktereienskappe geplaas. Die ouers beweer dat meeste van die gehoorgestremde kleuters oor sterk persoonlikhede beskik, dat hul hardkoppig voorkom en tot ’n mate baie onafhanklik optree. **D5** wonder of haar seun se sterk deursettingsvermoë nie spruit vanuit hanteringsmeganismes wat hy as gevolg van sy gehoorverlies aangeleer het nie. **D16** noem die volgende van sy seun:

*“I think his hearing loss makes him what he is – and his independence. His hearing impairment doesn’t hold him back at all.”*

Persoonlikheidsontwikkeling gedurende die kleuterjare hou verband met verdere ontwikkeling van die selfkonsep (Louw *et al*., 2001:271). Kurtzer-White en Lutherman (2001:22) noem dat selfbeeldontwikkeling oor ’n taal-, sowel as ’n sosiaal-emosionele en/of nie-verbale komponent beskik. Dit is dus moontlik dat gehoorgestremde kleuters, vanweë ’n agterstand in taal (The deaf child – Introduction, 2005), ander maniere binne hulself vind om hulself te definieer, soos byvoorbeeld deur onafhanklik te probeer optree.

#### 3.5.1.1.2 Gehoorversterking

Die navorser het tydens data-insameling gevind dat alle deelnemers se gehoorgestremde kleuters oor gehoorversterking beskik en dat hierdie aspek ’n beduidende rol in die verkenning van buffer- en risikofaktore speel. Dit is daarom belangrik om gehoorversterking vanuit literatuur te beskryf. Gehoorversterking, hesty in die vorm van gehoorapparate of ’n kogliêre inplanting, vorm al hoe meer deel van die gehoorgestremde kleuter se funksionering. ’n **Gehoorapparaat** is enige toestel wat ontwerp is om klank na die oor te neem en te versterk, wat bestaan uit ’n mikrofoon, versterker en ’n ontvanger (Stach, 2003:122). ’n **Kogliêre inplanting** is ’n toestel wat persone met ’n uitermatige gehoorverlies in staat stel om klank waar te neem, wat bestaan uit ’n elektrode wat chirurgies in die koglea ingeplant is en elektriese seine na die senuwee stuur, sowel as ’n eksterne versterker, wat die elektrode aktiveer (Stach, 2003:57).

Binne die Gestalt-veldteorie noem Joyce en Sills (2006:24) dat die veld onder andere uit die interne wêreld van die persoon bestaan, terwyl die Ekosistemiese teorie beweer dat die persoon self (met sy individuele samestelling van biologiese, kognitiewe, emosionele en gedrags-karaktereienskappe) ’n komponent binne die sisteme is wat bestudeer moet word (Bronfenbrenner, 2004:15). Gehoorversterking is dus ’n integrale deel van hierdie gehoorgestremde kleuters en kan moontlik ’n invloed op hul denke van hulself hê, sowel as die wyse waarop hulle teenoor ander reageer.

**D9** verwys na die verskil wat gehoorapparate in haar dogter se lewe gemaak het ten opsigte van kommunikasie met ander:

*"Sy was baie teruggetrokke en het nie maklik met mense gepraat nie totdat sy die gehoorapparate gekry het, en toe begin sy blom".*

**D10** verwys ook na die hardkoppigheid wat gepaard gegaan het met 'n gehoorverlies, en hoe haar kleuter meer positief reageer vandat hy kan hoor en leer praat. Soos reeds vermeld, beskik al die gehoorgestremde kleuters binne die studie oor gehoorversterking. Al die deelnemers se kleuters ontvang voldoende gehoorversterking deur goeie gehoorapparate of koglière inplantings (Stach, 2003:57,126). Dus kan gehoorversterking help om die frustrasie rondom gehoorgestremdheid te verminder en kommunikasievaardighede te bevorder soos kleuters leer praat (na afloop van onderrig in die Ouditief-Verbale metode). Vroeë identifikasie van gehoorverlies, soos vermeld in Hoofstuk twee, is baie belangrik vir taalontwikkeling. Gehoorversterking op 'n vroeë ouderdom kan dus taalontwikkeling bevorder. Max-Neef (1991:27) noem dat 'n persoon die behoefte het om 'n deelnemende bydrae te maak. Deur gehoorversterking word gehoorgestremde kleuters die geleentheid gebied om aan gesprekke met sibbe en ander bydraende rolspelers deel te neem.

**3.5.1.1.3 Persepsies wat kleuters van gehoorversterking het**

Slegs die kleuters van **D9**, **D11** en **D15** het aanvanklik gesukkel om met gehoorversterking aan te pas. Die ander kleuters het geen probleem met hul gehoorapparate of koglière inplantings nie en is gemaklik daarmee, alhoewel sommige van die kleuters daaraan gewoond moes raak. Aangesien meeste van die kleuters reeds op 'n jong ouderdom met 'n gehoorverlies geïdentifiseer is, is hul gehoorversterking van kleins af deel van hul realiteit. **D8** en **D5** noem dat hul kleuters hulself as die "normale" kleuter beskou:

*"He has not registered that he is not normal".*

Hierdie persepsie kan egter ouderdomsgebonde wees en kan oor tyd verander, soos **D5** vermeld. Kleuters begin soms volgens die ouers op hierdie ouderdom besef wat die belangrikheid van gehoorversterking is:

*"Hy is baie bewus daarvan dat hy beter kan hoor as hy sy gehoorapparate in het."* **(D12)**

Die ouer kleuters in die groep (6-jariges), soos die kleuters van **D13** en **D16**, begin verantwoordelikheid neem oor hul kogliêre inplantings of gehoorapparate deur self batterye om te ruil of vir grootmense te vertel as hul nie kan hoor nie. Dus help ’n positiewe persepsie van gehoorversterking die kleuter om altyd toegang tot gehoor te hê en ook van jongs af verantwoordelikheid oor hul gehoorverlies te neem.

Die aanvaarding van gehoorversterking kan ook tot die kleuters se aanvaarding van hulself bydra. Louw *et al*. (2001:288) beweer dat selfkonsepontwikkeling begin met die bewustheid van hulself vanaf die eerste lewensjaar tot verdere ontwikkeling in die kleuterjare. Maslow (1954) en Max-Neef (1991:27) noem ook die behoefte aan ’n goeie selfbeeld en identiteit – wat die kind bereik, verantwoordelikheid en hoe die kind homself sien (Prince & Howard, 2002:28), asook behoefte aan aanvaarding as unieke persoon wat ’n gevoel van selfvertroue skep (Max-Neef, 1991:27). Dus kan bewustheid oor die belang van gehoorversterking, bewustheid rondom selfagting verhoog.

#### 3.5.1.1.4 Sosiale vaardighede en gedrag van kleuter

Volgens **D2**, **D3**, **D4**, **D11**, **D12** en **D16** dra die kleuters se persoonlikhede hul op sosiale vlak en is hul baie sosiaal. ’n Paar kleuters se uitspraak is volgens **D2**, **D3**, **D9** en **D12** duidelik en hulle is maklik verstaanbaar, wat kommunikasie met ander persone vergemaklik. Binne die kleuterjare word **sosiale ontwikkeling** gekenmerk deur die veranderinge in kleuters se omgang en verhoudings met ander mense (Louw *et al*., 2001:300). Volgens die Ekosistemiese teorie staan die persoon in dinamiese verhouding met die konteks en is hierdie verhouding ’n wedersydse groeiende entiteit wat geleidelik die persoon se sosiale milieu verander (Bronfenbrenner, 2004).

Die feit dat die kleuters almal skoolgaan, waar spraak en kommunikasie aangeleer word (soos vermeld in Hoofstuk twee), kan tot die ontwikkeling van sosiale vaardighede bydra. Binne skoolopset word daar ook verskeie geleenthede gebied vir spel met sibbe, wat een van die belangrikste wyses is waarop sosiale interaksie tydens die kleuterjare plaasvind (Louw *et al*., 2001:303).

Kleuters gebruik ook taal om te kommunikeer en hul behoeftes bekend te maak, asook vir sosiale interaksie en om verhoudings te vestig en in stand te hou (Louw *et*

*al*., 2001:258). Maslow (1954) se teorie verwys na die behoefte aan behoort, wat kan lei tot aandagsoekerige gedrag by die jong kind (Poston, 2009:350). Deur goeie sosiale vaardighede kan kommunikasie verbeter word en is die moontlikheid groter dat die kleuter se behoefte aan behoort vervul kan word.

#### 3.5.1.1.5 Intellektuele vermoëns van kleuters

**D2**, **D4**, **D5**, **D6**, **D8**, **D9**, **D11**, **D13**, **D14** en **D16** beweer dat hul kleuters oor sterk intellektuele vermoëns beskik, en nuwe taal en konsepte vinnig aanleer. **D9**, **D13** en **D16** noem dat hul kleuters se begrip ook goed is. Jordaan en Jordaan (2004:581) noem vanuit Maslow se hiërargie van behoeftes die behoefte om te ken en te verstaan. Hierdie behoefte aan verstaan kan bydra tot die verstaan van hul gehoorverlies en wat die implikasies daarvan is, alhoewel sommige van die kleuters nog te jonk is om die volle implikasies te besef. Sterker intellektuele vermoëns kan ook bydra tot die vervulling van ’n behoefte aan ken en verstaan. ’n Gevolg van kleuters se gehoorverlies is die toenemende agterstand in die aanleer van taal (The deaf child – Introduction, 2005:1), sowel as ’n agterstand in kognisie (Terwogt & Rieffe, 2004:27). Die vinnige aanleer van nuwe taal help met die ontwikkeling van die kleuter se selfkonsep (Dixon & Stein, 2006:437) en het ook ’n verdere invloed op kleuters se kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling (Louw *et al*., 2001:257).

#### 3.5.1.1.6 Ontwikkelingsagterstande

**D2**, **D4**, **D5**, **D6**, **D9**, **D10**, **D11**, **D12**, **D13**, **D14** en **D16** se kleuters toon geen verder ontwikkelingsagterstande nie, behalwe die taalagterstand in die aanleer van taal as gevolg van hul gehoorverlies. Bronfenbrenner (2004:15) noem onder andere die persoon self as een van die komponente waarbinne die persoon as geïntegreerde ontwikkelende sisteem bestudeer kan word. Die individuele samestelling van biologiese karaktereienskappe, wat ander ontwikkelingsagterstande kan insluit, sal dus ook ’n invloed op die kleuter se algehele ontwikkeling hê.

#### 3.5.1.1.7 Die ouers se persepsie van gehoorgestremde kleuters

**D2** beklemtoon die belang daarvan om gehoorgestremde kleuters as normaal te beskou. **D10** geniet dit om te sien dat haar seun dinge doen wat ’n normale kleuter

ook doen. Hierdie persepsie dra daartoe by dat die ouers die kleuters ook dan normaal hanteer:

*"Deurdat my twee kleuters gehoorgestremd is … sit ek nie vir hulle op 'n pedestal omdat hulle gehoorprobleme het nie. Ek treat vir hulle normaal … baie normaal, soos ek nou my ander seuns treat." (**D6**)*

**D4** noem die volgende:

*"Sy makeer niks, sy is net 'n dowe kind, dis al."*

Volgens die Gestalt-veldteorie kan ander persone binne die veld se persepsies 'n invloed op die realiteitsbelewing van die persoon in die veld hê (Mackewn, 2003:54). Kurtzer-White en Luterman (2001:17) verwys na die rouproses waardeur ouers gaan om hul kleuter se gehoorgestremdheid te aanvaar. Hul beweer dat ouers se behoefte aan 'n rede vir gehoorgestremdheid soms hul aandag aflei van die realiteit van die kind se behoeftes. Aangesien persone volgens Maslow se teorie (1954) 'n behoefte aan behoort en liefde het (Van Wagner, 2009), kan die manier waarop ouers teenoor hul kleuters optree 'n invloed op die kleuters se ontwikkeling en belewenisse van hulself hê.

Volgens Hintermair (2006:493), speel die gesin 'n baie belangrike rol as sentrale plek vir primêre sosiale, emosionele en kognitiewe ervaringe. Indien die ouers moontlik oorbeskermend optree teenoor hul kleuters wat "anders" is, kan hul die kleuters weerhou van ervaringe wat verdere ontwikkeling in bogenoemde areas moontlik kon maak.

#### 3.5.1.1.8 Die kleuter se houding teenoor onderrig

Al die ouers noem dat die kleuters baie gelukkig is om na die Sentrum te kom en dat hul skool baie geniet. By die Sentrum het hul baie vriende van hul eie ouderdom, wat tot die ontwikkeling van sosiale vaardighede bydra. **D14** benadruk die volgende:

*"The (Her) friends are basically an extention of our family."*

**D2** noem dat kleuters deur die onderwyseres gestimuleer word om te praat, en ander ouers verneem dat die kleuters se taal baie ontwikkel vandat hul die Sentrum

bywoon. Volgens **D12** help die skool ook met ontwikkeling op alle vlakke en leer die kleuters daar hoe om te sosialiseer.

Kinders raak toenemend meer bewus van hul eie en ander se emosies (Louw *et al*., 2001:271). Aangesien kleuters se emosionele gevoel rondom skool gelukkigheid is, soos deur die ouers geïdentifiseer, kan hul meer bewus word van die emosie wat positiewe ontwikkeling tot gevolg kan hê.

Sosiale en emosionele ontwikkeling hou grootliks verband met die interaksie wat tussen kleuters self en ander bestaan (Louw *et al*., 2001:300). Die kleuters kry die geleentheid om binne ’n veilige omgewing met hul sibbe te sosialiseer. Kinders se behoefte aan sorg en aanpasbaarheid wat die gevoel van sekuriteit skep (Max-Neef, 1991:32), kan vervul word deur die veilige omgewing wat by die skool geskep word, sowel as die behoefte aan sosialisering en deelname (Maslow, 1954). Die sosiale opset dra ook tot die ontwikkeling van die kleuter se selfkonsep by, aangesien internalisering van waardes en verwagtinge van sosiaal aanvaarbare gedrag binne hierdie opset kan plaasvind (Dixon & Stein, 2006:439). So kan die behoefte aan aanvaarding as unieke persoon vervul word (Max-Neef, 1991:27).

Kleuters leer oor aanvaarbare en korrekte gedrag deur volwassenes waar te neem en na te boots (Gething *et al.,* 1999:224). Onderwysers by die Sentrum kan as rolmodelle optree, veral om bewustheid by kleuters te bevorder oor hoe om taalstrukture aan te leer. Soos reeds vermeld het persone die behoefte om te ken en te verstaan (Jordaan & Jordaan, 2004:581), sowel as die behoefte om ontspanning en genot te ervaar (Max-Neef, 1991:32). Beide hierdie behoeftes kan vir gehoorgestremde kleuters in die Sentrum vervul word, waar hul op ’n genotvolle wyse kognitief gestimuleer word. Davies (1999:81-83) beweer ook dat ’n goeie skool as bufferfaktor beskou moet word.

#### 3.5.1.2 Risikofaktore ten opsigte van die gehoorgestremde kleuter

##### 3.5.1.2.1 Persoonlikheid

**D1**, **D3** en **D16** noem dat hul kleuters nie regtig sosiaal is en met enige persoon sal gesels nie. Volgens **D16** sal sy kleuter kies met wie hy in interaksie wil tree. **D14** noem ook dat gehoorverlies in sommige gevalle as ’n verskoning vir sekere optrede

gebruik word. Daar is vasgestel dat kinders met veral ekspressiewe en reseptiewe taalagterstand meer sosiale probleme as kinders sonder hierdie taalagterstande ervaar (Botting & Conti-Ramsden, 2000:105). Binne die program wat by die Sentrum aangebied word, kry die kleuter van jongs af huiswerk om kommunikasie tussen die ouer en die kleuter te bevorder en vaslegging te bewerkstellig (soos vermeld in Hoofstuk twee). **D14** glo dat sy dogter se spelerige temperament haar daarvan weerhou om opvoedkundige ervaringe te beleef. Hy beskou dit as 'n risikofaktor, maar tog is dit bekend dat kleuters ook deur spel leer en ontwikkel. Spel dra tot die kleuter se kognitiewe ontwikkeling by (Louw *et al.*, 2001:268). Kleuters se behoefte aan sosialisering en deelname, soos deur Maslow (1954) vermeld, kan dus deur persoonlikheidseienskappe geïnhibeer word wat kleuters van sosiale situasies weerhou.

#### 3.5.1.2.2 Praktiese implikasies van gehoorversterking vir gehoorgestremde kleuters

**D9**, **D11** en **D15** noem dat hul kleuters aan die begin nie die gehoorapparate wou dra nie en eers daaraan moes gewoond raak. Tydens hierdie tydperk weet die ouers nie altyd hoe om hul kleuters te hanteer nie, soos deur **D9** en **D10** bevestig, en in die proses neem kleuters moontlik nog langer voordat hul kan leer luister en praat. Pipp-Siegel, Sedey en Yoshinaga-Itano (2002:3) beweer dat spanning binne die ouer-kind interaksie gekonseptualiseer word deur probleme binne interaksie met die kind. Volgens die Ekosistemiese teorie kan die gebrek aan verstaan van beide gehoorgestremde kleuters en persone uit hul omgewing binne interaktiewe prosesse (Hook *et al.*, 2002:312), tot nadeel van die kleuter se ontwikkeling wees. Dit is moontlik dat daar dus nie, soos in Maslow se teorie (Maslow, 1954), aan die kleuter se behoefte van behoort en liefde (Van Wagner, 2009) voldoen word nie.

**D14** noem dat sy dogter soms uit die swembad sal klim, sal luister terwyl haar boetie sy speletjie verduidelik, en dan weer in die swembad sal terugklim. Sy sal andersins nie aan hul speletjie kan deelneem nie, wat nadelig vir haar sosiale ontwikkeling en haar selfbeeld kan wees. Gehoorapparate en kogliêre inplantings mag nie nat word nie, alhoewel die nuutste apparate waterdig is. Indien gehoorapparate of kogliêre

inplantings nat word, is dit ’n ongerekende finansiële uitgawe wat ouers nie noodwendig kan bekostig nie, soos deur **D8** en **D13** bevestig. Kleuters met gehoorapparate sal oor ’n mate van gehoor beskik indien hul swem of bad, maar kleuters met kogliêre inplantings, wat uitermatige gehoorverlies het (Stach, 2003:127), sal geen klanke kan hoor nie. Persone het volgens Maslow se teorie (Jordaan & Jordaan, 2004:581) die kognitiewe behoefte om te ken en te verstaan. As gevolg van die praktiese implikasies van gehoorversterking, word kleuters soms daarvan ontneem om ’n situasie te verstaan, soos in die situasie van **D14** se dogter in die swembad genoem is.

#### 3.5.1.2.3 Onverstaanbaarheid en tekort aan taal

**D10** noem dat haar seun baie emosies ervaar het omdat hy nie kon hoor of verstaan nie. **D5** verduidelik dat sy nie altyd weet wat haar seun se ervaring is nie, aangesien hy nie oor genoeg taal beskik om homself uit te druk nie. **D8** noem die volgende oor haar seun:

*“He has a lot of potential, but obviously we have to deal with the hearing side of things”.*

Aangesien kleuters met gehoorverlies geïdentifiseer is en al die kleuters nie reeds op ’n jong ouderdom kogliêre inplantings of gehoorapparate ontvang het nie, het hul ’n agterstand in hul taalontwikkeling. Hulle presenteer ook met ’n toenemende agterstand in die aanleer van taal (The deaf child – Introduction, 2005). Hierdie agterstand sluit ’n tekort aan woordeskat, taalstrukture en ’n gebrek aan duidelike uitspraak in. Ouers kan gewoonlik beter verstaan wat hul kleuters sê omdat hulle die meeste tyd met hul kleuters spandeer, maar ander mense sukkel om te verstaan. Vaccari en Marschark (1997:793) redeneer ook dat normaalhorende ouers nie ten volle op hul gehoorgestremde kinders se behoeftes reageer nie, as gevolg van ’n tekort aan kommunikasie. Kleuters se behoefte om ’n deelnemende bydrae te maak, soos deur Max-Neef vermeld (1991:27), kan onvervuld bly as gevolg van ’n tekort aan effektiewe kommunikasie. Dit kan tot ’n gevoel van frustrasie by die kleuters lei, omdat mense as gevolg van ’n tekort aan begrip nie toepaslik reageer op wat hul probeer sê nie.

#### 3.5.1.2.4 Traumatiese ervaringe

Sekere traumatiese gebeurtenisse in die kleuters se lewens kan moontlik toekomstige reaksies teenoor sekere mense of ervaringe teweeg bring. **D7** noem van haar seun wat hospitaal toe moes gaan omdat hy seergekry het. Hulle het gesukkel om hom te kalmeer en moes sy hande vasbind. Hy hou van daardie tyd af nie meer van dokters nie (alhoewel hy die dokter gereeld sal moet besoek) en hy wil ook nie vasgehou word nie. **D4** se dogter het baie min kontak met haar vader en moes aanvaar dat hy nou ’n ander gesin het om te versorg. **D9** se man het hulle vir ’n tydperk verlaat nadat die kleuter drie maande oud geword het.

Hindley (2004:1) noem dat die ontwikkeling van sosiale en emosionele vaardighede begin by die verhoudings wat gehoorgestremde kinders met hul ouers het. In twee van die bogenoemde gevalle word die verhouding wat die kleuter met ’n gesinslid het beïnvloed, wat dus ontwikkeling kan inhibeer. Die behoefte aan veiligheid (Maslow, 1954), asook sorg en aanpasbaarheid wat ’n gevoel van sekuriteit skep (Max-Neef, 1999:32), word moontlik nie vervul indien die gesinstruktuur skielik minder sekuriteit bied nie. Binne die Ekosistemiese teorie word daar na die chronosisteem verwys: die kort- en langtermyn tyddimensies van ’n individu se lewe, asook die sosio-historiese tyddimensie van die individu se makrosisteem (Johnson, 2008:3). Gebeure soos isolasie van ’n geliefde of ’n traumatiese korttermyn mediese situasie, kan ’n invloed op die kleuter se realiteitservaring hê. Stein (2007:3) benadruk die impak wat die kind se verlede op die huidige ontwikkeling kan hê. Die Gestalt-veldteorie (Yontef, 1993) erken ook gebeure binne die veld wat ’n invloed op die kleuter se ontwikkeling kan hê.

#### 3.5.1.2.5 Intellektuele vermoëns van kleuter

Slegs **D7** noem dat haar seun ’n rukkie neem om nuwe taal aan te leer, terwyl **D4** beweer dat haar dogter met die verstaan van party konsepte sukkel. Indien kleuters nie sterk intellektuele vermoëns het nie, kan hulle langer neem om te leer kommunikeer en so moontlik hul ontwikkeling inhibeer. Hul kognitiewe behoefte aan ken en verstaan (Jordaan & Jordaan, 2004:581), soos deur Maslow (1954) vermeld, word moontlik nie vervul nie. Binne die Ekosistemiese teorie word daar klem op die persoon se interaksie met die omgewing gelê (Meyer *et al.*, 2008; Hook *et al.*,

2002:312). Hierdie interaksie word egter bemoeilik met die langer tyd wat dit neem om taal aan te leer.

#### 3.5.1.2.6 Ander ontwikkelingsagterstande

**D8** noem dat haar seun met ’n algehele ontwikkelingsagterstand geïdentifiseer is. Dus kan sy algehele ontwikkeling nadelig beïnvloed word, aangesien die kleuter uit ’n ekosistemiese perspektief as entiteit beskou word wat uit verskillende dele bestaan en wat geïntegreerd beskou moet word (Jordaan & Jordaan, 1998:31).

### 3.5.2 Buffer- en risikofaktore ten opsigte van die gesin van die gehoorgestremde kleuter

Vanuit ’n Ekosistemiese perspektief, speel die gesin ’n baie belangrike rol in die kleuter se ontwikkeling, aangesien hul deel van die kleuter se mikrosisteem vorm. Hulle is dus binne die onmiddellike omgewing waarin die persoon binne ’n gegewe oomblik in sy lewe optree (Oswald, 2008:1; Bronfenbrenner, 2004:11). Die mesosisteem bestaan uit ’n stel mikrosisteme wat tot die persoon se ontwikkeling binne ’n sekere ontwikkelingsperiode bydra (Bronfenbrenner, 2004:11). Dus is daar ook faktore wat die gesin tot so ’n mate sal beïnvloed dat dit ’n indirekte invloed op die kleuter se ontwikkeling sal hê.

Yontef (1993:3) beweer ook, vanuit die perspektief van die Gestalt-veldteorie, dat alle gedeeltes deur gebeurtenisse in die veld aangeraak word. Dus sal gebeurtenisse binne die gesin die kleuter nie onaangeraak laat nie. Vir die doel van hierdie studie sal buffer- en risikofaktore ten opsigte van die gesin die uitgebreide familie insluit, sowel as die werksplekke van die ouers en die Sentrum waar die kleuters skoolgaan, aangesien dit ’n omgewing is waarin die ouers en kleuters elke dag aktief betrokke is.

Max-Neef (1991:16) noem dat die sinvolste algehele ontwikkelingsproses gepaard gaan met die optimale verbetering in lewenskwaliteit, en lewenskwaliteit word bepaal deur die moontlikheid wat persone het om hul fundamentele behoeftes na wense te bevredig. Kleuters is ook in alle opsigte afhanklik van hul ouers (Louw *et al*., 2001:283,300; Miriam Webster Dictionary, 2009) en dus is die gesin daarvoor verantwoordelik om in die gehoorgestremde kleuter se behoeftes te voorsien.

Östberg en Hagekull (2000:615) beweer dat die konsep van ouerspanning aanskou moet word vanuit ’n waarneembare teenstrydigheid tussen situasie-gebonde eise afkomstig van ouerskap en beskikbare hulpbronne. Die navorser sal verdere ondersoek na die beskikbare hulpbronne vanuit die gesin en later ook die breër gemeenskap instel, wat as bufferfaktore kan dien. So ook sal die navorser ’n tekort aan hulpbronne as risikofaktore vir die gesin en so ook die gehoorgestremde kleuter beskou.

#### 3.5.2.1 Bufferfaktore ten opsigte van die gesin van gehoorgestremde kleuters

##### 3.5.2.1.1 Sterk gesinsverhoudinge

Soos reeds vermeld, speel die gesin ’n baie belangrike rol in gehoorgestremde kleuters se lewens vanuit die perspektief van die Ekosistemiese teorie en Gestalt-veldteorie (Bronfenbrenner, 2004 ; Yontef, 1993). Volgens **D2**, **D14** en **D16** het die kleuters goeie verhoudings met hul moeders. **D8** beweer dat sy om daardie rede met vrymoedigheid kan sê dat haar seun ’n gelukkige kleuter is.

In sommige van die gesinne speel die vader ’n leidende rol omdat die moeders ook voltyds werk. Sommige van die kleuters het goeie verhoudings met hul vaders. **D5**, **D7**, **D10** en **D13** beweer dat die kleuters se vaders baie betrokke by die grootmaak van hul kleuters is en tyd saam met hul kleuters spandeer. Sommige van die vaders (**D5**, **D10** en **D13**) is ook bereid om te leer hoe hulle met hul gehoorgestremde kleuter moet werk, wat onmiddellik ’n beter verstaan van hul kleuter se behoeftes tot gevolg kan hê. Davies (1999:81-83) noem sterk ouer-kind verbintenisse as ’n bufferfaktor. Die goeie verhoudings wat hierdie kleuters met hul ouers het, kan tot positiewe groei en ontwikkeling lei.

In verskeie gevalle tree die sibbe van gehoorgestremde kleuters ondersteunend en beskermend op. **D5** beweer dat haar ouer seun vir ander sal verduidelik waarom sy broer nie mooi kan hoor nie. In ’n ander geval (**D6**) tree die ouer broer bemoedigend op deur op dieselfde tyd huiswerk te doen. ’n Ander broer (**D15**) sal net vriende huistoe bring wat in staat is om met sy gehoorgestremde suster te kommunikeer. Sibbe in die gesin help ook met die aanleer van taal binne ’n veilige omgewing. **D6**, wat meer as een gehoorgestremde kind het, besef die waarde daarvan om reeds te weet wat die pad vorentoe met ’n tweede gehoorgestremde kleuter is:

*"… ek het mos nou geweet wat op my wag, verstaan jy?"*

Die ouer gehoorgestremde kleuter (**D11**) kan dan ook 'n goeie begrip vir die uitdagings toon wat die ander gehoorgestremde kleuter moet deurstaan en positiewe leiding verskaf. Woolfe en Martin (2001:80) beweer deur hul studie dat gehoorgestremde kinders nader aan hul gehoorgestremde sibbe voel as aan normaalhorende sibbe. Dus kan die gehoorgestremde sibbe hul gehoorgestremde broer of suster ondersteun om moontlik hul behoefte aan selfbeeld en identiteit, soos deur Maslow (1954) en Max-Neef (1991) vermeld, te vervul.

Bat-Chava en Martin (2002:73) noem ook dat elke gesinslid wat die gestremdheid van die kind hanteer, help definieer hoe die familie die gestremdheid akkomodeer, wat weer 'n effek op die aanpassing van die kind sal hê. Die positiewe manier waarop sibbe dus hul gehoorgestremde broer of suster se gestremdheid hanteer, kan die kleuter met aanpassing en moontlik die vervulling van 'n behoefte aan veiligheid help (sorg en aanpasbaarheid), soos deur Max-Neef (1991:32) vermeld. Sibbe kan ook tot die vervulling van die behoefte aan sosialisering en deelname bydra, soos deur Maslow (1954) omskryf, aangesien hul as maats vir die gehoorgestremde kleuter kan optree.

Alhoewel gehoorgestremde kleuters bykomende eise aan ouers stel (Meadow-Orlans, Mertens & Sas-Lehrer, 2003; Meadow, 1980), kan 'n sterk band tussen ouers wedersydse ondersteuning verleen om aan die kleuter se behoeftes te voorsien. Davies (1999:81-83) noem ook 'n stabiele verhouding tussen ouers as 'n bufferfaktor.

In sommige van die gesinne is hul ook ten sterkste afhanklik van die finansiële ondersteuning wat die vader bied. In **D8** en **D13** se geval bied die vader genoeg finansiële ondersteuning sodat die moeder vier-en-twintig uur per dag tot die beskikking van die gehoorgestremde kleuter kan wees. Die moeder is dus altyd beskikbaar om in die behoeftes van die kleuter te voorsien. Finansiële ondersteuning kan volgens Maslow (Prince & Howard, 2002:28) ook daartoe bydra dat die kleuter se fundamentele fisiologiese behoeftes vervul word, soos voeding, skuiling, klere, ensovoorts.

#### 3.5.2.1.2 Verantwoordelikheid en dissipline van gehoorgestremde kleuters

**D1**, **D5**, **D10**, **D13** en **D16** beweer dat ouers saam as eenheid funksioneer en verantwoordelikheid ten opsigte van hul gehoorgestremde kleuter deel:

*"We have decided from the get go that we will both be involved… we both come for parent guidance". (**D16**)*

Sommige ouers sal egter ook verantwoordelikheid tussen hul kleuters deel wat sekere aspekte aanbetref, soos 'n vader wat met die seun huiswerk sal doen en **D10** wat na die dogter sal omsien. Gedeelde verantwoordelikheid sal ook die spanning en druk van een ouer afhaal om komplekse besluite ten opsigte van hul gehoorgestremde kleuter te neem.

Binne meeste van die gesinne pas een ouer sterker dissipline as die ander ouer toe. **D10** beweer dat sy eers later die waarde van goeie dissipline besef het. **D14** het die volgende opinie omtrent dissipline:

*"I firmly believe, you know, that there needs to be a certain form of discipline, irrespective of what the child's disability is. You still need to fit into society."*

Ouers wat dus hul gehoorgestremde kleuter as "normaal" hanteer behoort 'n goeie dissiplinêre struktuur binne die huis te vestig en nie "gehoorgestremdheid" as verskoning vir ontoepaslike gedrag te gebruik nie.

**D8** en **D10** is baie bewus van die verantwoordelikheid wat hulle ten opsigte van hul kleuters se onderrig het. **D8** korrigeer altyd haar kleuter se sinne, terwyl **D10** besef dat sy haar kleuters die hele tyd moet stimuleer en verkeerde taal moet korrigeer. Ouers met kleuters in die Sentrum moet verantwoordelikheid vir onderrig neem, aangesien die Ouditief-Verbale metode van onderrig versterking van luister- en praatvaardighede by die huis aanmoedig (soos vermeld in Hoofstuk twee - Auditory-Verbal Method: Learning to Use the Hearing that is Left: 2004).

Davies (1999:81-83) beskou 'n stabiele verhouding tussen ouers as 'n bufferfaktor. Luckner en Velaski (2004:324) noem dat ouers wat 'n balans tussen grense en versorging voorsien, kinders leer om self-steunend en selfversekerd te wees. Die

ouers kan so in die behoefte wat die kleuter aan veiligheid het, voorsien (Max-Neef, 1999:32, Maslow, 1954).

Die ouers se taak is ook om kinders te beskerm, hul selfbeeld te bevorder, hul beweging na selfregulering te ondersteun en uit te beeld, aanmoediging en geleenthede tot groei te bied, en kulturele waardes oor te dra (Davies, 1999:54). So kan die ouers ook bydra om in die kleuters se behoefte aan aanvaarding as unieke persoon te voorsien (Max-Neef, 1991:27).

#### 3.5.2.1.3 Vaste Roetine

**D2**, **D8**, **D10** en **D13** benadruk die belang van 'n vaste roetine. Aangesien gehoorapparate en kogliêre inplantings nie naby water mag kom nie en tydens slaaptyd afgehaal word weens hul elektroniese aard (Stach, 2003:57,122), is daar sekere verantwoordelikheid wat binne 'n vaste roetine oorgedra word. **D14** noem dat die roetine by die huis ook sy dogter vir formele skoling volgende jaar sal voorberei. Davies (1999:81-83) vermeld dat 'n huishouding met reëls en struktuur as bufferfaktor beskou moet word. Indien ouers geroetineerd te werk gaan, behoort kleuters moontlik makliker hul samewerking met take soos huiswerk te gee wat op taalontwikkeling ingestel is (soos vermeld in Hoofstuk twee). Hulle weet egter dat dieselfde roetine daagliks gevolg word en so kan die behoefte aan veiligheid vervul word (Maslow, 1954).

#### 3.5.2.1.4 Familiebetrokkenheid

Aangesien die familie se reaksie rondom die gehoorgestremde kleuter vanuit die Ekosistemiese perspektief 'n direkte invloed op die gesin het (Bronfenbrenner, 2004), word familiebetrokkenheid as deel van die gesin se bufferfaktore beskou. Alle deelnemers, behalwe **D15**, ondervind dat hul familie hul ten volle ondersteun, wat ook beteken dat hulle begrip toon vir die bykomende eise wat aan ouers van gehoorgestremde kinders gestel word (Meadow-Orlans, Mertens & Sas-Lehrer, 2003; Meadow, 1980).

Oupas en Oumas is veral prominente figure, veral dié wat naby genoeg bly, die kleuter bederf en altyd beskikbaar is om na die kleuter te kyk. Oumas en Oupas bied ook finansiële ondersteuning deurdat die gesin nog by die moeder of vader se ouers

bly (**D7**, **D9**, **D11**). **D7** noem dat haar moeder altyd beskikbaar is as sy nie daar kan wees nie, soos byvoorbeeld om haar dogter by die skool te gaan optel. **D11** het haar dogter se gehoorgestremde kleuter van geboorte af opgepas, terwyl die moeder van die kleuter aan dwelms verslaaf was. Dus dra betrokke grootouers by tot die ontwikkeling van die gehoorgestremde kleuter, nie net deur ondersteuning van die kleuter se ouers nie, maar ook deur voortdurende interaksie met die kleuter self.

Die ouers se broers en susters bied ook ondersteuning, asook verdere familie soos niggies. **D3** noem dat sy nie sonder die bystand van haar suster en haar niggies nie sou oorleef, wat soms na haar seun kyk. **D1** noem dat die familie beskermend teenoor haar dogter optree, as gevolg van alles wat sy al deurgemaak het. **D16** noem dat, as gevolg van die gehegtheid van hul familie, sy seun altyd deur kleuters omring is, wat kommunikasievaardighede verbeter.

**D2** noem dat sy grootste ondersteuning die feit is dat hy sy kleuters per geleentheid by iemand kan laat. **D5** noem ook dat haar kleuters gemaklik by ander mense is. Hierdie tipe ondersteuning bied aan die ouers die geleentheid om soms die verantwoordelikheid van kleuters opsy te skuif en te kan ontspan.

Ondersteuning van die uitgebreide familie wat as bufferfaktor beskou word (Davies, 1999:81-83), kan ouers help om in die fundamentele fisiologiese behoeftes van die gehoorgestremde kleuter te voorsien, volgens Maslow se hiërargie; die behoefte vir die liggaam om as eenheid basiese oorlewing te bewerkstellig (Poston, 2009:349, Max-Neef, 1991:27).

#### 3.5.2.1.5 Finansiële ondersteuning

**D3**, **D4**, **D7**, **D8** en **D13** noem dat hulle finansiële ondersteuning van hul families ontvang. Die familie is ook bereid om betrokke te raak indien daar geld vir gehoorversterking ingesamel moet word, of andersins indien ’n projek by die skool finansiële hulp benodig. Familielede bied ook finansiële ondersteuning deur middel van klere en ander benodighede van die gehoorgestremde kleuter (**D3**). Die koste van ’n enkele kogliêre inplanting in Suid-Afrika beloop ongeveer R200 000 (Magubane, 2009). Aangesien ’n gehoorgestremde kleuter finansieel meer van die ouers vereis as ’n normaalhorende kleuter, soos deur **D16** bevestig, is die ouers dankbaar vir die finansiële ondersteuning van hul families. Die familie ondersteun

dus die ouers op ’n mikrosistemiese vlak, soos vermeld vanuit die Ekosistemiese perspektief (Bronfenbrenner, 2004), sowel as vanuit die veldteorie (Yontef, 1993). Hierdie finansiële ondersteuning kan die ouers help om aan die kleuter se basiese fisiologiese behoeftes soos kos, klere en blyplek te voorsien (Maslow, 1954).

#### 3.5.2.1.6 Ondersteuning binne werksomgewing vir gehoorgestremde kleuters se ouers

**D2**, **D12**, **D14**, **D16**, **D6** en **D13** se mans geniet hul werk en bring daarom selde frustrasie rondom hul werk huistoe. **D3** noem dat haar bestuurders verstaan dat sy soms na haar kleuter se skool moet gaan en hulle is bereid om die tyd aan haar af te staan. **D9** verduidelik dat sy onlangs aangestel is, alhoewel sy aan hul genoem het dat sy ’n gehoorgestremde dogter het wat meer van haar tyd kan vereis. Aangesien hierdie ouers se werk hulle ondersteun, kan hul die geleentheid kry om ouerleiding by te woon en te leer hoe om met hul kleuters te werk. **D3** se kollegas het ook gehelp om fondse in te samel sodat sy gedeeltelik vir haar seun se gehoorapparate kon betaal. Sodoende bied hulle haar as ouer finansiële ondersteuning. Aangesien die werksomgewing van die ouer volgens die Ekosistemiese perspektief (Bronfenbrenner, 2004) ’n direkte invloed op die gesin het, word hierdie aspek onder bufferfaktore vir die gesin bespreek. Davies (1999:81-83) beskou ouers wat selfversekerdheid modelleer as ’n bufferfaktor. Werkbevrediging kan tot ’n gevoel van selfversekerdheid lei, aangesien daar finansieel vir die gesin voorsien word.

Davies (1999) noem ook hoë oueropvoeding as bufferfaktor. In vyf ouerpare het beide tersiêre opleiding (**D5**, **D8**, **D12**, **D13** en **D16**). In **D7** en **D14** se huishoudings is daar een ouer wat oor tersiêre opleiding beskik. Tersiêre opleiding kan beter finansiële voorsiening vir die gesin bewerkstellig, asook beter voorsiening ten opsigte van die kleuter se kognitiewe behoefte om te ken en te verstaan, volgens Maslow (Jordaan & Jordaan, 2004:581) en Max-Neef (1991:27).

#### 3.5.2.1.7 Ondersteuning deur die Sentrum vir die ouers van gehoorgestremde kleuters

In die algemeen is daar by die ouers ’n gevoel van dankbaarheid teenoor die Sentrum vir die leiding wat hul verskaf in terme van die hantering van gehoorgestremde kleuters en die geleentheid wat geskep word om binne die

klaskamers te observeer. **D1**, **D3**, **D10** en **D12** voel dat hulle dan hierdie kennis by die huis kan toepas en die Sentrum het aan **D11** die realiteit van die situasie laat besef. **D4** en **D5** ervaar ook hoe hul kleuters se taal groei en sien vordering in hul kleuters se ontwikkeling. **D2** noem dat sy kleuter op standaard met sy ouderdom is, wat ontwikkeling aanbetref, as gevolg van die Sentrum en die program wat aangebied word. **D10** noem dat die kleuters se gehoor deur twee oudioloë by die Sentrum gemonitor word, wat die ouers ’n finansiële uitgawe spaar.

Die ouers put ook baie waarde uit die ouerleidingsessies wat hulle bywoon. **D9** noem hoe sy by ouerleiding van ’n vergoedingsisteem geleer het om haar kleuter te motiveer om haar apparate te dra. **D14** meld dat hy die belang van herhaling geleer het, wat noodsaaklik vir die aanleer van taal is. **D10** het die waarde van ’n vaste roetine besef:

*“Look, there’s parent guidance and whatever guidance we get here, it helps a lot if you implement it… if you get around to actually use it you will actually see a difference… That is what we are doing now, and that is why we can see (the difference).”* Die ouerleidingsprogram bied dus waardevolle leiding aan die ouers om optimale ontwikkeling van hul kleuter te verseker.

Die Sentrum bied ook ander ondersteuning aan die ouers, soos twee busse wat elke dag kleuters na die Sentrum bring. Die ouers betaal ’n minimale bedrag vir hierdie diens en volgens **D15** sou baie van die kleuters nie die Sentrum daarsonder kon bywoon nie. Telke male word gehoorapparate aan die Sentrum geskenk, wat hul dan aan kleuters in die Sentrum kan gee. So bied die Sentrum ook finansiële ondersteuning. **D4** het weer ’n tydelike werk as assistent by die Sentrum gekry om haar finansieel te ondersteun. Sy word ook deur die maatskaplike werkster by die Sentrum bygestaan in haar poging om onderhoudskoste van haar dogter se vader te kry.

Aangesien gehoorgestremde kleuters bykomende eise aan ouers stel, wat ’n beduidende invloed op die gesinsdinamika en huislike omgewing het (Meadow-Orlans, Mertens & Sas-Lehrer, 2003; Meadow, 1980), verleen die Sentrum op verskeie gebiede hulp aan die ouers. Die gesin, sowel as die Sentrum word onderskeidelik as mikrosisteme binne die kleuter se lewe beskou (Bronfenbrenner,

2004). Die goeie en positiewe wisselwerking wat daar tussen die mikrosisteme op 'n mesosistemiese vlak bestaan (Bronfenbrenner, 2004:11), kan tot voordeel van die kleuter se ontwikkeling wees. Die ouers is egter baie gelukkig met die diens wat deur die Sentrum gebied word. Soos reeds vermeld, help die Sentrum die ouers om die kleuters se fisiologiese en kognitiewe behoeftes, sowel as behoeftes aan veiligheid, sosialisering en deelname, selfbeeld en identiteit, en self-verwesenliking te vervul (Max-Neef, 1999; Maslow, 1954).

#### 3.5.2.1.8 Ander aktiwiteite waarby ouers van gehoorgestremde kleuters betrokke is

Sommige van die ouers is by ander aktiwiteite buite hul gesinsopset betrokke. **D3** is by 'n hardloopklub betrokke en **D5** se man doen sport vir ontspanning. **D8** reël elke Woensdagaand 'n oppasser om na haar kleuter te kyk, terwyl sy tyd vir haarself neem. **D10** en haar man het besluit om hierdie jaar na hul eie behoeftes om te sien. **D4**, **D11** en **D14** noem dat hul gelowiges is en ondersteuning van medegelowiges kry. Hulle woon ook op 'n Sondag kerk by. Hierdie aktiwiteite bied addisionele ondersteuning van mense en dien ook as ontspanning vir die ouers.

Die veld, vanuit die perspektief van die Gestalt-veldteorie, bestaan nie net uit die eksterne omgewing van die persoon en die dinamiese verhouding tussen hulle nie, maar ook uit die interne wêreld van die persoon (Joyce & Sills, 2006:24). Ouers moet dus ook na hul "interne wêreld" omsien en tyd vir hulself maak. Sommige ouers beweer dat al hul tyd na hul kleuters gaan, maar vir ander ouers is dit belangrik om tyd vir hulself te hê. 'n Kleuter se behoefte aan veiligheid spruit volgens Max-Neef (1999:27) gedeeltelik uit sorg wat 'n gevoel van sekuriteit skep, en die gesin is steeds die kern van die kleuter se emosionele lewe (Child and Youth Health, 2010:1). Ander aktiwiteite waarby ouers betrokke is kan bydra tot emosionele welstand en hul vermoë om na die kleuter om te sien, wat tot voordeel van die kleuter se ontwikkeling kan wees.

#### 3.5.2.1.9 Ouers se bewustheid van hul omstandighede

Ouers het verskillende persepsies rondom hul omstandighede en **D14** noem dat jou gemaklikheid met jou kleuter en haar gehoorverlies sal bepaal hoe jy sal reageer ten

opsigte van wat ander mense van haar dink. Hy sien hierdie pad wat hy met sy dogter stap as ’n wonderlike leergeleentheid:

*“It is such an educational trip, and wonderful, and such excitement, and promise, you know, we have grown, gone out – getting her ready for society...”*

**D6** oor hoe haar lewensuitkyk haar sal help om met haar kleuter te werk:

*“There are things that you have to accept, you know, toetse wat jou way kom, can you handle this, if I’m gonna give you R10 000, what are you gonna do with it, you know, gat jy net so… hom mors of dink aan die dag wat jy nie gehad het nie… ons het vandag, deel uit, give and take, you have to be satisfied with what you got.”*

Indien daar na faktore binne Suid-Afrika as makrosisteem vir die gesin gekyk word (Bronfenbrenner, 2004), lyk die realiteit nie altyd rooskleurig nie. Armoede is ’n realiteit in die land, sowel as werkloosheid en ekonomiese agteruitgang. Volgens die Gestalt-veldteorie kan ander persone binne die veld se persepsies gevolglik ook ’n invloed op die realiteitsbelewing van die persoon in die veld hê (Mackewn, 2003:54). Max-Neef (1991:27) noem ook onder fisiologiese behoeftes die behoefte aan oorlewing en leef. Ouers se positiwiteit rondom hul omstandighede en hul gehoorgestremde kleuters, sal kleuters ook help om ’n positiewe realiteitsbelewing en ’n gevoel van vervulling in hul fisiologiese behoeftes te hê.

#### 3.5.2.2 Risikofaktore ten opsigte van die gesin van gehoorgestremde kleuters

##### 3.5.2.2.1 Gesinsopset

Binne die studie is gelet op die gesinsopset wat as die kleuter se realiteit beskou word. **D3**, **D4**, **D8**, **D11** en **D15** is enkelmoeders wat al die verantwoordelikheid van hul gehoorgestremde kleuter op hul eie moet dra. **D4** en **D11** kry geen finansiële ondersteuning van die kleuters se vaders nie en ander vaders (**D3** en **D4**) is onbetrokke by hul kleuters. Davies (1999:81-83) beweer dat enkel-ouerskap sonder ondersteuning ’n risikofaktor is. **D6** en **D12** is in spanningsvolle verhoudings met die ander biologiese ouer van hul kleuters, wat ’n invloed op die kleuter se ontwikkeling kan hê. Hoë ouerkonflik word egter ook as risikofaktor beskou (Davies, 1999:81-83).

Dwelm-afhanklikheid binne **D3**, **D6** en **D11** se huise speel ook 'n beduidende rol: **D11** moes na haar kleinkind omsien omdat die moeder aan dwelms verslaaf was. **D3** bly saam met 'n persoon in die huis wat aan dwelms verslaaf is en het nie regtig 'n keuse om haar kind nie aan die persoon en sy gewoontes bloot te stel nie. **D6** se oudste kind is aan dwelms verslaaf, en plaas ekstra spanning en druk op die gesin. Middel-afhanklikheid word ook deur Davies (1999:81-83) as 'n risikofaktor beskou.

Twee van die kleuters is enigste kinders (**D8**, **D9**). Waar ander kleuters geleentheid kry tot sosiale interaksie by die huis, is hierdie kleuters slegs afhanklik van interaksie met hul ouers. **D8** noem die volgende:

*"Because there are no other young children and playmates, I think he is lonely, I don't know if he realises he's lonely yet."*

Kleuters wat enigste kinders is, kan sukkel om hul behoefte aan sosialisering en deelname (Maslow, 1954; Max-Neef, 1991) binne gesinsopset te vervul, aangesien daar geen sibbe is om mee te sosialiseer nie.

**D2**, **D13**, **D15** en **D16** voel dat die sibbe afgeskeep word as gevolg van meer tyd en aandag wat aan hul gehoorgestremde kleuters afgestaan word. **D16** noem die volgende:

*"We felt at a stage that we were neglecting him (other brother), especially where the homework thing is concerned".*

**D2** noem dat sy dogter voel dat haar broer meer aandag kry. Hierdie aspek kan ook veroorsaak dat sibbe se verhoudings met mekaar negatief beïnvloed word. **D5** noem dat dit moeilik is om twee kinders te balanseer. In ander gevalle (**D5** en **D6**) verg ander kleuters weer emosioneel baie van die ouers, wat veroorsaak dat hulle moontlik minder geduld en tyd vir hul gehoorgestremde kleuters het. **D10** vergelyk soms beide haar gehoorgestremde kleuters met mekaar, wat sy weet sy nie moet doen nie. Sibbe is soms ook skaam vir hul sibbe se apparate (**D11**) of hou nie daarvan as hul aangestaar word nie (**D15**). Tattersall (2003:108) beweer dat bestaande navorsing in die veld die impak wat gehoorgestremde kleuters op hul horende sibbe het, as positief of negatief beskou. Hy beweer egter dat dit meer kompleks is en dat dit van die realiteitsbelewings van die sibbe afhang. Volgens

Woolfe en Martin (2002:74) speel kontekstuele en individuele faktore van die kleuter se familie ’n rol in hul realiteitsbelewing (soos ook deur Bronfenbrenner vermeld, 2004). Dus kan die sibbe nadelig beïnvloed word indien hul individuele karaktereienskappe sowel as die gesin se konteks nie tot ondersteuning van sibbe is nie. So geld dit ook vir gehoorgestremde kleuters en kan ’n tekort aan genoegsame ondersteuning daartoe lei dat daar nie aan kleuters se behoeftes voorsien word nie.

#### 3.5.2.2.2 Opofferinge en veranderinge

Daar is verskeie opofferinge en veranderinge wat gesinne moes maak om in die behoeftes van hul gehoorgestremde kleuters te voorsien. **D1**, **D8** en **D15** het hul werk gelos om na hul kleuter om te sien, wat finansiële druk op die gesin vermeerder. **D14** het sy werksopset so verander om ouerleidingsessies te kan bywoon. **D4**, **D5** en **D8** moes verhuis om hul kleuter na die Sentrum te kan bring. **D12** se eksvrou het van die Paarl na die Kaap verhuis vir haar kleuter, alhoewel sy nog in die Paarl werk. **D5** se gesin moes ook besluit wat hul huistaal gaan wees, aangesien hul kleuter se reeds bestaande taalagterstand vererger kon word deur taalverwarring. **D3** en **D8** sal ook nie hul mediese fonds tot hul eie voordeel aanwend nie, maar sal eerder die fonds spaar vir hul kleuters se onthalwe. Hul skeep dus hul eie gesondheid af ter voordeel van die kleuter.

Die ouers moet vanweë hul gehoorgestremde kleuter nuwe verantwoordelikhede ten opsigte van die versorging van hul gesin aanvaar; ’n verandering wat hul nie noodwendig verwag of op voorbereid is nie (Bodner-Johnson, 2001; Hintermair, 2006). Afgesien van die praktiese implikasies van gehoorgestremdheid wat ouers kan inhibeer om volkome aan hul kleuter se fisiologiese behoeftes te voorsien (Maslow, 1954), noem Luckner en Velaski (2004:325) oningeligtheid, oor wat ’n gehoorverlies behels, as een van die grootste uitdagings vir die ouers. Hierdie standpunt sal verder bespreek word onder die persepsies wat ouers van hul gehoorgestremde kleuters het.

#### 3.5.2.2.3 Hantering van kleuter by die huis

Sommige van die deelnemers noem dat ander volwassenes nie altyd verstaan hoe om hul gehoorgestremde kleuters te hanteer nie. **D3** noem dat haar suster en haar man wat in dieselfde huis bly, nie altyd weet hoe om haar seun te hanteer nie en

haar eie gesag ondermyn. Hy word ook bederf as gevolg van sy gehoorverlies. **D13** hou niks daarvan dat haar seun anders as haar dogter deur die familie hanteer word nie. Hy kry in alles sy sin en dissipline word nie deur die familie toegepas nie. In **D5**, **D6** en **D15** se gesinne verstaan die vaders nie altyd hoe om hul kleuters te hanteer nie, veral wat taalontwikkeling aanbetref, aangesien hul minder tyd met die kleuters spandeer as die moeders.

**D9** noem dat hul gesag ondermyn word deurdat hul nie hul dogters voor haar ouers mag dissiplineer nie. **D5** se vader wou ook inmeng deur uit te vind omtrent sy kleinseun se gehoorgestremdheid, omdat hy ook in die mediese veld is. Dit is moontlik dat die ouers kan voel dat hul gesag ondermyn word indien ander by besluitneming rondom hul kleuter inmeng.

Gehoorgestremde kleuters vereis spesifieke hantering deur hul ouers, aangesien die ontwikkeling van gesproke taal geblokkeer word (Mayberry, 2002:71). Lutherman (1987) noem professionele persone wat deel van die gehoorgestremde kleuter se gesinslewe word, wat moontlik gesinsgrense skuif en soms die gesag van die ouers ondermyn. So ook kan ander volwassenes wat binne die mikrosisteem van die gesin funksioneer (Bronfenbrenner, 2004), moontlik die gesag van die ouers ondermyn. Hierdie individue besef uit oningeligtheid nie noodwendig wat die behoeftes van die kleuter is nie en kan moontlik ontwikkeling inhibeer deur in gesinstrukture in te meng waar die kleuter se behoeftes prioriteit geniet.

#### 3.5.2.2.4 Ouers se persepsies rondom gehoorverlies en hul gehoorgestremde kleuters

Binne die empiriese ondersoek is daar klem gelê op die ouers se oningeligtheid met die identifisering van hul kleuter se gehoorverlies. **D5** en **D9** noem dat hulle self oningelig was rondom gehoorverlies en nie geweet het wat dit behels nie. **D5** noem:

*"Ek het nie geweet wat hierdie nie-hoor ding behels nie, ek het nie geweet hoe intensief dit gaan wees nie, ek het nie geweet hoe hy daarby gaan aanpas nie".*

**D10** en **D15** meld dat hulle gefrustreerd was omdat hul nie geweet het hoe om hul kleuters te hanteer nie en nie hul kleuters verstaan het nie.

**D3** het ’n tydjie geneem om te aanvaar dat haar kleuter doof is; sy was bang oor wat ander sou sê en het sy hare lank laat groei om gehoorapparate minder opsigtelik te maak. **D10** was heeltemal in ontkenning en het die vader in die eerste paar maande alleen gelaat om alles rondom haar kleuter uit te sorteer. **D14** noem dat hy verstaan hoe moederlike instink ’n moeder kan laat wonder wat ander van haar kleuter dink.

Ouers se persepsies van hul kleuter dra ook by tot hoe hul hul kleuters sal hanteer. Berke (2009:1) noem dat ouers van gehoorgestremde kinders deur fases van treur en aanvaarding gaan voordat hul hul kind se gehoorverlies aanvaar. Ouers moet dus ook emosionele veranderinge en aanpassings ondergaan, aangesien hulle gewoonlik deur ’n verskeidenheid reaksies gaan as hul van hul kleuter se gehoorverlies uitvind (Luckner & Velaski, 2004:325). Indien hulle in hul kleuter se behoefte aan veiligheid wil voldoen, wat sorg en aanpasbaarheid insluit (Max-Neef, 1991:32), moet hul ingelig wees oor wat gehoorverlies behels, om hul kleuter se behoeftes te kan verstaan.

#### 3.5.2.2.5 Finansiële implikasies van gehoorgestremdheid vir die gesin

Soos reeds vermeld, is die finansiële implikasies van gehoorverlies by kleuters groter as die finansiële uitgawes verbonde aan ander kleuters. **D16** bevestig dit vanuit ’n ouer, wat meer as een kind het, se perspektief:

*“The cost for a hearing impaired child is much, much more than for a normal hearing child.”*

**D4** en **D11** noem dat die vaders geen finansiële ondersteuning bied nie, terwyl ’n ander vader se bydrae klein is as gevolg van ’n klein salaris (**D15**). Dus moet hierdie ouers self die verantwoordelikheid van finansiële versorging vir hul kleuter dra, wat tot ekstra spanning vir die gesin kan lei.

Eerstens is gehoorversterking opsigself duur; **D8**, **D10** en **D13** maak melding van die probleem om genoeg geld vir ’n kogliêre inplanting in te samel, wat ongeveer R200 000 kos. **D3** betaal steeds af aan mediese onkoste verbonde aan die kogliêre inplanting. **D7** en **D13** noem ook die ekstra onkoste verbonde aan gehoorverlies waarvoor daar nie beplan is nie. **D10** noem dat batterye en instandhouding van

koglière inplantings vir twee kinders baie duur is. **D13** bevestig dit deur die volgende te noem:

*"Cochlears cost a lot of money and even the repairs of it cost a lot of money…yes, the maintenance of it, so…"*

Soos reeds vermeld is werkloosheid 'n realiteit binne Suid-Afrika as deel van die veld (Yontef, 1993) waarin die gesin funksioneer. Binne **D1**, **D6**, **D13** en **D15** se gesinne werk die moeders nie. Alhoewel **D1** en **D13** se mans finansieel in die behoeftes van die gesin kan voorsien, werk **D6** se man slegs op kontrakbasis indien werk beskikbaar is, en het **D15** nie 'n man wat haar finansieel ondersteun nie. Werkloosheid kan dus veroorsaak dat die ouers nie in die kleuter se fundamentele fisiologiese behoeftes (Maslow, 1954) kan voorsien nie. 'n Tekort aan finansies kan ook ekstra spanning op die ouers plaas, aangesien die kleuter in alle opsigte van hul ouers afhanklik is (Louw *et al*., 2001:283,300; Miriam Webster Dictionary, 2009). Davies (1999:81-83) noem ook werkloosheid van die ouers as risikofaktor vir die gesin.

#### 3.5.2.2.6 Tekort aan ondersteuning binne ouers se werksomgewing

In meeste gevalle moet beide ouers werk om finansieel te kan oorleef (**D10**). 'n Tekort aan tyd vanweë lang werksure is problematies, aangesien ouers dan nie genoeg tyd saam met hul kleuters kan spandeer nie. **D14** se vrou voel dat sy vanweë haar veeleisende werk nie genoegsame tyd met haar dogter kan spandeer nie. **D2** se vrou werk ook lang en ongereelde ure. **D11** se dogter kom baie laat en moeg van die werk af, en **D3** se kind slaap soms reeds as sy by die huis kom.

**D3** noem ook dat sy 'n spanningsvolle werk het en dat haar onmiddellike kollegas nie wil aanvaar dat sy soms by die Sentrum moet wees nie; daar word altyd aanmerkings gemaak. **D14** se baas is soms geïrriteerd omdat hy skofte moet werk. Die onvermoë van kollegas en werkgewers om die volle implikasies van die situasie te verstaan, maak werksomstandighede soms uitdagend vir die ouers. **D13** se man plaas soms sy gesin tweede as gevolg van sy toegewydheid aan sy werk:

*"He will put us aside so that he can help the patients, and that's him."*

Alhoewel die werksomgewing van die ouer nie noodwendig ’n direkte invloed op die kleuter se ontwikkeling het nie, het dit vanuit die Ekosistemiese perspektief ’n direkte invloed op die funksionering van die gesin (Bronfenbrenner, 2004). Volgens die Gestalt-veldteorie vorm die werksomgewing deel van die ouer se interaktiewe veld (Yontef, 1994). Östberg en Hugekull (2000:615) noem dat die konsep van ouerlike spanning as ’n teenstrydigheid tussen omstandigheids-eise van ouerskap en beskikbare hulpbronne gesien moet word. Kollegas wat binne die ouers se werksomgewing begrip toon kan as hulpbron beskou word, maar ’n onvermoë aan begrip kan ekstra spanning vir die ouer veroorsaak.

**3.5.2.2.7 Tekort aan genoegsame tyd**

Soos reeds vermeld, het ouers soms te min tyd om met hul kleuter te spandeer, hoofsaaklik vanweë hul werksomstandighede. **D10** noem dat gehoorgestremde kleuters meer tyd van ’n persoon verg en **D16** bevestig dit:

*“We need to put in a hell of a lot of time in with (him)”.*

**D8** noem dat sy self sukkel om genoegsame tyd met haar kleuter te spandeer, al werk sy nie. Sy bevestig dat hy al verder in sy ontwikkeling sou wees as sy meer tyd in hom belê het.

**D9** studeer deeltyds. Sy werk bedags en probeer saans studeer as haar kleuter slaap. Tog kan verdere studies ekstra spanning op die moeder plaas. Daar moet egter in ag geneem word dat verdere studies ’n hoër kwalifikasie tot gevolg het, wat deur Davies (1999:81-82) as ’n bufferfaktor beskou word.

Ouers moet toegee aan die tyd wat hul met hul kleuters kan spandeer, sodat hulle deur te werk in hul kleuters se fisiologiese behoeftes kan voorsien (Maslow, 1954). Tog bevestig die ouers dat gehoorgestremde kleuters meer tyd van hul vereis. Die grootste groeiperiode van taal- en spraakontwikkeling vind tussen die ouderdom van twee en vyf jaar plaas (Banks, 2010:1). Binne die kleuterjare is dit dus belangrik dat ouers genoegsame tyd saam met hul gehoorgestremde kleuters spandeer om taalontwikkeling te bevorder. So sal hulle ook aan hul kleuters se behoefte aan sosialisering en deelname kan voorsien (Max-Neef, 1991:27; Maslow, 1954).

#### 3.5.2.2.8 Praktiese implikasies van betrokkenheid by die Carel du Toit-sentrum

Die deelnemers het verwys na die praktiese implikasies vir hulle as ouers om hul kleuters daagliks na die Sentrum te bring. **D1** se kleuter kon weens ’n tekort aan vervoer vir ’n jaar lank nie skool bywoon nie. Vir **D4** was dit ’n aanpassing om na die skool te ry en **D2** noem dat die op- en afry na die skool soms moeilik is. Vervoer na die skool is soms ook vir **D3** ’n probleem. Die verantwoordelikheid van die ouers om hul kleuters by die skool te kry, is ’n verantwoordelikheid wat enige ouer ten opsigte van hul kleuter se opvoeding en kognitiewe behoefte aan ken en verstaan het (Max-Neef, 1991:27). Die ouers van ’n gehoorgestremde kleuter het egter nie ’n keuse om ’n opvoedkundige instansie te kies wat naby hul woning is nie, aangesien die Carel du Toit-sentrum die enigste sentrum in die Wes-Kaap is wat onderrig vir sulke jong gehoorgestremde kleuters bied (Bourne, 2010). Afstand van vervoer kan egter ’n probleem vir sommige ouers wees. Indien ouers self lang afstande moet aflê, kan tyd ’n faktor wees, sowel as spanning oor verkeer en die finansiële uitgawe van brandstof. Binne die Ekosistemiese perspektief sal faktore uit die makrosisteem (Bronfenbrenner, 2004) soos die veiligheid van openbare vervoer, ook ’n beduidende rol speel. Sommige van die ouers is van openbare vervoer afhanklik en kan moontlik voel dat dit nie altyd veilig vir hul kleuters is nie. Openbare vervoer kan ook ’n uitgawe wees wat die finansiële druk op die ouers vererger.

Die skool verg ook intense ouerbetrokkenheid om die vordering van die gehoorgestremde kleuter te verseker, soos deur **D2** bevestig. **D3** kry soms as gevolg van lang werksure nie tyd vir die huiswerk nie. **D8** hou nie baie daarvan om huiswerk met haar kleuter te doen nie. **D10** en **D16** noem dat die jong ouderdom waarop ouers reeds met die kleuter met huiswerk moet begin, ekstra druk op die ouers plaas. Soos vermeld in Hoofstuk twee, vereis die spesifieke metode van onderrig by die Sentrum dat die ouers tyd aan die oefen van luister en praat by die huis moet spandeer (Auditory-Verbal Method: Learning to Use the Hearing that is Left: 2004). Ouers is dus onder andere verantwoordelik vir die ontwikkeling van kleuters se taal en kan taalontwikkeling inhibeer as daar nie genoegsame tyd met die kleuter deurgebring word nie.

**D2** noem dat daar ’n stigma aan die Sentrum verbonde is, omdat mense nie weet waaroor die Sentrum gaan nie. Feher-Prout (1996:160) beweer dat daar

veralgemenings omtrent gehoorgestremde kinders en hulle families is wat nie waar is nie. Vanweë die oningeligtheid van gemeenskapslede, is dit moontlik dat hulle ’n ander persepsie van ’n Sentrum vir gehoorgestremde kleuters het.

#### 3.5.2.2.9 Ouers se selfpersepsie

Sommige deelnemers het ’n tekort aan selfvertroue, om met hul kleuters te werk, tydens die onderhoude ten toon gestel. **D3** het nie altyd selfvertroue in haar gevoel as moeder nie, en beweer dat sy soms ’n slegte mamma is. **D10** het dit moeilik gevind om onmiddellik te implementeer wat sy by ouerleiding geleer het. Dit is asof sy dit eers vir haarself moes verwerk en ook moes aanvaar dat haar kleuter gehoorgestremd is. Hierdie stadige reaksietyd kan veroorsaak dat die kleuter se ontwikkelingsproses stadiger plaasvind as gevolg van ’n tekort aan stimulasie. Die veld, volgens die Gestalt-veldteorie, bestaan ook uit die interne wêreld van die persoon (Joyce & Sills, 2006:24). Dus sal die ouers se persepsies van hulself moontlik deurskemer in die wyse waarop hulle hul kleuters hanteer. Kleuters leer korrekte gedrag deur volwassenes waar te neem en na te boots (Gething *et al.,* 1999:224). Dus kan die tentoonstelling van ’n lae selfbeeld deur die ouers, veroorsaak dat die kleuter dieselfde gedrag modelleer. Die kleuter se behoefte aan die volgehoue self-verwesenliking van potensiaal wat lei tot die aanvaarding van ’n persoon se intrinsieke natuur (Maslow, 1999:31), kan geïnhibeer word deurdat die kleuter homself in ’n negatiewe lig beskou.

### 3.5.3 Buffer- en risikofaktore vanuit die breër gemeenskap vir die gesin

Binne die Ekosistemiese teorie word daar na die Makrosisteem verwys: die oorkoepelende institusionele patrone van die kulturele aspekte in die samelewing, soos sosiale, opvoedkundige en politiese sisteme, waarvan die mikro-, meso- en eksosisteme konkrete bewyse is (Hook *et al.*, 2002:318). Binne hierdie studie sal die navorser na aspekte uit die samelewing kyk wat indirek ’n invloed op die ontwikkeling van die gehoorgestremde kleuter en die gesin sal hê, soos die persepsie van die breër gemeenskap ten opsigte van gehoorgestremdheid, of die bydrae wat die Staat maak om hierdie gesinne te ondersteun.

Die perspektief van die Gestalt-veldteorie beskryf die veld (die persoon in sy lewensspasie) as ’n geheel waarin die gedeeltes in onmiddellike verhouding met

mekaar staan en op mekaar reageer (Yontef, 1993:3). Dus sal gebeure wat binne die breër gemeenskap plaasvind, wel ’n invloed op die gesin van die gehoorgestremde kleuter hê.

#### 3.5.3.1 Bufferfaktore vanuit die breër gemeenskap

##### 3.5.3.1.1 Ondersteuning van lede van die gemeenskap

Sommige ouers noem dat bure emosionele ondersteuning bied. **D15** verwys na haar buurman as die persoon wat haar gehelp het om haar seun se gehoorverlies te aanvaar:

*“My neighbours are supporting me more than my family, they do.  To me, its like, my family, they don’t care what’s going on, or I really don’t understand…they don’t have much interest, they didn’t even ask how my boy’s doing in school and all that stuff, you see.”*

**D6** noem dat die gemeenskap soos *“one big happy family”* is en **D4** kry volle ondersteuning uit die gemeenskap in Loeriesfontein vanwaar sy kom. **D14** noem dat die persone by die dagsorg baie ondersteunend was en gehelp het om sy dogter se gehoorverlies te identifiseer. Ouers vind ook dat hul kleuters by die kerk aanvaar word. Hierdie gevoel van aanvaarding kan die ontwikkeling van die gehoorgestremde kleuter se selfbeeld bevorder.

**D4**, **D9**, **D11** en **D15** noem ook die waarde van ander vriende wat nie deel van hul families is nie. **D3** het ’n maatskaplike werkster as vriendin wat altyd vir haar raad kan verskaf, en **D2** se gesin het vriende wat in dieselfde straat bly waar die kleuters altyd kan gaan speel. So is daar ook maats vir die kleuters in die gemeenskap waarmee die kleuters kan speel en hul sosiale vaardighede verbeter.

Die makrosisteem, soos vanuit die Ekosistemiese teorie, het volgens Oswald (2008:1) steeds ’n beduidende invloed op die kind. Ondersteuning vanuit die makrosisteem kan kom van instansies soos die kerk, tot individue wat buite familieverband met ouers bevriend is. Asberg, Vogel en Bowers (2007:489) beweer dat sosiale ondersteuning in terme van die hoeveelheid sosiale verhoudinge of die struktuur van die persoon se sosiale verhoudinge gedefinieer kan word. Ouers wat

dus ’n verskeidenheid positiewe en opbouende verhoudinge buite hul familie het, kan sosiale ondersteuning ontvang. Hierdie ondersteuning kan tot ’n gevoel van aanvaarding lei, wat die ouers ook kan help om die kleuter se sosiale behoefte aan behoort en liefde (Van Wagner, 2009), soos vanuit Maslow se hiërargie, te vervul. Indien gesinne met ander gesinne in interaksie tree, kry kleuters ook verdere kommunikasiegeleenthede, wat taalontwikkeling kan bevorder. Davies (1999:81-83) beskou ook ondersteunende volwassenes buite die familie as bufferfaktore vanuit die breër gemeenskap, asook familiegeloof en deelname.

#### 3.5.3.1.2 Finansiële hulp vanuit die gemeenskap

Aangesien die onkoste verbonde aan gehoorversterking hoog is, soos reeds vermeld, is die ouers soms van hulp vanuit die gemeenskap afhanklik. **D13** verduidelik hoe hul hulp van donateurs uit die gemeenskap ontvang het met die fondsinsameling vir hul seun se koglière inplanting. Dit was vir haar ’n wonderlike ervaring om te sien hoe die gemeenskap help:

*“There were articles in the newspaper…you know, people would come to our house and give us money for the cochlear implant, yeah, very, very special.”*

**D8** noem van die finansiële ondersteuning wat sy by haar stapklub kry, deurdat hulle betrokke is by projekte wat finansies vir die Sentrum invorder.

Ander lede van die gemeenskap help ook vir **D4** met uitgawes soos verblyf en vervoer. Die kerk lewer soms ’n finansiële bydra aan **D4** en **D11** se gesinne.

Siemens, ’n maatskappy wat gehoorapparate voorsien, het aan **D7** afslag gegee nadat ’n brief aan hul geskryf is. **D14** noem ook dat die tegnologiese gevorderdheid van die apparate en koglière inplantings minder onderhoudskoste van ouers verlang, wat die finansiële uitgawes van die ouers verminder.

Die welwillendheid van die gemeenskap kan by die ouers ’n gevoel van aanvaarding en ondersteuning skep, aangesien die lede uit die makrosisteem (Bronfenbrenner, 2004), nie noodwendig ’n verantwoordelikheid het om die ouers finansieel te ondersteun nie. Die finansiële ondersteuning kan help om die finansiële druk van die ouers te verlig en ook om meer geld tot hul beskikking te stel om in hul

gehoorgestremde kleuter se behoeftes te voorsien (Max-Neef, 1991). Gething *et al.* (1999:224) noem ook dat kleuters oor aanvaarbare en korrekte gedrag leer deur volwassenes waar te neem. Lede van die gemeenskap kan dus as rolmodelle voorgehou word om positiewe sosiale ontwikkeling by die kleuters te bevorder.

#### 3.5.3.1.3 Positiewe reaksie van gemeenskap teenoor gehoorgestremde kleuters

Volgens die deelnemers is mense binne die gemeenskap soms nuuskierig oor die gehoorapparate en kogliêre inplantings wat gehoorgestremde kleuters dra. Sommige lede van die gemeenskap wat die ouers ondersteun, soos die stapklub (**D8**) of die balletklas (**D9**), wil graag ingelig oor die kogliêre inplanting en gehoorapparate wees. So verstaan hulle ook **D8** se reaksie beter as sy byvoorbeeld versigtig met haar kleuter rondom water is. **D8** het ervaar dat ’n vrou in die kerk raaksien dat dit nie altyd vir haar maklik met ’n gehoorgestremde kleuter is nie. Die bewustheid het vir haar baie beteken. **D12** is van mening dat die bewustheid in die gemeenskap al verhoog het:

*“Ek dink die bewuswording in die samelewing is deesdae bietjie wyer rondom gehoorverlies in die algemeen, en ’n mens, ek dink ’n mens moet dit net push.”*

**D5** en **D10** noem dat hulle nie omgee as mense vra nie en vinnig vir hulle sal verduidelik. **D14** sien die opvoedkundige waarde raak:

*“It is an accepted fact that they are blown away by the ability of the cochlear implants – the results at the end of the day. And then, of hearing that there is a place at Tygerberg Hospital they never even heard of… yet they do such amazing work. So all this type of teaching and educating…you become the castodean of looking at other people’s children and actually looking out for, problems, you know…my daughter is probably an educational tool.”*

**D11** noem ook dat sy met vreemde mense kan assosieer wat ook kleuters met gehoorapparate het. **D9**, **D13** en **D14** noem dat kleuters meer aanvaardend is: hulle sal vra en dan is hulle gelukkig.

Positiewe reaksies van die gemeenskap verleen moontlik ’n gevoel van aanvaarding aan die ouers en die bewustheid dat hul kleuters nie as anders gesien hoef te word nie. So kan die kleuter se behoefte aan behoort en liefde (Van Wagner, 2009), soos vanuit Maslow (1954) se teorie, ook vervul word. Ouers van gehoorgestremde kleuters kry die geleentheid om hul kennis rondom gehoorgestremdheid met ander te deel, soos deur **D14** vermeld. Ingeligtheid en verhoogte bewustheid vanuit die gemeenskap oor gehoorgestremdheid kan tot ’n beter begrip lei van die uitdagings wat ouers van gehoorgestremde kleuters moet oorkom. So kan ondersteuning vanuit die gemeenskap meer toepaslik wees om ouers te ondersteun in die voorsiening aan behoeftes vir hul kleuters.

#### 3.5.3.1.4 Veilige huislike omgewing

Tien ouers noem dat die omgewing waar hul woon veilig vir hul kleuters is. **D14** noem dat hy ’n groot hond het wat altyd sy dogter oppas, terwyl ander ouers noem dat hul huise omhein is. **D12** verduidelik dat sy seun enige tyd in die parkie kan gaan speel en dat dit veilig tussen die ander kleuters is. **D10** noem ook dat hulle getrek het na ’n huis wat beter vir hul kleuters is.

Gehoorgestremde kinders en hul gesinne vanuit die Gestalt-veldteorie (Yontef, 1993) kan dus nie as enititeit op sigself beskou word nie, maar sal slegs verstaan word deur die gesinne binne hul spesifieke veld te aanskou. Die huislike omgewing sal dus ’n invloed op die funksionering van die gesin hê. Maslow (1954) en Max-Neef (1991) noem die mens se behoefte aan veiligheid: beskerming teen elemente, sekuriteit, orde, wet, grense en stabiliteit (Chapman, 2001:1), asook sorg en aanpasbaarheid wat ’n gevoel van sekuriteit skep (Max-Neef, 1991:32). ’n Veilige huislike omgewing kan aan die kleuter se behoefte aan veiligheid voorsien. Davies (1999:81-83) verwys ook na geskikte behuising as ’n bufferfaktor vanuit die breër gemeenskap.

Gheysen, Loots en Van Walevelde (2007:215) beweer dat verskeie studies moontlike agterstande in motoriese balans by gehoorgestremde kleuters noem. Dus sal ’n veilige huislike omgewing tot die totale ontwikkeling van die gehoorgestremde kleuter kan bydra deurdat die kleuter binne ’n veilige omgewing fisiese aktiwiteite kan doen.

#### 3.5.3.1.5 Hulp van die staat, mediese fonds en mediese dienste

Alle deelnemers het in die onderhoude verwys na die staat, mediese fonds en mediese dienste. **D3**, **D4**, **D11** en **D15** ontvang finansiële hulp van die staat in die vorm van 'n toelaag. **D15** het ook finansiële hulp van die staat ontvang vir onkoste verbonde aan gehoorapparate. Alhoewel terugvoer oor mediese fondse in die algemeen negatief is, noem **D3** dat sy nie sou kon regkom sonder hulp van die mediese fonds nie. Mediese fondsdekking gee ook vir die ouers die geleentheid om 'n dokter te besoek en nie by die kliniek of hospitaal hoef te wag nie (**D9**). Volgens **D14** verskaf een mediese fonds beter dekking vir kogliêre inplantings:

*"It is a new thing, but I think the medical aids are now starting to open up to this whole idea of cochlear implants."*

Binne die mediese veld het twee ouers goeie ervarings gehad: **D14** se dogter is onmiddellik na die Oorkliniek verwys, waar 'n diagnose binne 'n week gemaak is. **D15** is na die Rooikruis-kinderhospitaal verwys, waar gehoorverlies by haar seun geïdentifiseer is.

Luckner en Velaski (2004:150) meld dat die impak van gehoorverlies, die vind van gepaste dienste en ondersteuning, sowel as die ontwikkeling van strategieë vir kommunikasie, van die grootste uitdagings vir ouers van gehoorgestremde kinders is. Persone binne die mediese veld wat ouers na gepaste dienste kan verwys, sal op 'n indirekte wyse tot die ouers se aanvaarding van hul kleuter se gehoorverlies bydra. So kan die ouers ook hul kleuter se behoefte aan aanvaarding en liefde (Van Wagner, 2009), vanuit Maslow se teorie (1954), bevredig. Instansies soos die staat en die mediese fonds, wat as politiese en sosiale sisteme deel van die ouers se makrosisteem vorm, vanuit 'n Ekosistemiese perspektief (Hook *et al.*, 2002:318), se finansiële bydrae help ouers om aan hul kleuters se fundamentele behoeftes te kan voorsien (Max-Neef, 1991).

#### 3.5.3.2 Risikofaktore vanuit die breër gemeenskap

##### 3.5.3.2.1 Onvoldoende ondersteuning van gemeenskapslede

**D1**, **D9** en **D11** beweer dat hulle geen ondersteuning vanuit die gemeenskap kry nie. **D1** en **D3** noem dat hulle geen verdere ondersteuning van vriende ontvang nie, en **D1** beweer dat mense ongemaklik voel rondom haar kleuter. **D3** en **D10** noem dat mense nie altyd betroubaar is nie. **D3** se hardloopklub sou fondse insamel om haar te ondersteun, maar dit het nooit gebeur nie. **D10** is gedemotiveerd deur mense wat belowe om op te daag vir ondersteuning, maar nooit daar is nie.

Soos vermeld in Hoofstuk twee, het die makrosisteem nie ’n direkte invloed op die gesin nie, maar tog ’n invloed regdeur die interaksie van al die ander sisteme met mekaar (Singal, 2006:242). Lede van die gemeenskap word binne die makrosisteem beskou en kan tot die welstand van ’n gesin bydra. Die gemeenskap kan moontlik wanpersepsies hê van wat gehoorgestremdheid behels, aangesien daar sekere veralgemenings rondom gehoorgestremde kinders en hul families is, wat onwaar is (Feher-Prout, 1996:160). Die gemeenskap kan weens oningeligtheid onvoldoende ondersteuning bied. So kan ouers verhoed word om in hul kleuters se behoeftes te voorsien (Max-Neef, 1991).

##### 3.5.3.2.2 Negatiewe reaksies van die gemeenskap teenoor die gehoorgestremde kleuter

Verskeie deelnemende ouers maak melding van gemeenskapslede se reaksie teenoor hul gehoorgestremde kleuters. **D1, D4** en **D11** meld dat hul geen reaksie kry nie, maar slegs mense wat staar. **D3** noem dat sy dieselfde ervaar:

*People stare…wherever we go, but I think I’m now used to it. I hear children ask their parents – parents will give funny answers.”*

**D2**, **D3**, **D4**, **D8, D9** en **D10** getuig van die oningeligtheid van gemeenskapslede.

*“Definitely….I do a lot of educating around his cochlear implants. And I would rather people ask….he doesn’t realise, but I can feel how children stare at him…they look at him and they can see”.* (**D8**)

**D9** word soms kwaad oor die reaksie van mense:

*"Ja, weet jy, ek het Saterdag so kwaad geraak toe my niggie na haar verwys as 'so 'n tipe kind', dat ek gevoel het ek kan haar klap. Ek het vir haar gesê daar is niks fout met my kind nie. Sy dra gehoorapparate en dit is dit. Sy is nie vertraag nie…Sulke opmerkings maak jou kwaad. As jy in 'n winkelsentrum instap kyk die mense jou aan. Hoekom dra sy dit? Is sy doof? As daar nie fout was nie sou sy dit nie gedra het nie, is ek reg?"*

**D4** en **D9** noem ook dat mense hul dogters weens hul oningeligtheid anders sal hanteer. **D4** noem dat mense jammerhartig optree, terwyl hul byvoorbeeld op **D9** se kleuter sal skree omdat sy gehoorapparate het. **D16** beweer dat ouers se reaksies vreemd kan wees omdat hul wonder hoe dit sou wees indien hulle kleuter gehoorgestremd was.

**D9** en **D10** beweer dat die nuwe tegnologie van gehoorversterking mense intimideer:

*"People are very intimidated with the cochlear, or the hearing aid, you know, it's like they freak out when they, like I know, because with the new Aftercare that they're at, so, there was once that I came, no twice that I came there and I know exactly when, like for instance when the kid's ears are off, because then they just are in a different world…It is to the benefit of both, all of us, that the kid's ears must be on, and it just, look, I mean, once you just know the basics it is fine… she called me, basically a bit frantic you know."* (**D10**)

Hierdie oningeligtheid rondom die tegnologie veroorsaak dat **D10** nie haar twee gehoorgestremde kleuters by enige iemand kan los om hul op te pas nie. **D15** het ook ervaar dat die jong dame wat na haar seun gekyk het nie die waarde van gehoorversterking besef het nie, aangesien sy gehoorapparate uit was as sy na werk by die huis gekom het.

Soms raak kleuters ook kwaad oor mense se reaksies, soos **D15** getuig:

*"He used to become angry, wanted to hit the others, and I don't blame them, because they don't know what it is."*

Binne die Gestalt-veldteorie kan die organisme slegs verstaan word as 'n georganiseerde, interaktiewe, verbinde en interafhanklike totaliteit (Kirchner, 2000:5). Gehoorgestremde kleuters en hul gesinne kan dus nie as enititeit op sigself beskou word nie, maar sal slegs verstaan word deur die gesinne binne hul spesifieke omgewings te aanskou. Die reaksie van die gemeenskap in hierdie geval word in 'n negatiewe lig aanskou wat tot nadeel van die gesin se welstand kan wees. Die eerste kogliêre inplanting in Suid-Afrika is eers in 1988 by die Tygerberg-hospitaal gedoen (Muller & Wagenveld, 2003:628). Die tegnologie is dus redelik nuut en moontlik onbekend aan meeste mense in die gemeenskap, veral omdat slegs 'n klein persentasie persone kogliêre inplantings het. Davies (1999:81-83) verwys na blootstelling aan diskriminasie as 'n risikofaktor. Vanweë oningeligtheid kan ouers voel dat daar teen hul kleuter gediskrimineer word as daar na hul kleuter gestaar word. Alhoewel kleuters nog jonk en moontlik onbewus van mense se reaksie is, kan hul behoefte aan aanvaarding as unieke persoon (Max-Neef, 1991:27) deur mense se reaksies geïnhibeer word. Opsigtelike reaksies van gemeenskapslede kan kleuters laat voel dat hulle anders as ander is, wat die gevoel van diskriminasie kan versterk.

#### 3.5.3.2.3 Gemeenskapslede se persepsies van die gehoorgestremde kleuter se gesin

Vanweë oningeligtheid verstaan gemeenskapslede nie altyd die reaksies van ouers met gehoorgestremde kleuters nie. **D4** noem dat mense haar kwalik neem omdat haar kleuter nie nog 'n kogliêre inplanting het nie, maar sy kan dit nie bekostig nie. **D8** se vriende in die stapklub kon nie verstaan waaroor sy so aangaan indien haar kleuter naby water kom nie. Hulle verstaan nie die praktiese implikasies van gehoorversterking nie. **D10** noem dat ander mense in haar lewe nie die belang van roetine met haar gehoorgestremde kleuter verstaan nie:

*"People are not in my life. They don't know what I'm going through."*

Volgens Hintermair (2006) en Bodner-Johnson (2006) moet die ouers van gehoorgestremde kinders nuwe verantwoordelikhede ten opsigte van die versorging van hul gesin aanvaar. Dit is moontlik dat persone uit die makrosisteem (Bronfenbrenner, 2004), nie altyd van die omvang van hierdie veranderinge bewus is

nie en dus moontlik uit oningeligtheid anders reageer teenoor gesinne van gehoorgestremde kleuters. As gevolg van onvoldoende ondersteuning kan ouers sukkel om na wense in hul kleuters se fundamentele behoeftes te voorsien (Max-Neef, 1991:16).

#### 3.5.3.2.4 Onveilige huislike omgewing

Twee ouers het na die onveilige huislike omgewing verwys. **D3** noem dat sy nie haar kind alleen buite wil laat speel nie. **D6** noem dat die omgewing veilig is, maar ook nie altyd nie. Hulle bly in ’n omgewing waar dwelmmisbruik en bendegeweld ’n realiteit is. Davies (1999:81-83) verwys na gemeenskapsgeweld, sowel as ’n onveilige woonbuurt as risikofaktor.

**D13** noem dat, toe hulle by haar skoonmoeder tuisgegaan het, daar verskeie dinge was wat die kinders nie kon doen nie. Soms word kleuters nie net deur gevaar in die omgewing van sekere ervaringe en aktiwiteite weerhou nie, maar ontwikkeling kan ook binne huislike omstandighede geïnhibeer word.

Bronfenbrenner (2004:15) identifiseer tyd as een van die komponente waarbinne die persoon as geïntegreerde, ontwikkelende sisteem bestudeer kan word. Die spesifieke tydperk waarin hierdie kleuters grootword, gaan gepaard met geweld en onveilige omgewingsfaktore. Kontekstueel, binne die veld van die kleuter (Yontef, 1993), wat in hierdie geval Suid-Afrika is, is geweld ’n realiteit wat altyd in gedagte gehou moet word deur ouers wat verantwoordelik vir hul kleuters is. Binne ’n onveilige woonbuurt kan die ouers nie aan kleuters se behoefte aan veiligheid voorsien nie (Maslow, 1954; Max-Neef, 1991).

#### 3.5.3.2.5 Onvoldoende hulp van die staat, mediese fonds en mediese dienste

Die algemene gevoel omtrent die staat, mediese fondse en dekking vir persone met gehoorgestremdheid, is negatief. **D4** en **D15** noem dat die staatstoelaag wat hulle vir hul kleuters ontvang, nie voldoende is nie. Alhoewel **D1**, **D4** en **D6** nie oor ’n mediese fonds beskik nie, is **D5**, **D7**, **D9**, **D10** en **D16** ontevrede oor die bedrag wat die mediese fonds tot gehoorversterking bydra. **D7** is baie negatief en noem dat die dekking vir gehoorapparate pateties is. **D5** noem dat die mediese fonds nie eers genoeg dekking bied om een apparaat te betaal nie, en **D9** noem dat die mediese

fonds buitensporig duur is. **D16** beweer dat die mediese fonds slegs die helfte van die bedrag vir een kogliêre inplanting betaal.

**D2** noem ook dat sy seun ’n tyd gewag het om sy apparate te ontvang, vanweë die mediese fonds wat eers ingelig moes word omtrent die tipe apparate wat sy seun dra. Soos reeds in Hoofstuk twee vermeld, is vroeë ingryping uiters belangrik, en kan taalontwikkeling geïnhibeer word indien die kleuters sonder gehoorversterking moet klaarkom.

Ander deelnemers het negatiewe herinneringe aan mediese dienste. **D5** noem dat mense in die mediese veld nie opgetel het dat haar seun ’n gehoorverlies het nie. Hulle het altyd beweer dat daar iets anders fout was. Dienste deur die staat is ook nie altyd voldoende nie. **D6** meld dat sy nie die beste behandeling by klinieke kry nie. **D1** bevestig dit met die volgende stelling:

*“And you know, at the clinic, they never, never done a hearing test…the rattle thing... they didn’t do any tests, so…”*

Binne die makrosisteem, soos vanuit die Ekosistemiese perspektief, het die interaksie wat op hierdie vlak plaasvind, ’n invloed op die ontwikkeling van die kind (Oswald, 2008:1). Die oningeligtheid van gemeenskapsinstansies kan frustrasie by die ouers veroorsaak, aangesien onvoldoende ondersteuning dan gebied word. Die finansiële implikasies van onvoldoende fondse vanaf die staat en mediese fonds, kan verhoed dat ouers in hul kleuters se fundamentele fisiologiese behoeftes voorsien (Maslow, 1954). Davies (1999:81-83) noem dat ’n gebrek aan toegang tot mediese versorging, ’n gebrek aan ’n mediese fonds en ’n gebrek aan maatskaplike dienste as risikofaktor vanuit die breër gemeenskap beskou kan word.

## 3.6 Opsomming van bevindinge

Die bevindinge, soos vermeld, bevestig dat daar verskeie buffer- en risikofaktore verken kan word wat direk of indirek ’n invloed op die gehoorgestremde kleuter se ontwikkeling kan hê. Sommige van die buffer- en risikofaktore wat verken is, het met Davies (1999) se geïdentifiseerde faktore ooreengestem en kon ook met behoeftevoorsiening vir die kleuter in verband gebring word. Die navorser het deur die proses van data-insameling bevind dat elke deelnemer se subjektiewe belewenis

uit hul eie ervarings van situasies spruit. Elke deelnemer kyk deur ’n spesifieke lens wat uit vorige ervarings gevorm word. Dus kan ’n faktor wat vir een deelnemer as risikofaktor beskou word, vir ’n ander deelnemer as bufferfaktor voorkom. Vir een deelnemer is die staatstoelaag ’n waardige bydra tot die onderhoud van hul kleuter, maar ’n ander deelnemer vind dat die toelaag heeltemal onvoldoende is. Dit is om hierdie rede moeilik om veralgemene afleidings vanuit die data te maak.

Tog was daar spesifieke temas wat deur verskeie deelnemers aangeraak is, wat as meer algemene faktore uitgelig kon word. Daar moes egter ook onderskeid getref word tussen faktore wat op enige ouers van toepassing is en faktore wat slegs op ouers van gehoorgestremde kleuters van toepassing is. **’n Paar faktore, wat die navorser graag uitlig, het haar insig ten opsigte van die voorgestelde navorsingsvraag verbeter:**

- Die belangrike rol wat ouers se subjektiewe belewenis van hul kleuter speel in die manier waarop hulle hul kleuter hanteer, was prominent onder faktore wat op die gehoorgestremde kleuter van toepassing was. Die navorser kon deur middel van waarneming en die manier waarop ouers hul kleuters beskryf, vinnig ’n gevoel ontwikkel vir die manier waarop ouers hul kleuters sien en hanteer. Sommige van die ouers het hulle kleuters met hul gestremdheid aanvaar, terwyl sommige ouers steeds deur die rouproses werk en versigtig is vir mense se reaksies ten opsigte van gehoorversterking. Die navorser kon aflei dat die ouers van mening is dat min mense werklik verstaan waardeur ’n ouer gaan wat moet aanvaar dat hul kleuter spesiale behoeftes het.

- Die rol wat die gesin en spesifiek die gesinstruktuur in ’n gehoorgestremde kleuter se ontwikkeling speel, het uitgestaan by faktore wat op die gesin van toepassing is. Aangesien gehoorgestremde kleuters ekstra verantwoordelikheid op die gesin plaas, is hierdie faktore ook spesifiek op gesinne van gehoorgestremde kleuters van toepassing. Enkelouers sukkel nie net om finansieel aan hul kleuters se behoeftes te voorsien nie, maar het uitdagings om kleuters op alle vlakke te kan ondersteun, aangesien hulle al die verantwoordelikheid alleen moet dra. Ouers wat as span saamwerk blyk om makliker in al die behoeftes van die kleuter te kan voorsien, en kan mekaar ook met begrip ondersteun.

- Die oningeligtheid van die gemeenskap ten opsigte van gehoorgestremdheid en gehoorversterking was prominent as faktor wat die gesonde funksionering van die gesin kan bemoeilik. Veral die oningeligtheid van nabye persone, soos werkgewers of kollegas, asook oningeligtheid van instansies wat ondersteunende rolle vanuit die gemeenskap kan inneem, kan tot frustrasie by die ouers lei. Indien die gemeenskap ingelig word oor gehoorversterking en wat gehoorgestremdheid behels, kan ouers moontlik voel of hulle makliker binne hul gemeenskap aanvaar word.

Die empiriese data het buffer- en risikofaktore uitgelig, deurdat die deelnemers hul ervarings rondom hul gehoorgestremde kleuters gedeel het. Hulle het ryk data omtrent hul gehoorgestremde kleuters verskaf, sowel as hul gesinsopset en die reaksies van gemeenskapslede teenoor hul gehoorgestremde kleuters. Hierdie data het tot ’n deeglike verstaan van ouers met gehoorgestremde kleuters gelei.

# HOOFSTUK 4:
# ’N INTEGRASIE VAN GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS VIR DIE STUDIE

## 4.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk fokus op ’n bespreking van die gevolgtrekkings en aanbevelings vir die studie. Die mate waartoe die doelstelling en doelwitte van die studie bereik is, sal deur die bespreking aangedui word. Die navorser sal die hoofstukke binne die navorsingsverslag kortliks omskryf. Die betroubaarheid van die studie sal bepaal word, tesame met moontlike beperkinge wat voorgekom het. Aanbevelings gebaseer op die bevindinge, sowel as voorstelle vir verdere moontlike navorsing, sal gemaak word.

## 4.2 Evaluasie van die realisering van doelstelling en doelwitte

### 4.2.1 Realisering van doelstelling

Die doelstelling van hierdie studie was om die buffer- en risikofaktore te verken wat ’n rol in die algehele ontwikkeling van gehoorgestremde kleuters kan speel. Hierdie doelstelling kon gerealiseer word deur die studiedoelwitte te bereik. Sestien in-diepte onderhoude met ouers van gehoorgestremde kleuters is gevoer. Verskeie herhalende temas is deur die ouers aangevoer en die navorser het daaruit buffer- en risikofaktore in kategorieë geïdentifiseer, ten opsigte van die kleuter, die gesin en die breër gemeenskap. Alhoewel die klem binne die doelstelling op die kleuter se ontwikkeling fokus, het die geïdentifiseerde faktore meer klem op die gesin en die buffer- en risikofaktore wat die gesin beïnvloed, geplaas. Dit kan wees vanweë die feit dat die ouers aan die onderhoude deelgeneem het en vanuit hul perspektief inligting verskaf het.

### 4.2.2 Realisering van doelwitte

- ***Doelwit een:*** *die saamstel van ’n teoretiese raamwerk.* Hierdie doelwit is bereik deur ’n intensiewe literatuurstudie ten opsigte van die Ekosistemiese teorie (Bronfenbrenner, 2004), die Gestalt-veldteorie (Yontef, 1993), teorieë

omtrent behoeftes (Maslow, 1954 ; Max-Neef, 1991), buffer- en risikofaktore (Davies, 1999) en gehoorgestremde kleuters se algehele ontwikkeling, te onderneem. Alhoewel literatuur vanuit Suid-Afrika beperk was, is voldoende literatuur binne akademiese joernale gevind. Die opvoedkundige instansie vir gehoorgestremde kleuters is beskryf om agtergrond vir 'n beter begrip van die empiriese bevindinge te bied. Die doel en benutting van ekokaarte as data-insamelingsmetode is ook ter voorbereiding van die empiriese navorsing bespreek.

- ***Doelwit twee:*** *Die insameling en analise van kwalitatiewe data deur Creswell se analitiese metode.* Hierdie doelwit is bereik deur sestien semi-gestruktureerde onderhoude te voer, waartydens ekokaarte deur ouers van gehoorgestremde kleuters binne die Carel du Toit-sentrum saamgestel is. Die deelnemers het inligting omtrent hul gehoorgestremde kleuters gedeel, sowel as inligting omtrent hul gesin en die reaksies van die breër gemeenskap teenoor hul kleuters. Creswell se analitiese metode (in De Vos, 2005:336) is onder andere gebruik vir die analise van data. Deur die gebruik van hierdie metode, het die navorser buffer- en risikofaktore verken en gekategoriseer vir die kleuter, die gesin en die breër gemeenskap. 'n Eksterne kodeerder is tydens dié proses gebruik om objektiwiteit ten opsigte van data te verseker.

- ***Doelwit drie:*** *Die kontrolering en integrering van data deur triangulering.* Hierdie doelwit is bereik deur bestaande literatuur vanuit die teoretiese raamwerk, sowel as addisionele literatuur deur middel van 'n literatuurkontrole, tydens data-analise te vergelyk en te integreer.

- ***Doelwit vier:*** *Die maak van gevolgtrekkings en aanbevelings.* Gevolgtrekkings en aanbevelings ten einde toepaslike ondersteuning vir ouers en gehoorgestremde kleuters te bewerkstellig, sal hieronder in detail bespreek word.

## 4.3 Evaluasie van beantwoording van die navorsingsvraag

In hierdie studie is die navorsingsvraag as volg: *Wat is die aard van buffer- en risikofaktore wat 'n rol in die ontwikkeling van gehoorgestremde kleuters kan speel?* Hierdie navorsingsvraag is suksesvol deur die ouers se besprekings rondom hul

gehoorgestremde kleuters beantwoord, waaruit die buffer- en risikofaktore verken is. Hierdie buffer- en risikofaktore is volledig in Hoofstuk drie bespreek, maar word hieronder opsommend voorgehou:

- **Bufferfaktore ten opsigte van die gehoorgestremde kleuter**, wat persoonlikheid, gehoorversterking, persepsie wat gehoorgestremde kleuters van gehoorversterking het, sosiale vaardighede en gedrag, intellektuele vermoëns, ontwikkelingsagterstande, ouers se persepsie van gehoorgestremde kleuters en laasgenoemde se houding teenoor onderrig, insluit.

- **Bufferfaktore ten opsigte van die gehoorgestremde kleuter se gesin**, wat hegte gesinsverhoudinge, verantwoordelikheid en dissipline van gehoorgestremde kleuters, vaste roetine, familiebetrokkenheid, finansiële ondersteuning, ondersteuning binne die werksomgewing vir ouers, ondersteuning van Sentrum vir ouers, ander aktiwiteite waarby ouers betrokke is en ouers se bewustheid van hul omstandighede, insluit.

- **Bufferfaktore vanuit die breër gemeenskap**, wat ondersteuning van gemeenskapslede, finansiële ondersteuning van gemeenskap, positiewe reaksie van gemeenskap teenoor kleuter, veilige huislike omgewing, sowel as hulp van die staat, mediese fonds en mediese dienste, insluit.

- **Risikofaktore ten opsigte van die gehoorgestremde kleuter**, wat persoonlikheid, praktiese implikasies van gehoorversterking, onverstaanbaarheid en tekort aan taal, traumatiese ervaringe, intellektuele vermoëns van kleuters, sowel as ander ontwikkelingsagterstande, insluit.

- **Risikofaktore ten opsigte van die gehoorgestremde kleuter se gesin**, wat gesinsopset, opofferinge en veranderinge, hantering van gehoorgestremde kleuters by die huis, ouers se persepsie rondom gehoorverleis en hul gehoorgestremde kleuters, finansiële implikasies van gehoorgestremdheid vir gesin, tekort aan ondersteuning binne die ouers se werksomgewing, tekort aan genoegsame tyd, praktiese implikasies van betrokkenheid by die Sentrum en ouers se selfpersepsie, insluit.

- **Risikofaktore vanuit die breër gemeenskap**, wat onvoldoende ondersteuning van gemeenskapslede, negatiewe reaksies van gemeenskap

teenoor kleuters, gemeenskapslede se persepsie van die gehoorgestremde kleuter se gesin, onveilige huislike omgewing, sowel as onvoldoende hulp van die staat, mediese fonds en mediese dienste, insluit.

Na afloop van die verkenning van bogenoemde faktore is die navorser van mening dat die navorsingsvraag suksesvol beantwoord is. Die aard van buffer- en risikofaktore sowel as die rol wat hierdie faktore in die gehoorgestremde kleuter se algehele ontwikkeling en voorsiening van basiese behoeftes kan speel, is deur die integrasie van literatuur vanuit die teoretiese raamwerk, sowel as addisionele literatuur as literatuurkontrole bewerkstellig.

Die aanname wat deur die navorser gemaak is dat buffer- en risikofaktore wat ’n rol in die ontwikkeling van gehoorgestremde kleuters kan speel, uniek tot ’n spesifieke omgewingskonteks sou wees, het tot die beantwoording van die navorsingsvraag bygedra. Die navorser het faktore verken wat uniek tot die spesifieke konteks van die Carel du Toit-sentrum is, soos faktore rondom gehoorversterking. Die feit dat alle kleuters daar oor gehoorversterking beskik, is uniek tot die spesifieke opvoedkundige instansie.

Die navorser het ook aangeneem dat die verkenning van buffer- en risikofaktore ’n groter bewustheid by die ouers van gehoorgestremde kleuters ten opsigte van hul kleuter se behoeftes en ontwikkeling sal kweek. Hierdie aanname het tot die beantwoording van die navorsingsvraag bygedra deurdat die navorser vrae binne die onderhoude gerig het om bewustheid rondom sekere aspekte van die kleuter te verhoog. Dus het die navorser deeglike inligting bekom wat tot die bevredigende verkenning van buffer- en risikofaktore gelei het. Die onderhoude kon dan moontlik ook tot groter bewustheid by die ouers rondom hul gehoorgestremde kleuters gelei het.

## 4.4 Geloofwaardigheid van die studie

Etiese vorms (Bylaag A) is saam met die navorsingsvoorstel vir die studie goedgekeur, om te verseker dat eties-korrekte stappe gevolg word. Lincoln en Guba (in De Vos, 2005:346) noem vier kategorieë waarvolgens die geldigheid van kwalitatiewe navorsing vasgestel kan word: geloofwaardigheid, oordraagbaarheid,

betroubaarheid en ooreenkomstigheid. Die geldigheid van hierdie studie is dus aan die kriteria gemeet.

- **Geloofwaardigheid** van die studie word bepaal deur vas te stel of die navraag op so 'n wyse hanteer is dat die onderwerp akkuraat geïdentifiseer en omskryf is (De Vos, 2005:346). Taylor *et al*. (2006:30) verwys na die betroubare insameling van data deur data-insameling voort te sit totdat versadiging bereik is. Die versadiging van data is bereik, deurdat die laaste deelnemers geen verdere onbekende inligting tot die empiriese inligting bygedra het nie, maar wel net ooreenstemmende temas uitgelig het. Die navorser en eksterne kodeerder het ook verskeie kere na die opnames geluister, om akkuraatheid van bevindinge te verseker.

- **Oordraagbaarheid** van die inligting verwys na die veralgemening van kwalitatiewe bevindinge na ander populasies en omgewings (De Vos, 2005:346). Aangesien dit vanuit die empiriese data, soos ontvang, duidelik is dat gehoorversterking 'n baie belangrike rol in die funksionering van die gehoorgestremde kleuter speel en dit uit die groter gehoorgestremde populasie blyk uit beide kinders sonder gehoorversterking asook die met gehoorversterking, kan bevindinge vanuit die data nie vir alle gehoorgestremde kleuters binne Suid-Afrika veralgemeen word nie. Tog het die navorser van triangulering as kontrole gebruik gemaak om vas te stel of die data veralgemeen voorgehou kan word (Taylor *et al.*, 2006:96). Daar is bevind dat van die verkende buffer- en risikofaktore ooreenstem met faktore wat reeds deur Davies (1999) geïdentifiseer is en met ander faktore wat ook binne addisionele literatuur as buffer- of risikofaktore voorgehou is.

- Onder **betroubaarheid** van die studie moet die navorser poog om veranderende toestande in die fenomeen wat bestudeer word in ag te neem, sowel as veranderinge in die ontwerp deur 'n toenemend beter begrip van die omgewing. Rolfe (2006:309) noem ook dat die kwaliteit van die studie nie deur die nougesette toepassing van 'n stel voorheen-opgestelde strategieë en prosedures verseker kan word nie. Die navorser sal aanbevelings maak wat vir die moontlikheid van veranderende kontekste en dus veranderende databevindinge sal voorsien (Ebersöhn *et al*., 2007:136). Soos verder

bespreek sal word, is die data-insamelingsmetode tydens die empiriese ondersoek aangepas, deurdat die navorser van ekokaarte wegbeweeg het en meer op gesprekke binne onderhoude begin fokus het. Hierdie aanpassing is gemaak op grond van ’n verbeterde begrip van die deelnemers se kommunikasiewyse en oordrag van inligting. Die navorser het ook met verloop van die onderhoude meer klem op gehoorversterking begin plaas, wat ’n fokuspunt binne die studie geword het.

- **Ooreenkomstigheid** verwys na die tradisionele konsep van objektiwiteit: om vas te stel of die bevindinge binne die studie ook deur ’n ander persoon bevestig kan word (Lincoln & Guba, in De Vos, 2005:347). Aangesien die navorser binne die studieveld werksaam is, was dit belangrik om objektiwiteit tydens die studie te behou. ’n Eksterne kodeerder (Ryan & Bernard, 2003:104) is deur die navorser benut, wat die data nagegaan en buffer- en risikofaktore verken het. Die navorser het hierdie bevindinge met haar eie bevindinge gekorreleer en aanpassings daarvolgens gemaak. Daar is bevind dat die verkende faktore van die navorser meestal met die verkende faktore van die eksterne kodeerder ooreengestem het. Die navorser heg ’n transkripsie van een van die onderhoude aan (Bylaag H), sowel as ’n voorbeeld van ’n ekokaart (Bylaag I) om bewys van die bestaan en geldigheid van die data te lewer.

Betroubaarheid verwys na die wyse waarop die navorser die lesers van die verslag kan oortuig dat die bevindinge van die navorsing merkwaardig en van hoë kwaliteit is (Maree, 2007:299). Golafshani (2003:601) beweer dat die assessering van betroubaarheid noodsaaklik is om betroubaarheid in kwalitatiewe navorsing te verseker. Betroubaarheid is verseker deur die volgende toepassings (Nieuwenhuis, 2007:113-115):

- **Die benutting van ’n verskeidenheid databronne:** Nieuwenhuis (2007:113) beweer dat die gebruik van ’n verskeidenheid databronne die navorser kan help om die bevindinge na te gaan. Triangulering is gebruik om betroubaarheid van data te verseker, wat die gebruik van ’n verskeidenheid databronne, data-insamelingstegnieke of navorsers behels (Long & Johnson,

2000:34). Die eksterne kodeerder het vanuit ’n ander en ’n objektiewe oogpunt die data nagegaan. Die voorafgaande literatuurstudie asook ’n literatuurkontrole, nadat die empiriese proses afgehandel is, is uitgevoer om data met literatuur te vergelyk en te integreer.

- **Die beheer van bevooroordeling**: Nieuwenhuis (2007:114), asook Long en Johnson (2000:30) noem dat bevooroordeling in ’n navorsingstudie voorkom kan word deur nie te betrokke by die deelnemers te raak nie. Aangesien die studie binne die navorser se werksomgewing plaasgevind het, het sy deelnemers gekies by wie sy nie direk in hoedanigheid van onderwyseres betrokke is nie. Bevooroordeling is voorkom deur ’n professionele verhouding met die deelnemers te handhaaf. Onderhoude is ook semi-gestruktureerd gevoer sodat deelnemers die geleentheid gekry het om hul opinies te lig. Die deelnemers is vooraf met behulp van ’n inligtingstuk omtrent die doel van die studie ingelig (Bylaag B). Tog is hulle nie gevra om buffer- en risikofaktore te identifiseer nie, maar hulle is slegs deur enkele vrae gelei om oor die kleuter, die gesin en die breër gemeenskap te gesels. So is bevooroordeling omtrent sekere faktore voorkom.

- **Versekering van vertroulikheid:** Deelnemers is vooraf oor vertroulikheid ingelig wat regdeur die studie gehandhaaf sou word. Hulle is ook vooraf oor die eksterne kodeerder ingelig wat die enigste ander persoon sou wees wat toegang tot die empiriese inligting sou hê (Bylaag B). Die eksterne kodeerder het ’n vertroulikheidsvorm onderteken (Bylaag E). So kon deelnemers hul opinie lig sonder om blootgestel te voel. Hulle vertroulikheid is tydens die aanteken van bevindinge behou deurdat geen identifiseerbare besonderhede binne die navorsingsverslag verskyn nie.

- **Stawing van studiebeperkings:** Die studiebeperkings sal vervolgens bespreek word. Die staaf van beperkings stel die lesers van die verslag in staat om te verstaan hoe gevolgtrekkings vanuit die studie gemaak is (Nieuwenhuis, 2007:115).

Soos reeds in Hoofstruk drie vermeld, is daar in ag geneem dat deelnemers se opinies subjektiewe menings is, wat ’n weerspieëling van hul eie ervarings is. Die navorser het hierdie faktor tydens data-analise in ag geneem.

## 4.5 Opsomming van hoofstukke in die verslag

***Hoofstuk Een:*** *Inleiding en oorsig van die studie.* Hierdie hoofstuk fokus op die oorsig van die studie, wat die rasionaal, probleemformulering en fokus van die studie insluit. Die paradigma en teoretiese raamwerk, doelstelling, doelwitte, navorsingsvraag en aannames word ook omskryf, sowel as die navorsingsontwerp en -metode wat in die studie gevolg gaan word. Die hoofstukindeling word uiteengesit en die impak van die studie word verduidelik.

***Hoofstuk Twee:*** *Teoretiese raamwerk, gehoorgestremde kleuters en die waarde en benutting van ekokaarte.* Hierdie hoofstuk fokus op ’n literatuurstudie van konsepte verbonde aan die gehoorgestremde kleuter. Binne die teoretiese raamwerk is daar op die Ekosistemiese teorie, die Gestalt-veldteorie, die gehoorgestremde kleuter se ontwikkeling, sowel as die behoefte van die kleuter gefokus. Die opvoedkundige instansie vir gehoorgestremde kleuters binne die studie is uitgelig. Laastens is die waarde en benutting van ekokaarte as data-insamelingstegniek omskryf.

***Hoofstuk Drie:*** *Navorsingsmetodologie, data-analise en navorsingsbevindinge.* Binne hierdie hoofstuk word die navorsingsontwerp en metodologie vir die studie in fokus gebring. Prosedures en bevindinge van data-analise word vanuit die empiriese ondersoek omskryf. Buffer- en risikofaktore is uitgelig in die kategorieë van die kleuter, die kleuter se gesin en die breër gemeenskap. Hierdie bevindinge is vergelyk en geïntegreerd voorgehou met die literatuur vanuit die literatuurstudie, asook ’n literatuurkontrole.

***Hoofstuk Vier:*** *’n Integrasie van gevolgtrekkings en aanbevelings vir die studie.* Hierdie hoofstuk fokus op ’n bespreking van die gevolgtrekkings en aanbevelings vanuit die studie. Studiebeperkinge is bespreek, sowel as moontlikhede vir verdere navorsing binne die spesifieke veld.

## 4.6 Aanbevelings

Die navorser maak na afloop van die studie die volgende aanbevelings oor gehoorgestremde kleuters met gehoorversterking:

**Die aanbieding van ’n ondersteuningsprogram vir ouers van gehoorgestremde kleuters met gehoorversterking, met die klem op die volgende aspekte:**

Inligting omtrent gehoorgestremdheid, om ouers gerus te stel en bewus van hul gehoorgestremde kleuters se behoeftes rondom gehoor te maak. Inligting omtrent die opvoedkundige instansie en onderrigmetode kan ook as waardevol beskou word.

- Bekendstelling aan die ekosistemiese benadering waaruit ouers hul kleuters moet beskou, om bewustheid van buffer- en risikofaktore vir die kleuter binne homself, die gesin en die breër gemeenskap te beklemtoon.
- ’n Groter bewustheid rondom die gehoorgestremde kleuter se positiewe persoonlike karaktereienskappe wat positiewe groei tot gevolg kan hê. Op so ’n wyse kan die ouers hierdie eienskappe aanmoedig en benut om positiewe groei en ontwikkeling te bevorder.
- ’n Groter bewustheid omtrent die behoeftes van die gehoorgestremde kleuter, sodat behoeftevoorsiening prioriteit kan geniet.
- Die moontlike voorstel van ’n vaste roetine wat binne die ouers se omgewing sal werk, sodat ouers sal weet hoe om die praktiese implikasies van gehoorgestremdheid te hanteer.
- ’n Groter bewustheid van die kort- en langtermyn finansiële implikasies wat gehoorgestremdheid inhou.

**Die aanmoedig van ’n verhoogte ingeligtheid en bewustheid rondom gehoorgestremdheid binne die gemeenskap, om die volgende te bewerkstellig:**

- Die afsien van moontlike denkwyses en stigmas rondom gehoorgestremdheid.
- Kennis oor die opvoedkundige instansie waar gehoorgestremde kleuters kan leer praat.

- ’n Beter begrip van die implikasies wat gehoorgestremdheid op die gesin het, sodat toepaslike ondersteuning aan die gesin gebied kan word. Dit geld veral vir instansies soos die staat, mediese fondse en ander mediese dienste. So kan ’n beter begrip van die gehoorgestremde kleuter se behoeftes bewerkstellig word.
- Ingeligtheid oor die moontlikheid van gehoorverlies by jong kleuters om vroeë identifikasie aan te moedig.

## 4.7 Tekortkominge van die studie

Die volgende moontlike tekortkominge binne die studie is na afloop van die studie geïdentifiseer:

- Die navorser het ekokaarte as data-insamelingstegniek identifiseer. Met die verloop van die empiriese ondersoek is daar wegbeweeg van ekokaarte as data-insamelingstegniek en meer op een-tot-een-semi-gestruktureerde gesprekvoering met die deelnemers gefokus. Die navorser is van mening dat nie al die deelnemers die opstel van die ekokaart duidelik verstaan het nie en moontlik geïntimideer gevoel het deur die onbekende tegniek. Die navorser het egter nagelaat om die effektiwiteit van die ekokaarte voor die empiriese ondersoek te beproef, wat haar werkswyse kon rig. Meer deeglike inligting is deur gesprekvoering as deur die saamstel van ’n visuele voorstelling verskaf. Tog het die navorser genoegsame inligting deur die onderhoude ingewin om die data betroubaar en geldig voor te hou. Die navorser is egter van mening dat ekokaarte effektief binne navorsing aangewend kan word indien die navorser self meer vertroud met die tegniek voel en ’n voorbeeld as riglyn aan die deelnemers verskaf.

- Sonder dat dit as deel van die kriteria ingesluit was, het dit tydens data-insameling geblyk dat al die studiedeelnemers se kinders oor gehoorversterking beskik, met die gevolg dat inligting nie veralgemeen kon word na gehoorgestremde kleuters sonder gehoorversterking nie. Dus kan hierdie studie nie inligting voorhou wat vir alle gehoorgestremde kleuters geld nie. Dit sou egter ’n ander invalshoek aan die studie verleen het.

- Slegs een swart ouer het aan die studie deelgeneem, wat die verteenwoordiging van die rasse binne die Suid-Afrikaanse konteks beperk. Alhoewel die studie nie op belewenisse binne spesifieke rasgroepe gefokus het nie, kon ’n groter verskeidenheid deelnemers van verskillende rasgroepe diepte aan kulturele uitgangspunte rondom gehoorgestremdheid verleen het.

- Hierdie studie is binne ’n Suid-Afrikaanse konteks uitgevoer. Aangesien daar op die gehoorgestremde kleuter vanuit ’n ekosistemiese perspektief gefokus is, speel die politiese en ekonomiese stand van die land ’n spesifieke rol in die bevindinge. Dus is die verkende buffer- en risikofaktore nie noodwendig geldig vir gehoorgestremde kleuters vanuit ander lande nie.

- Die navorser is van mening dat die verkende buffer- en risikofaktore van toepassing op gehoorgestremde kleuters is, maar nie noodwendig net vir gehoorgestremde kleuters geld nie. Met verdere verfyning kon meer fokus geplaas word op faktore wat slegs op gehoorgestremde kleuters van toepassing is.

## 4.8 Voorstelle vir verdere navorsing

Voorstelle vir verdere navorsing sluit die volgende in:

- Soos reeds vermeld, het dit tydens data-insameling geblyk dat al die deelnemers se kleuters oor gehoorversterking beskik. Dus ontbreek data ten opsigte van gehoorgestremde kleuters sonder gehoorversterking. Verdere navorsing omtrent buffer- en risikofaktore vir gehoorgestremde kleuters sonder gehoorversterking kan ’n waarneembare bydrae tot die geloofwaardigheid van hierdie studie lewer.

- Carel du Toit-sentrum beskik reeds oor ’n ouerleidingsprogram ter ondersteuning van die ouers met gehoorgestremde kleuters. Die bevindinge en aanbevelings binne hierdie studie kan vir verdere navorsingsdoeleindes

gebruik word, om vas te stel of die bestaande program voldoende ondersteuning aan die ouers bied.

- Navorsing omtrent gehoorgestremde kleuters wat verteenwoordigend van die rassegroepe binne Suid-Afrika is, kan lig op die implikasies van gehoorgestremdheid binne verskillende kulture werp. ’n Studie van hierdie aard kan moontlik buffer- en risikofaktore insluit wat uniek tot spesifieke rassegroepe is, wat tot meer toepaslike ondersteuning kan lei.

- Soos reeds vermeld, is hierdie bevindinge uniek tot Suid-Afrika. Die vergelyking van hierdie bevindinge met bevindinge van ’n soortgelyke studie binne ’n ander land, kan insig in globale denkwyses rondom gehoorgestremdheid verleen, sowel as in buffer- en risikofaktore wat globaal uniek tot gehoorgestremdheid is.

- Daar is reeds bestaande literatuur oor sibbe van gehoorgestremde kleuters, maar navorsing omtrent die impak wat sibbe van gehoorgestremde kleuters op hul ontwikkeling het, kan steeds waarde toevoeg.

- Die ouditief-verbale metode van onderrig is uniek aan gehoorgestremde kleuters met gehoorversterking wat leer praat. Daar is egter gehoorgestremde kleuters sonder gehoorversterking wat onderrig word om deur middel van gebaretaal te kommunikeer. Navorsing oor die vergelyking van bogenoemde metodes van leer en die implikasies vir ontwikkeling en behoeftevoorsiening vir die kleuter, behoort insiggewende inligting voort te bring.

## 4.9 Samevattende stelling

Die studie het gelei tot ’n beter begrip oor gehoorgestremde kleuters en die buffer- en risikofaktore wat ’n invloed op hul ontwikkeling en behoeftevoorsiening het. Ouers van gehoorgestremde kleuters het hul standpunte en menings tydens die onderhoude gedeel, wat in-diepte inligting omtrent die gehoorgestremde kleuter verskaf het. Buffer- en risikofaktore is vanuit hierdie ryk inligting verken, waaruit die

navorser geloofwaardige en geldige bevindinge kon maak ten einde die navorsingsvraag te beantwoord.

# BIBLIOGRAFIE


Asberg, K.A., Vogel, J.J. & Bowers, C.A. 2007. Exploring correlates and predictors of stress in parents of children who are deaf: implications of perceived social support and mode of communication. *Journal of Child and Family Studies*, 17(3). http://www.myunisa.com [17 Desember 2010].

**M**: Ek weet nie wat eerste gekom het nie, die deursettingsvermoë of die gehoorverlies nie…ek dink dalk, ons dink partykeer, omdat hy vir so lank nie kon hoor dat ons nie geweet het hy nie kon hoor nie, moes hy hierdie ander coping mechanisms ontwikkel, so hy het nie tyd om moerig te wees nie. Hy het deursettingsvermoë, hy is baie nuuskierig, ok, hy hou van goed doen…hy is soos ’n little helper, hy wil bak en brou en bou en roei met sy boot op die swembad…en hy is omtrent altyd gelukkig. (**N**: Klink wonderlik). Maar nou, soos wat hy ouer word, raak hy hardkoppig. Maar ek dink hy’s maar vier, ek dink hy is net, um…en weet jy wat is hy verskriklik goed mee? Hy het ’n ongelooflike… oë, hy is baie oplettend, so hy kom goed agter, hy kom dadelik agter as iets verander het. Hy sal, ons sal byvoorbeeld speel met maatjies dan gaan ons buitentoe dan vra hy, maar waar is, hoekom het daai een nie haar skoene aan nie? Of hoekom het iemand sy kar geskuif, of sulke tipe van goed, (**B**: Of as iemand hul hare sny) ja, en hy, die ander ding wat ek nou vir jou wou gesê het, hy het ’n ongelooflike goeie oog vir ’n bal. Hy’s ongelooflik, hy’s ’n baie goeie, hy is baie sportief kan ons maar sê. Maar hy slaan ’n krieketbal en vang ’n rugbybal en het begin fietsry op sy fiets sonder wieletjies toe hy drie was en...(**N**:sjoe, dis jonk)… waar my ander seun, die bal moet so groot wees dan kan hy dit nogsteeds nie vang nie. Ok, en hy is so happy go lucky en hy het so ’n twinkle in sy oog, hy’s….ok.

**N**: Hoe voel hy oor sy gehoorapparate?

**B**: Nee, op die oomblik is hy nog baie gemaklik daarmee. Baie, hy praat daaroor as mense vir hom vra hoekom het hy dit… hy sê want hy hoor nie so lekker nie, it helps him to hear better… en hy, hy is baie bewus daarvan dat die gehoorapparate hom beter kan laat hoor, so hy weet dat as hy nie sy apparate in het nie kan hy nie hoor nie. Hy het nou die dag in die bad geklim met sy gehoorapparate

toe sê ek vir hom jy weet, maar hy weet as hy bad of swem, moet hy hulle uithaal en op ’n tafel sit of vir ’n grootmens gee. Toe sê hy vir my, but if I am not, if I don’t have them in I can’t hear my brother in the bath. En hy vra baie vinnig vir jou in die oggende as hy opstaan om sy gehoorapparate in te sit, en hy weet sy gehoor het met sy ore iets te doen. So, vanoggend toe het hy nog ontbyt geëet en nie sy gehoorapparaatjies ingehad nie want die res van die familie het nog geslaap. Dan praat ek met hom, dan sê hy vir my I can’t hear what you say, say it into my ear. So hy, hy maak die connection (**N**: Dis wonderlik) So ja, hy, hy is baie, hy is nog baie confident daarmee en ons probeer dit so normaal as moontlik hou, want op die oomblik is dit vir hom heeltemal ’n given…almal het gehoorapparate…maar van nou af, van volgende jaar af gaan hy, half die odd one out wees, hy moet so half confident genoeg daaroor wees om daaroor te kan praat en nie onseker te voel daaroor nie…(**N**:Ja, ja-nee ek verstaan, so op hierdie oomblik is hy nog gelukkig)… ja-nee, en ek dink hy is nog bietjie onbewus van al die implikasies van dit (**N**:mmm, ja). Maar ons probeer dit so half link aan ek wat ’n bril dra en hy wat gehoorapparate dra, so daar is baie kinders wat nie lekker kan sien nie en hulle moet ’n bril dra en homself, hy kan nie lekker hoor nie, so hy moet gehoorapparate dra.

**N**: En sê vir my verder ontwikkel hy normaal…daar is nie, hy het nie ander, hy het arbeidsterapie nodig, of….

**M**: Nee, hy het niks, niks ander, nog op die stadium niks ander issues nie…

**N**: Hy het nie enige traumatiese ervarings in sy verlede gehad of enige….

**M**: Weet jy, hy het. Hy het, toe hulle hom gediagnoseer het met sy gehoorverlies het hulle opgetel dat, hy het ’n vergrote milt gehad. So vir twee maande het ons nie lekker geweet wat dit veroorsaak nie. En toe is ons deur alles, van beenmurg toetse vir leukemie tot allerhande goeters. Op die einde van die dag het hy klierkoors gehad, en ek het nie geweet hy het klierkoors gehad nie. So iewers langs die pad moes hy redelik siek gewees het, of goor gevoel het. So daai hele ding…hy het dit eintlik baie goed gehanteer, maar dit kon nie vir hom lekker gewees het nie…al hierdie poking en prodding en naalde en goeters nie. En die ander ding wat toe gebeur het is…dit is nou seker ’n jaar en ’n half terug…het hy sy arm gebrand met tee, en dit was vir hom baie traumaties, so, hy het die koppie tee, ek dink, van die toonbank af probeer optel of so iets, net nadat ek die rooibostee gemaak het…en, so dis kookwater gewees, en dit was vir hom baie erg. Want dit was, hy het, ja, dit was verbande en goed, maar my Pa is gelukkig ’n dokter, so ons het nie nodig gehad om hom hospitaal toe te vat nie. Maar ek dink net elke dag dankie tog, hy kon daai wonde behandel het want anders kon dit tien keer meer traumaties vir hom gewees het, ek bedoel, dit was so, hy wou nie eers praat oor sy arm of niemand mag gekyk het daarna of, dit was net so intense pyn gewees…so dit was die grootste trauma, fisiese trauma…(**N**: Ja)…Emosionele trauma, nog nie eintlik vreeslik nie. Um, ek dink dit is so half die ergste goed wat al met hom gebeur het…

**N**: Oraait, ek dink ons moet so bietjie oor sy gesin, is dit net julle vier wat in die huis bly?

**M**: Dit is net ons vier en dan het ons ‘n vrou, wat by ons werk (**N**: Um-hu)..oo en dan het hy sy, hy is mal oor diere, hy het sy hond Humpfry. Maar abnormaal mal oor diere…it is not normal (lag). Ok, so kom ons, waar moet ek begin…

**N**: Ok, as jy hier, skryf dalk Mamma en Pappa en dan kan ons van daar af…dit maak nie saak nie…

**M**: Ok, so kom ons, daar is Pa, wat ’n groot blok is, en Ma, en dan is daar sy broer(B), wat ’n kleiner blok is, en dan, ok so dit is Pa, Ma… (**N**: Pappa is Engels, né?) Ja. En B..,.en dan is daar, ’n Ouma en Oupa wat baie betrokke is. Ons kan maar vir hulle ook hierso sit. Dis actually my Ma en Pa (**N**: Bly hulle naby?) Hulle bly in Groenpunt, maar my Pa werk baie oorsee, so hy is nie so baie hier nie, maar…ok, wie is daar nog? Daar is my Sussie-hulle….en ons sien vir hulle ook nogals gereeld, maar ons kan maar eers kyk hoe gaan dit hier…

**N**: Ja, vertel bietjie van sy verhouding met sy Pa…

**M**: Sy Pa, hy is mal oor sy Pa…altwee sy kinders, hulle is altwee eintlik mal oor hulle Pa…en hy probeer baie hard, ek bedoel, hy werk hard, hy probeer baie hard om ’n goeie pa te wees, en hy is, ek bedoel, ek kry hom partykeer jammer, hy kom by die huis en hy is drie tree in die huis in en dan moet hy, hy het nog nie eers sy suit uitgetrek nie, dan moet hy begin speel en S wil baie verskillende goed doen van wat B wil doen…S wil aktiewe goed doen wat bal speel en fietsry en klim en klouter en pomp regmaak en die blare uit die swembad uit skep en sulke goed waar B wil stories vertel en sulke imaginary games speel en sulke tipe van goed (**N**: Baie verskillende dinge)… totaal verskillend, so dis nogals moeilik om hulle twee te balanseer want hulle hou nie daarvan om dieselfde goed te doen nie. (**N**: So as ’n mens op ’n uitstappie gaan geniet die een ’n sekere ding en die ander een iets anders) Ja, so, maar ek moet erken nie ene (S) is ’n honderd keer makliker as daai ene (B)…So, die Pa, hy is ’n baie goeie Pa en hy… (**N**: Jy sê hy werk lang ure?). Oo, relatief lank..dis nou nie so…toe ons in Johannesburg gebly het het ons altwee langer ure gewerk, so hy kom sê nou maar half sewe in die aand by die huis. En hy probeer om die oggende B skooltoe te vat. So hy bring vir B en ek bring vir S. Dan het hy daai tyd saam met B in die kar en in die aande, as hy daar is om hulle te bad, sal hy hulle bad. Ek bedoel, ek kan hom, vandat hulle klein is, toe B net gebore is, toe sê ek eenkeer vir hom (ons het weggegaan vir ’n naweek) en die mans het almal gaan sit, of so, en gholf speel en ek is daar met hierdie babatjie wat skree, en daar moet kos gemaak word en ek moet vir die kind kosgee. Toe sê ek net vir hom wag, as ons weggaan vir ’n naweek, dan moet jy elke oomblik van die dag weet, wanneer het hierdie baby geslaap, wat het hy geëet, wanneer moet hy weer slaap, wanneer moet hy weer eet, en wat moet hy eet. Dit kan nie alles my verantwoordelikheid wees nie. So vandat hy klein was, kon ek vir sy Pa baie van die verantwoordelikheid gee, so hy (**N**: Hy was bereidwillig om dit te doen), hy is ’n goeie hands-on Pa. (**N**: Dis wonderlik). Wat S se doofheid betref, ek dink, ons is baie gelukkig dat hy baie maklik die goed opgetel en begin praat en so half relatief goed bygebly het, en dit maak sy Pa partykeer bietjie complaisant…hy besef nie regtig wat behoort op ’n daaglikse basis te gebeur nie, omdat hy nie in die dag daar is nie, omdat hy nie so baie hier by die skool betrokke is nie, moet ek hom so elke nou en dan herinner en sê ok, gaan jy nou bietjie spraakterapie toe dat jy nou net weer

kan sien…praat bietjie stadiger, jy weet as jy sit en met hom goed doen, wat moet jy doen om dit rêrig te, stimuleer tipe van ding…

**N**: Hy is tog nogsteeds bereid om te leer en…

**M**: Ja, en ek bedoel, hy sou gister spraakterapie toe gekom het saam met S, en toe is die spraakterapeut nie hier nie, so toe het hy nou maar bietjie in die klas geluister, so hy is bereid om die opoffering te maak…en, wat wil jy nog van hom weet? (**N**: Ag nee, skryf net vir my of hulle 'n goeie verhouding het) Nee, hulle het 'n baie goeie verhouding. En ek het 'n goeie verhouding met hom. En ek het, ek het 'n goeie verhouding met altwee my kinders, maar hierdie ene (B), is 'n stresvolle verhouding….hoe gaan daai energie… (**N**: Strepetjies, ja die energie gaan nie hom toe). Dit is so stresvol en die energie…hy is net so 'n melodramatiese kind. So, hy, emosioneel verg hy nogal baie. Hy is net, die lewe is nie vir hom maklik nie…(**N**: Dis sy tipe persoonlikheid)…ja. As 'n klein babatjie was hy moeilik, en hy is nog net die hele tyd, ok, ek bedoel, hy word nou groot en hy word bietjie meer bewus van sy omgewing en dat hy, kan nie net, gaan nie net alles oor hom nie. Maar hy is nogsteeds nie 'n easy cup of tea nie (**N**: Hoe oud is hy?). Hy word nou ses. Maar blykbaar was my Boetie ook so en, op 'n kol het hy gesê hy het net besluit hy maak die lewe vir homself baie moeilik, hy kan nou net bietjie happier wees. Hy weet as hy saam met ander mense is hoe om homself te gedra, maar hy, hy is net impossible met my. (**N**: Hy vat kanse). En hulle twee… ja, hy is net onbeskof, hy is net, hy, maar partykeer dink ek net ek hanteer hom verkeerd, ek is te kwaai met hom, jy weet, ek bedoel, ek is so half wit en swart…jy kan nie jouself so gedra nie, so doen nou dit. En ek het dalk 'n bietjie van 'n ander benadering nodig. En hulle twee kom baie goed oor die weg en hy is nogal baie beskermend oor, oor S. So Boet, 'n goeie woord vir B is, hy is kompleks. En hy het miskien bietjie sensoriese issues en sulke tipe van goed want hy gaan OT (Arbeidsterapie) toe, so ek dink dit het alles toe hy klein was vir hom die lewe moeiliker gemaak.

**N**: Ja, dit maak onmiddellik dat hy sy wêreld anders ervaar…

**M**: Maar hulle twee kom baie goed oor die weg…hulle deel 'n kamer, en hulle, alhoewel hulle baie verskillend is, is hulle, veral as ek nie by is nie, hulle was nou vir 'n naweek op hulle eie gewees, toe het die meisie wat hulle opgepas het net gesê sy moes hulle na twee verjaarsdagpartytjies toe vat en dis vir haar amazing om te sien hoe B hom ontferm oor S, en S is eintlik 'n baie selfstandige seuntjie, B sal so half vir mense verduidelik, maar, hy kan nie mooi hoor nie, so dis hoekom hy nie vir jou luister nie, jy moet hom roep of wat ookal. So hy is baie…(**N**: Hy speel die ouer broer rol goed)...ja. En hy spot met hom. In die swembad nou die dag het S nie sy gehoorapparaatjies aan nie en B het 'n baie komplekse speletjie wat hulle moet speel en S moet luister na die instruksies. En S is met sy rug na hom toe en weet nie wat gaan aan nie. En B, hy kyk so vir hom en sê, S, are you deaf or something? Lag hy vir himself…(**N**: Dis oulik as hulle daaroor kan spot)…ja, nog, nou op die stadium…

**N**: Sê bietjie, ek dink nou maar sommer net…dissipline in die huis… hanteer julle twee dit maar saam, jy en jou man?

**M**: Ja, ons is bietjie skisofrenies, want ons is baie, probeer baie om so half geduldig te wees, en, jy weet, te praat daaroor, maar, riglyne te stel, maar so elke nou en dan, ek en die Pa altwee, kom op ’n punt waar ons net heeltemal ontplof, en ek dink my kinders moet dink what happened? Want partykeer, ek het so out of body experience waar ek mooi verduidelik en sê sit nou mooi by die tafel, eet jou kos met jou mes en vurk, vra of jy kan opstaan voordat jy verskoon word, gaan bad nou jy kan nog nie gaan TV kyk nie en hulle mag, hulle mag nie in die dag TV kyk nie, hulle mag eers TV kyk as hulle klaar gebad het. So die heel dag moet ek sê nee, kan ons TV kyk, dan sê ek skyn die son buite, ja die son skyn, kan julle TV kyk, nee…dit gaan so aan. En dan, op ’n kol, ek onthou nou die aand, het hulle net seker vir twee ure lank, probeer om hulle te kry om rustig saam TV te kyk, want hulle baklei oor watter programme moet gekyk word, dan staan hulle voor mekaar voor die TV en allerhande goed. En toe kom die Pa by die huis en hy probeer vir my goed vra oor ons visums en ek kan net nie op al die plekke gelyk gekonsentreer kry nie, maar ek storm daar in, ek gryp hulle altwee so en sê, nou gaan julle slaap! Go and brush your teeth and get into bed and sleep…jissie, ma dis ’n wail, are we not gonna get a story? Ek sê nee, julle gaan nou lê en slaap! Hulle dink seker, wat het nou gebeur? Waar het hierdie girl vandaan gekom?

**N**: Ek verstaan, partykeer, ek dink jy kom op ’n punt wat jy, jy hou half terug as jy nou probeer om mooi te wees die hele tyd, en partykeer raak dit net te veel…

**M**: Maar dit is so snaaks, want jy kan dit so goed hou, en dan een keer, het jy so, wat jy so ontplof, en ek bedoel, ek wiks hulle so elke keer so, nou het S so ’n hou op sy boud weg en Boet het ’n hou op sy boud weg, en nou gaan hulle kamer toe. Jong, vir die volgende week check hulle die hele tyd…are you cross with us, are you gonna be cross if we do this…(Lag)…so dis vir my so horrible…are you gonna give me a smack? Dis nie asof ek jou die hele tyd slaan nie…ek het dit net een keer gedoen…moet dit nie nou teen my hou nie…So dit is, dit is die, ons is altwee, ons altwee, die Pa, hy kan ook praat en praat en dan ewe skielik, dan snap hy net (**N**: Ja.)… so dit is, maar omdat hy nie so baie by die huis is nie, is ek eintlik maar meer die een wat die dissipline doen. Ek hou so half die huishouding aan die gang…(**N**: Ja)… en dit voel, hy kom baie keer en dan kom doen hy net die fun stuff, maar, daar is, dis al tyd wat hy het, so hy’t nie nog tyd om allerhande goeters te doen nie. En naweke is hy baie involved. (**N**: Dis goed). Ja, so, ek moet erken, ek dink hy het baie van sy tradisionele aktiwiteite bietjie prysgegee, want daar is net nie tyd om te gaan gholf speel een dag elke naweek nie (**N**: So hy doen sport ook) Ja….hy is baie lief vir sport, en ek dink tussen nie tyd nie, en so half die fisiese wat dit verg van die kids, het jy nie eintlik nog krag oor nie. En wat nogal gebeur is, ten minste eenkeer op ’n naweek vat hy die kids en gaan doen iets met hulle, en as, as ek nou al drie keer die week na die park toe gegaan het om met die hond te stap en die kinders te laat speel en bla-bla-bla, dan het ek nie lus om weer met die hond in die park te stap nie. So baie keer verdwyn hulle sommer so vir ’n Saterdagmiddag en gaan doen hulle ding, wat great is vir my, maar jy voel so sleg…eintlik moet jy dit nou as gesinstyd sien en familiegoed saam doen….(**N**: ag, dis dalk ma goed vir Pa en seuns om ook ’n bietjie…) ja, om ook hulle ding te doen…(**N**: hulle tydjie te kry)…ja…

**M**: En dan, die Ouma, sy speel 'n baie, hulle is baie comfortable by haar en sy pas hulle baie op en sy is 'n baie hands-on jong Ouma…wat, wat rêrig baie moeite doen. My Pa…het eintlik 'n baie beter verhouding met sy kleinkinders as met sy kinders, maar hy, hy is 'n dokter en hy werk al vir die laaste 15 jaar oorsee, maar in sulke obskure plekke, soos ********* of **********, so hy is weg vir, hy is weg, hy is weg vir 'n maand of ses weke dan is hy weer terug vir 'n maand, dis so aan en af, aan en af, so hy, hy kom en gaan en ons gaan aan met ons lewens…as hy hier is, is hy hier, as hy nie hier is, is hy nie hier nie. So, maar hy is mal oor S, baie mal oor S…en is die heeltyd besig om te check doen ons genoeg en doen ons, ons het actually, toe hulle hom gediagnoseer het met sy gehoorverlies het hy heeltemal op 'n tangent gegaan en die kogliêre instituut gebel, en al sy ou professors gebel, en tot so 'n mate dat hy sy, hy is bietjie hiperaktief. Tot so 'n mate dat die oudioloog vir my gebel het en gesê het, jy moet regtig bietjie vir jou Pa bel en vra om op te hou interfere, want hy is baie, he is very persistent…want hy is die hele tyd besig om te check, is dit nou, is ons by die regte persoon om die regte ding te doen en doen ons genoeg daarvan…(**N**: Hy is mos nou die professionele een in die veld)…Ja, en hy's rêrig hiperaktief, hy het bietjie van 'n, hy is sport mal, so hy is, roei en klim berg en doen allerhande absurde goeters, en, so as hy iets doen, hy het so bietjie van 'n awkward manner as dit kom by goeters hanteer, so hy storm net voort en doen dit. Hy moes eenkeer 'n eksamen geskryf het, nou onlangs, so 5 jaar terug oor noodgoed op die myn en hy kon glad nie leer nie. Toe het hy Ritalin gedrink en hy het met sy Surf-kar by die beach gestop en hy het vir S in die boot laat speel…dis, dit is so 'n ou Volla…S kon in die boot speel, hy was nog klein…hy het daar gesit en vir die branders gekyk, en dit is hoe hy geswot het vir sy vyf ure eksamen, sy Ritalin met die kleinkind in die kar…hy is nie, hy het baie verstand…hy is soos McGuiver, ja…

**N**: Dit klink vir my, ek hou van anderste mense (lag)

**M**: Ek dink ook dit is hoekom hy en S so goed oor die weg kom, want daar is altyd iets aan die gebeur as hy daar is….en hy hou van die aksie…(N: Ja)...

**N**: Sê gou vir my skool…is S lief vir skool?

**M**: Ja, nou is hy, hy hou nou baie van skool…aan die begin van die jaar was hy bietjie insecure gewees, maar ek dink dit kom ook maar miskien met die, met sy ouderdom saam, want hy was so 'n onafhanklike selfstandige seuntjie gewees, en toe van Desember af, toe ewe skielik, toe raak hy, so half clingy, en net nie meer so happy om sommer enige plek enige ding te gaan doen nie. So aan die begin van die jaar was hy maar 'n bietjie emosioneel oor die hele storie, maar nou is hy baie happy om te kom.

**N**: Ja, en hy kom goed met sy maatjies oor die weg? (**M**: Ja) Hy is heel 'n sosiale kind, né?

**M**: Ja…die enigste ding wat nou gebeur, met skool hier, is hy het nie eintlik maatjies van die skool met wie hy speel na skool nie, wat nogal baie, wat B baie meer het, so dit voel vir my B, op hierdie ouderdom, het 'n baie meer sosiale, jy weet, baie meer sosiale aktiwiteite gehad, waar S het nie eintlik, jy weet, hy speel maar met die jonger kinders van…met die jonger boeties en sussies van B se

ouer maatjies of ons pelle wat kleiner kinders het, maar ek dink volgende jaar sal dit beter gaan (**N**: Bietjie verander, ja)…

**N**: Ja, terwyl ons sommer daarop is…die plek waar julle bly, die area waar julle bly…so jy sê daar is nie regtig maatjies waarmee hy, noodwendig sal kan speel, of….

**M**: Laasjaar was daar, want toe't ons gebly, toe het ons mos 'n skooltjie by die huis gehad, en al sy maatjies het so binne twee blokke gebly, so daar het hy vreeslik baie gespeel, daar was soos ses kindertjies in die klas gewees, en hulle het eintlik 'n hele sosiale program van hulle eie gehad, want hulle het sommer met die bediendes gestap na mekaar se huise toe en goed. So toe't hy baie gespeel. Nou, toe't ons getrek in April…ons bure se kinders is almal eintlik groot en die parkie is nie meer so naby om sommer net te stap nie, jy moet ry soontoe, so nou, ma dis ok nou anders, hulle is ouer en hulle kan meer goed saam met my doen. So ek los hulle nie eintlik soveel keer by die huis nie, so hulle kom maar saam, en ons doen eintlik, die hele week wentel om hulle aktiwiteite, so dis maar 'n geryery en swemlesse toe gaan en…(**N**: En dit gaan net erger raak)…ja, maar nou gaan dit ook meer oor B, want B moet nou…gelukkig doen hy baie van die goed by die skool…maar jy sien hy moet OT (Arbeidsterapie) toe gaan, hy moet musiekles toe gaan en dan't hulle twee saam swemles, so, en dan kom B se maatjies speel en dan speel hy nou maar bietjie saam met hulle, of as ons gaan kuier by pelle wat dan nou maatjies het, maar dis nie meer so relaxed en informal, gaan speel sommer net wanneer ons wil nie (**N**: Ja, dit het nogals lekker geklink hoor!)..ja, dit was 'n fees vir hulle gewees…

**N**: Dan, ja, behalwe vir julle familie, ander vriende en so wat julle ook ondersteun, of …

**M**: Ek, ek het een vriendin, 'n baie goeie vriendin wat saam met my geswot het en sy het twee kiddies, en een is so oud soos B en een is so oud soos S, en ons sien hulle, hy is heel, baie comfortable met hulle en sal saam, sommer, en my vriendin kan hulle by die skool kom haal en haar aupair, en dan sal hy somme saam met hulle gaan en dan daar speel vir die middag…so hulle sien…en dan't ons nog 'n hele paar pelle van Varsity wat in die omgewing bly, maar ek sien hulle nie ook, so gereeld, ek bedoel ons sien hulle maar oor naweke en sulke tipe van goed. En dan, my Sussie-hulle, maar hulle is nou in **********, hulle is nou een stap nader, want hulle was eers in ******** gewees…(**N**: O, ja, ok nee, definitief)…so, en hulle, sy's baie comfortable en gaan vir sleepovers en sulke tipe van goed…(**N**: Ok)…en, ja, laat ek nou dink, wie is nou nog…ma almal baie, die kinders is baie relaxed by almal sal hulle gaan speel, jy weet, as ons weggaan sal hulle die kinders kom haal en vat vir 'n play date…(**N**: So jy kan die kinders by hulle los)…ja, meestal as ons die kinders moet los is dit by die Ouma, my Ma en Pa. Die Pa se Pa, sy Ma is oorlede en sy Pa is weer getroud en hulle bly in ******* in Natal, maar nou gaan ons vir tien dae weg in November en dan kom Ouma van *******…sy is 'n onderwyseres, so ek is seker sy is ok, maar die kinders ken haar nie eintlik nie. So sy kom, en dan, het ons 'n meisie gehad wat laasjaar toe ons by die skool was, die skooltjie by die huis gehad het, was sy die Juffrou gewees. Sy is 'n aupair…so sy kom baie babysitting doen en rondrywerk en sulke goed, maar sy gaan ook daar wees as ons nou weggaan,

maar sy is swanger met ’n tweeling, so sy gaan nie, sy is nou so 28 weke swanger, so sy gaan nie fisies baie kan doen meer met die kids nie, maar ten minste is sy iemand wat hulle ken…

**N**: Ken, ja, ek wil nou net sê dis dalk bietjie die vreemdheid kan wegvat van Ouma…

**M**: Ek weet…persoonlik dis stressvol!

**N**: Ek kan nogals dink…Want obviously seker omdat hulle so ver bly het julle…

**M**: Wel, ons sien hulle so twee keer ’n jaar, maar die laaste keer toe hulle hulle gesien het was in Januarie…

**N**: Sjoe, ja, baie dinge het gebeur van daai tyd af…

**M**: En die laaste keer wat sy hulle opgepas het, was net voor ons S gediagnoseer het met sy gehoorverlies…en sy kon dit nie glo nie, want sy het gesê sy is ’n onderwyseres en kon nie agterkom hy kon nie hoor nie.

**N**: Hoe het julle dit opgetel?

**M**: Nee, ek was daai vakansie, ek was Mei 2008 was ek in ********** gewees vir my Boetie se 30ste verjaarsdag…en my sussie was ook daar gewees en sy het ’n dogtertjie wat net so ses weke ouer is as S. En toe al vir ’n rukkie, ek dog sy sê haar dogter, ok sy is ’n dogtertjie en die oudste kind, maar sy is streets ahead as dit kom by S. S op daardie stadium het nog nie eintlik gepraat nie, hy het net so gesê…hallo. Die dogtertjie het Engels en Afrikaans gepraat en goedjies gesing en, toe kom ek terug van daai vakansie af…die Maandag wat ek geland het actually, het ek ’n afspraak gehad om hom te vat vir inentings, en my pediatriese GP is reg langs die babakliniek. Toe pop ek gou daar in. Toe vra ek, toe sê ek vir sy Pa, weet jy ek gaan net gou check, want laat ons net sekermaak dat die feit dat hy nie praat nie nie dalk iets te doen het met die feit dat hy nie hoor nie. Toe praat ek met die GP en toe sê die GP hy moet eintlik nou al baie meer sê as dit. Wat, ook nie werklik waar is nie, want ek kyk nou vir ander 18 maande oue kinders, en jy weet, hulle praat nog nie lang, vol sinne nie…die dogtertjie was net besonders advanced gewees, ek bedoel sy is nou drie en sy skryf, so…inelkgeval, ek het hom, sy het toe gesê sy sal…sy vind toe vir my uit daar is twee mense, of hierdie oudioloog of iemand anderste en sy beveel toe aan ek gaan na hierdie oudioloog toe. Toe het ek hom gevat na die oudioloog toe en toe het sy daai toets in die kamer, in die booth gedoen….ma nog wat hulle net so die klank speel en hy moet reageer van watter kant dit kom…toe sê sy vir my weet jy, dis moeilik om vir haar te sê, maar kom ons doen ’n brainstem-toets, daar kan, daar kan moontlik iets wees…toe het sy sommer dadelik gesê, ma daar’s ’n….

**N**: Mens kan amper nie dink nie….

**M**: Ja, en dit was eintlik net so toevallig, dat ek, dat ons dit laat toets het, ek het op, seker toe hy so ses maande oud was, kan ek onthou ons was by so ’n speelgroepie gewees, en die juffrou het so ’n

rattle geskud en gekyk of die kinders reageer, en ek kan onthou toe sy dit doen, het ek gedog dit, dit het te lank gevat vir hom om te reageer. Ek het gevoel hy reageer meer op die beweging as op die klank…(**N**: Ja)… En toe het ons hom op agt maande, my Ma-hulle het die kinders opgepas, en toe ons terugkom toe sê sy jissie, hy is unhappy, hy kan nie slaap nie en hy, sy dink daar's iets fout, sy dink daar is druk op sy ore of iets. Toe het ons hom ENT (ear, nose and throat specialist) toe gevat, toe sê hy nee, hy moet pypies kry en toe het die ENT 'n oudioloog gehad…toe het sy dit getoets en toe sê sy daar is niks beweging in die oordrom en goed nie, maar hulle dink toe dit net van die vog op die oor. Toe sê hulle kom ons sit die grommits in, dan kyk ons wat's die uitslae, wat gebeur. Toe op 'n jaar, toe vat ek hom vir 'n een jaar checkup toe sê ek vir die pediater luister, dis nou die hele agtergrond, maar hy praat nog nie en toe op, toe op daai tyd kon jy al vir die dogtertjie sê vat jou een hand, was jou ander hand, en dan reageer sy so op instruksies. S praat nie, hy reageer nie op een van die goed nie, toe sê hy moenie worry nie, as dit op agtien maande nog nie verbeter het nie, dan…so ons kon dit eintlik al baie vroeër opgetel het, maar daar was altyd so half, 'n rede gewees hoekom…

**N**: Ja, dis nou die ore wat nie lekker is nie, of…

**M**: Die een ding wat hy wel, twee goeters wat hy baie abnormaal gedoen het, maar dis ook nie so abnormaal dat 'n mens nou twee keer daaroor dink nie, is hy het so 'n high pitched geraas, so 'n hum gemaak, hy het baie gehum, hy het so huuuuuu, so ding gemaak, of hy het so aa aaa (in 'n hoë stemtoon)…sulke geluide gemaak. Maar B het dit ook bietjie gedoen, en toe het ek gedink, ma dis obviously iets wat my kinders doen…(Lag)…en, maar S s'n was so bad, jy kon eintlik, jy kon eintlik nie 'n gesprek voer as hy in die omgewing was, want hy't so 'n geraas gemaak…en die….

**N**: Seker om daai terugvoer te kry…

**M**: Ja, en die ander ding wat hy gedoen het, is, hy het gebyt en geslaan. Hy het kinders gebyt en hulle geslaan, en dan sal hy dit….sê nou ons is in die speelgroepie…maar ek was later so op my senuwees gewees, want ek kon hom nie vir 'n sekonde alleen los saam met 'n ander kind nie…dan stap ek weg, dan sien ek hy gaan die kind byt, dan roep ek hom en sê hy moet dit nie doen nie, dan doen hy dit nogsteeds dan sê ek net…you're ignoring me…hy is net, hy is so flippen hardegat of hy ignoreer my, en dis basies al wat ek kan onthou van daai voor hy gediagnoseer is, ma verder, as ek vir hom gesê het maar kom ons gaan klim in die kar, dan het hy kar toe gestap, maar hy sien jy kry die sleutels en die handsak en dan weet hy…

**N**: Ek dink nie mense besef altyd al die visual clues wat jy gee…

**M**: Hy weet, as hy, hie kom die bottel en dan gaan hy nou slaap, jy weet…al daai tipe van goed, so…

**N**: Dat hy eintlik weggekom het daarmee vir lank…(**M**: ja)…dis amazing…Ek het gewonder of ons nie dalk net, daai vriendin van jou…dalk net moet bysit, half, sê nou maar aan jou moet link of…(**M**:…my vriendin...) en dan ook die meisie wat na hulle gekyk het…

**M**: Ja, sy is eintlik vir hulle twee baie (belangrik)…, en dan my Sus en haar man en haar dogter…eintlik hulle hele gesin…so sy kom hier en hier in (teken op ekokaart)…Ag S dit opsê sê hy hulle almal se name, tot by die hond…(Lag)

**N**: Maar hy hou mos nou baie van diere, so…(Lag)….ok, julle het mediese fonds? (**M**: Ja) En dit was alles oraait gewees met, met die gehoorapparate?

**M**: Hulle het dit gedek, maar hulle, ek dink die apparate het R38 000 gekos en ek dink hulle betaal, ek dink hulle het R15 000 in totaal betaal. Hulle dek nie genoeg om eers een apparaat te cover nie. En ek dink nie jy kan, ons het Discovery, ons kan nie ’n beter mediese fonds kry as wat ons het nie.

**N**: Ek wil nou net sê, ek bedoel, dis seker ’n baie goeie mediese fonds…(**M**: So, ja…) Ek wonder of daar altyd voorsiening gemaak word vir sulke tipe goeters, want die een Pappa met wie ek gepraat het, het ook vir my gesê dat, sy seuntjie dra een van daai bandjies, jy weet, half ’n ander tipe…en toe is dit glad nie omskryf in die mediese fonds nie, dis nou eers…(**M**: ’n hele storie)…ja. om te verstaan…

**M**: Nee, hulle het net, daar is ’n standaardvoorsiening vir gehoorapparate en dit is hoeveel hulle betaal per jaar. Maar, wat het ons toe gedoen? Ons het actually daai ekstra koste en die skoolfooie en als, is van belasting afgetrek. As jou kind gestremd is, dan kan jy die onkoste wat jy aangaan om daai gestremdheid, is ’n belastingsvoordeel vir jou, om dit so te stel… (**N**: ek het dit nie geweet nie.)… so jy kry ’n belastingsertifikaat…ek dink nie die skool het dit geweet nie, want hulle het gewonder waarvoor vra die Pa nou toe hy vir die belastingsertifikaat…

**N**: Dis dalk iets wat ’n mens kan ondersoek en vir die ouers kan laat weet…Ok, dan, jy het nou genoem, jou man is lief vir sport en sulke goeters…is daar ander, is daar ander plekke waar hy dalk ook bietjie ontspan of ondersteuning kry, of jy wat dalk ’n sosiale buite iets….(Lag) (**M**: Ek dink nou…wat doen hy nog...)..goed wat dalk kan help om julle te ondersteun of bietjie weg te kom of bietjie te ontspan, of ….

**M**: Ja, hy roei, surf ski, ry mountain bike…en speel gholf…nie so gereeld nie, maar sy gholf werk deesdae maar in werkstye in…en, wat doen hy nog? Hy het so ’n boys date wat hy so, hulle doen elke Donderdag kom hulle almal bymekaar, maar hy gaan eintlik net so een keer ’n maand, of seker net een keer in twee maande…nie so baie, nie so vreeslik baie nie…

**N**: Oraait, vir bietjie net buite wees…(**M**: Ja)…

**M**: Wat doen ek? Ek sien maar my pelle, dis eintlik al wat ek…en ek gaan gym toe, ek gaan ma net gym toe in die oggende, want ek’s hier en ek het nie eintlik iets anderste om te doen nie…(Lag)…My

lewe is besonder boring op die oomblik…as iemand vir my vra hoe gaan dit met jou wat doen jy, dan sê ek op die oomblik niks nie, ek ry net kinders rond…maar van volgende jaar…

**N**: Jy werk nog of nie? (**M**: Nee) Oo, ek het gedink jy werk…

**M**: Van volgende jaar af sal dit nou, beter wees, want dan's S se skool naby die huis, ek het eintlik alles so half on hold gesit…ek sou begin werk het, daai Julie van die jaar wat S gediagnoseer is, maar is nie eintlik, in die eerste plek het ons nie geweet wat daai vergrote milt veroorsaak nie, so ons het glad nie geweet wat die implikasie daarvan gaan wees nie…en dit het ons twee maande gevat om uit te vind…en die ander ding is, ek het nie geweet, ek het nie geweet wat hierdie gehoor-ding behels nie…ek het nie geweet hoe intensief dit gaan wees nie, ek het nie geweet hoe hy daarby gaan aanpas…as hulle vir iemand sê wat glad nie weet jou kind is, dit is sy gehoorverlies wat hy het nie, dan weet jy nie…beteken dit hy is heeltemal doof, beteken dit hy's bietjie doof, wat, jy weet, wat is die implikasies daarvan nie…so dit het ons eers 'n hele ruk gevat om, to get to grips met presies wat dit behels…en ek dink ons besef nou eers hoe gelukkig ons is dat hy so goed vorder…(**N**: mmm)…want, aanvanklik, veral die eerste jaar, toe hy nou nog nie by die skool was nie, toe hy net by Ouerleiding was, dan dink jy net, maar dit is maar hoe 'n kind vorder, jy weet, dit is wat hulle doen…ek sien nou eers eintlik, jy weet, wat, hoe dit kon uitgedraai het…

**N**: Ja, ek meen, as jy kyk na baie ander kinders….

**M**: Of…jy't, ek bedoel, ek het nie eers vir 'n sekonde gedink sy gehoor kan nog slegter raak nie…toe hulle die eerste keer vir my sê, sy gehoor weer toets en sê oo, dis nog net dieselfde, toe sê ek wat bedoel jy, natuurlik is dit net dieselfde…(Lag)

**N**: Ja, dit is soos jou oë is swak, dit raak nie noodwendig swakker nie…

**M**: Ja, so dit, toe het dit alles tyd gevat om jou kop om die hele ding te kry…en, om hiernatoe te kom, om uit te ry hiernatoe was nogals 'n aanpassing gewees, so half om te, te besef en te aanvaar...

**N**: Waar bly julle?

**M**: Ons het eers elders gebly, en nou's ons in ****** (**N**: Oo, ok…dis nogals 'n entjie ja…) Ja, so wat nou gebeur het, ons moes mos kies of ons Engels of Afrikaans praat, want toe, op daai stadium, het ons Engels en Afrikaans gepraat, en B was, in 'n Afrikaanse skool in die stad gewees. En die Pa wat van ****** af kom, se Afrikaans is power…toe sê hy net hy kan nie aldag en heeldag Afrikaans praat nie en baie, ek wil sê 90 persent van ons pelle is Engels. En toe besluit ons ok, maar sommer dit, ek het gedink, ag, dis maklik, ons praat in elk geval helfte van die tyd Engels…ek kan nie eintlik vir jou gesê het praat ons Engels of Afrikaans nie…en dis klaar vir my moeilik om te konsentreer om met B Afrikaans te praat…in elk geval, toe, besluit ons ons gaan Engels wees…en eers het hulle my hard probeer oortuig hierso, dit moet moedertaal wees, maar dit maak net nie vir ons prakties sin nie, maar min het ek besef wat die impak daarvan gaan wees, want toe, ewe skielik, moet alles verander. B gaan toe die volgende jaar Gr. R toe, so toe moet ons hom skuif na 'n Engelse skool sodat hy, hy en

S op die ou einde van die dag in dieselfde skool is en voor Gr. R was ’n goeie tyd om hom te skuif, so toe moes ons vinnig vir hom ’n skool kry, wat ons nie voorheen aan gedink het nie…En toe is daar nie eintlik Engelse skole in die stad behalwe ******* nie en dan moes ons in elk geval, as dit by Gr. 1 kom, ’n ander skool gaan soek…en toe’t ons hom geskuif, toe’t hy in ******** ingekom, maar om te ry na ******* toe is ’n nagmerrie…en dan hiernatoe…(**N**: Genade)…so toe moes ons trek…so toe het ons getrek, so dit het baie knock on effects gehad… Ja, so eintlik oor die laaste twee en ’n half jaar was daar baie goed wat eers in plek moes val, so volgende jaar kan ek weer begin om iets anderste te doen… (lag)…Ja, so dis al hierdie goed, en dan moet jy nog gewoond raak, eers moet jy uitvind van die skool en dan moet jy dink is dit die regte plek vir jou, is dit die enigste opsie, is dit…en dan doen jy dit en dan dink jy, ooo, is dit rêrig my enigste opsie, en dan, eers toe hy hier begin skoolgaan, het jy rêrig, het dit rêrig so half ingesink dat dit (**N**: Nou die realiteit is)…ja, en dit is die regte plek vir hom om te wees…

**N**: Ja, ek dink baie keer verstaan ons dit ook nie, ons besef nie wat die implikasies is daarvan, daai aanvaarding van, net dat jou kind anders is, verstaan…(**M**: Ja)…en ek meen, S is nog baie normaal…(**M**: Ja)… in alle ander opsigte…(**M**: Ja)…en mens, ek meen, daar’s kinders by ons wat met soveel ander dinge ook nog sukkel…

**M**: Ja, en weet jy wat, dit is, omdat hy eintlik nog so normaal aangaan, is dit nogal ’n, om elke dag…aanvanklik was dit vir my uiters depressing, om te kom en te, soos jy sê, nou moet ek hier deur al die townships ry, tot by Tygerberg-hospitaal, wat nie die mees uplifting plek op aarde is nie, en dan is jy, word jy elke dag gekonfronteer met al hierdie kinders met, nie net ’n gebrek nie, maar net sulke hartseer omstandighede tipe van ding…(**N**: Ja, hier is baie van hulle)… en dis so totaal buite jou, jou realiteit, so dis ’n, dis ’n goeie ding, dis ’n baie goeie ding, maar dit vat…(**N**: Dis ’n eye opener)… dit vat nogals ’n ruk om daaraan gewoond te raak…

**N**: Ja, ek, dit is maar al, ek het nou ook, ek wou gevra het, hoe tree mense wat nie noodwendig, as julle stap iewers of so, het die mense ’n reaksie teenoor sy gehoorapparate? Ek vra dit vir al die ouers…dit is nogals vir my interessant…

**M**: Nog, weet jy nie, nie regtig nie, maar ek weet nie of ek hulle ooit regtig kans gee nie, miskien sê ek sommer net vir hulle…en omdat, mens kan nie regtig sy gehoorapparate sien nie, sy hare is so bietjie lank, ja, so jy sien dit nie verskriklik nie… baie mense is baie keer verbaas om na so paar minute of wat uit te vind hy dra gehoorapparate…(**N**: Want sy taal is goed, jy verstaan hom goed)… Relatief ja, en ek bedoel hy is nog, nou raak dit, hy raak nou bietjie ouer, maar tot, tot en met drie het jy nie regtig van hom verwag om lang gesprekke te voer op enigiets nie… kinders vra baie, sommer reguit, wat is dit wat hy in sy ore het? En dan as hulle vir my vra, sê ek moenie vir my vra nie, vra vir hom…(**N**: En hy verduidelik)…Ja, veral as ons B by ******* gaan haal, dan is daar nou al hierdie seuntjies…elke dag vra iemand…what are those things in his ears? En, dan verduidelik hy… (**N**: Dis wonderlik)…ja…

**N**: So, hy kan, ja, en dis goed dat jy sê hy maak daai konneksie met… dit help, it's like an aid to….

**M**: Ja, en hy weet sonder dit kan hy nie weet wat aangaan nie, so…(**N**: Hy is afhanklik daarvan…)…ja…

**N**: Dit is al…(**M**: Ok, is dit al?) Daar is nie nog iets waaraan ek nou kan dink nie, behalwe as jy wil bysit nie, want ek dink hierdie gee vir my 'n goeie idee…

**M**: Ja, weet jy, die enigste ding is, daar is baie goed wat 'n mens nie rêrig weet hoe ervaar hy dit nie omdat hy dit ervaar deur gehoorapparate…soos baie keer sal ons gaan…hy hou niks daarvan om 'n movie te gaan kyk nie, want hy sê dis vir hom te hard…en, hy hou nie, it's too loud in my ears…en hy hou net van baie spesifieke musiek luister, anders is, irriteer dit hom en dan raak hy geïrriteerd…it's too loud in my ears en dan sê B net vir hom just take out your hearing aids…(lag)..en dan, die ander ding, oor die telefoon praat storie het ons nou uitgefigure…aanvanklik het ek nie geweet, gaan hy kan, gaan hy nie kan nie…maar dit is fine…of as ons, soos 'n play gaan kyk, dan sê hy ook baie vinnig, maar die klank is te hard…dan weet ek nie, is dit al die klank, is dit net sekere klanke of is dit omdat dit oor 'n luidspreker is…ek bedoel, met die konsert hier was hy fine gewees, dit het hom glad nie gepla nie…so dis miskien ook net goed waaraan hy gewoond moet raak, so daar's baie situasies waar jy partykeer nie honderd persent seker is, is dit nou omdat hy gehoorapparate het, of is dit nou sy persoonlikheid, jy weet…(**N**: Ja)…of hou hy net nie daarvan nie…

**N**: Maar ek het ook nogals agtergekom mens vergeet dat daai gehoorapparate alle klanke harder maak…jy dink so half as jy in die klasopset ook is, hy hoor mos nou jou stem beter, maar hy hoor die geskuif van die stoel ook harder en… (**M**: Ja)… ek kan dink dat 'n fliek oorweldigend moet wees…

**M**: En, maar ek dink, jou brein leer mos maar seker later net soos wat ons brein gekondisioneer is om nodige klanke uit te sny, so hy ook, omdat hy van so klein tyd af gehoorapparaatjies gedra het…so…

**N**: I think that is it…baie dankie…

# BYLAAG I

## Voorbeeld van opgestelde ekokaart

